

DIE KLAARBLYKLIKE ONVERSOENLIKHEID TUSSEN DIE GEREFORMEERDE PASTORAAT EN DIE MODERNE SEKULERE PSIGOLOGIE : 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE STUDIE

Alwyn Petrus Bezuidenhout
Hons. B.A. (Theologia)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Magister Artium in die vakgroep Praktiese Teologie (Pastoraal) aan die Noordwes-
Universiteit, Potchefstroomkampus.

Studieleier : Prof.dr. G.A. Lotter

Potchefstroom

November 2005

Voorwoord.

“So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; **en julle sal rus vind vir julle siel.** Maar hulle het gesê: Ons wil nie daarin wandel nie.

Jeremia 6:16

Hoe waar is hierdie woorde nie. Gedurende hierdie studie het dit vir my so duidelik geword dat die HERE hierdie belofte steeds gestand doen. Ek het dit in my eie lewe daaglik ervaar. Maar tog is daar mense wat ondanks hierdie belofte steeds op ander plekke rus soek vir hul siel. Goddank JAHWE laat nie sy kinders aan hulself oor nie!

My studieleier, Prof.dr. George Lotter, vir sy leiding, insig en waardevolle kritiek. Sy bekwame, skerpsinnige maar ook simpatieke leiding was motiverend en vormend. Dit was ‘n voorreg om onder u te kon studeer.

My vrou Cora ‘n ware hulp wat by my pas. Self kan ek jou nie beter beskryf as die Bybel nie: “... die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van ‘n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.” (1 Petrus 3:4b). Ek dank die HERE dat hy nie net vir my ‘n vrou gegee het nie, maar ‘n vrou wat selfs in haar professionele hoedanigheid toegerus is om my te kon help. Voorwaar bonus genade op genade! Baie dankie.

Ami Du Toit en Malie Smit. Baie dankie vir jul flink professionele hulp. Selfs al was dit nie altyd volgens jul posbeskrywings nie! Baie dankie.

Oom Gert Kruger, vir die taalkundige versorging en advies tydens die skryf van hierdie studie, ‘n spesiale word van dank.

Soli deo Gloria!

Opsomming

Die psigologie het stelselmatig die terrein van die Bybelse berading betree en selfs oorgeneem. Talle studies is reeds onderneem ten opsigte van die teologie en die psigologie. Die probleem is telkens watter teologie met watter psigologiese paradigma vergelyk word. Hierdie studie het die gereformeerde pastoraat met die vier skole van die psigologie vergelyk.

Die gereformeerde pastor vind sy begroning in die vyf solas van die reformasie soos dit verwoord is in die formuliere van eenheid.

Vier paradigmas word erken in die psigologie. Elk het sy eie leierfiguur. Die leer en lewe van hierdie leierfigure is ondersoek. Die bevinding was dat hierdie mense, sonder uitsondering, bogemiddelde blootstelling aan die Skrif gehad het en tog die evangelie verwerp het ten koste van 'n geloof in die vermoë van die mens om self sy heil uit te werk.

Die gevolgtrekking is dat geen een van hierdie paradigmas versoenbaar is met die gereformeerde pastoraat nie.

Sleutelwoorde:

Gereformeerde pastoraat

Moderne sekulêre psigologie

Praktiese teologie.

Abstract

Psychology has systematically entered and even taken possession of the field (sphere) of Biblical counselling. A number of studies have already been assumed regarding theology and psychology. The underlying problem remains: which theology is compared with which psychological paradigm.

The reformed pastor finds his grounding in the five solae of the reformation as it is named in the formulae of unity.

Four paradigms are recognized in psychology. Each has its own key figure. The doctrine and life of these key figures have been examined. The finding was that these people, inclusively, had above average exposure to Scripture and has yet denied it at the cost of a faith in the capability of the individual to work his own salvation.

The result is that none of these paradigms is reconcilable with the reformed pastorate.

Key words:

Reformed pastorate

Modern secular psychology

Practical theology

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1

Algemene inleiding en oriëntering

1.	Inleiding.....	2
1.1	Titel van studie.....	2
1.2	Definisie van die terme in die titel.....	2
1.2.3	Gereformeerde pastoraat.....	2
1.2.4	Moderne sekulêre psigologie.....	4
1.2.5	Praktiese teologie.....	5
1.3	Probleemstelling.....	5
1.4	Navorsingsvraag.....	6
1.5	Doelstellings en doelwitte.....	7
1.6	Sentrale teoretiese argument.....	7
1.7	Metode.....	7
1.8	Tegniese aspekte.....	8
1.9	Hoofstukindeling.....	8
1.10	Skematiese voorstelling vir korrelering.....	9

Hoofstuk 2

Die Gereformeerde pastoraat

2.1	Inleiding.....	10
2.1.1	Kerkhervorming in die 16de eeu.....	10
2.1.2	Ooreenkomste met ander Christelike teologieë	13
2.1.3	Onderskeiding.....	14
2.1.4	Hoofkenmerke.....	14
2.1.5	Die gereformeerde teoloog.....	15
2.1.6	Die gereformeerde wetenskaplike	16
2.2	Reformatoriese belydenisskrifte.....	16
2.2.1	Onstaan.....	16
2.2.1.1	Gereformeerde teologie en die belydenisskrifte.....	17

2.2.1.2	Doel.....	17
2.2.1.3	Die drie formuliere van Eenheid.....	18
2.2.1.4	Relevansie.....	19
2.2.1.5	Samevatting.....	19
2.2.2	Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB).....	20
2.2.2.1	Inleiding.....	20
2.2.2.2	Ontstaan.....	20
2.2.2.3	Doel.....	21
2.2.2.4	Indeling van die NGB.....	21
2.2.2.5	Samevatting.....	23
2.2.3	Die Heidelbergse Kategismus (HK).....	24
2.2.3.1	Onstaan.....	24
2.2.3.2	Doel.....	24
2.2.3.3	Indeling van die HK	25
2.2.3.4	Samevatting	26
2.2.4	Die Dordtse Leerreëls (DL).....	26
2.2.4.1.1	Ontstaan.....	26
2.2.4.2	Die vyf punte van die Arminianisme teenoor die vyf punte van die Calvinisme.....	27
2.2.4.3	Samevatting.....	29
2.3	Die gereformeerde pastoraat.....	30
2.3.1	Inleiding.....	31
2.3.2	Begrip pastoraat.....	31
2.3.2.1	Subjek van die pastoraat.....	33
2.3.2.2	Mense as instrumente van God se Herderskap.....	34
2.3.2.3	Pastor	34
2.3.2.4	Pastorale taak as ampsdraers.....	34
2.3.2.5	Verwerping van humanistiese pastoraat.....	35
2.3.3.	Opsomming.....	35
2.3.4.	Voorlopige gevolgtrekkings.....	35

Hoofstuk 3

Moderne sekulêre psigologie

3.1	Inleiding en doel van hoofstuk.....	36
3.1.1	Historiese oorsig.....	36
3.1.1.1	Augustinus.....	37
3.1.1.2	Ontstaan van die moderne sekulêre psigologie.....	37
3.1.1.3	Psigologie as selfstandige wetenskap.....	38
3.1.1.4	Wilhelm Wundt	39
3.1.1.5	Psigologie as geesteswetenskap.....	39
3.1.2	Psigologie in die twintigste eeu : verskillende denkskole.....	40
3.1.2.1	Die eerste mag : Natuurwetenskap (Behaviorisme).....	42
3.1.2.2	Die tweede mag : Psigoanalisme.....	43
3.1.2.3	Die derde mag : Eksistensialisme, fenomenologiese en humanistiese sielkunde.....	43
3.1.2.4	Die vierde mag : Transpersoonlike sielkunde.....	44
3.1.2.5	Denkskole en tydsgees.....	44
3.2	Behaviorisme	45
3.2.1	Pavlov en die wetenskap.....	46
3.2.1.1	Klassieke kondisionering.....	47
3.2.1.2	Pavlov en die psigologie.....	48
3.2.2	John Broadus Watson.....	48
3.2.2.1	Watson, psigologie en die Bybel.....	50
3.2.2.2	Mensbeskouing.....	51
3.2.2.3	Watson se teorie en Openbaring.....	52
3.2.2.4	Behavioristiese terapie.....	52
3.3	Psigoanalise.....	52
3.3.1	Inleiding.....	52
3.3.2	Sigmund Freud.....	53
3.3.2.1	Kort biografiese beskrywing.....	53
3.3.2.2	Freud as kind.....	54
3.3.2.3	Freud as student.....	55

3.3.2.4	Freud en kokaïen.....	56
3.3.2.5	Freud se messiaanse obsessie.....	58
3.3.3	Freud en die begin van Psigoanalise.....	59
3.3.3.1	Die stadia van die lewensloop.....	60
3.3.3.2	Id, ego en superego.....	61
3.3.3.3	Drie vlakke van bewussyn.....	62
3.3.3.4	Oedipus-kompleks.....	63
3.3.4	Freud en godsdiens.....	64
3.3.4.1	Moses en monoteïsme.....	67
3.3.4.2	Freud en erfsonde.....	69
3.3.5	Mensbeskouing.....	70
3.3.6	Basis vir die ontwikkeling van teorie.....	70
3.4	Humanistiese psigologie	71
3.4.1	Inleiding.....	71
3.4.2	Geskiedenis.....	71
3.4.3	Carl Ransom Rogers.....	72
3.4.3.1	Kinderjare.....	72
3.4.3.2	Carl Rogers se verhouding met sy ouers.....	72
3.4.3.3	Studentejare.....	73
3.4.3.3.1	Voor Sjina.....	73
3.4.3.3.2	Reis na Sjina.....	75
3.4.3.3.3	Huwelik.....	76
3.4.3.3.4	Studiejare – Union Theological Seminary.....	76
3.4.3.3.5	Studiejare – Teacher's College.....	78
3.4.3.4	Beroepsjare.....	79
3.4.3.4.1	Rochester jare.....	79
3.4.3.4.2	Ohio Staatsuniversiteit.....	80
3.4.3.4.3	Chicago Universiteit.....	81
3.4.3.4.4	Wisconsin.....	81

3.4.3.4.5	Kalifornië.....	82
3.4.3.5	Die globale gemeenskap.....	82
3.4.3.6	Geestelike dimensie.....	84
3.4.3.7	Kliëntgesentreerde teorie.....	85
3.5	Transpersoonlike sielkunde.....	86
3.5.1	Carl Gustav Jung.....	86
3.5.1.1	Jung se moeder.....	86
3.5.1.2	Jung en sy vader.....	87
3.5.1.3	Skooljare.....	87
3.5.1.4	Universiteitsjare.....	90
3.5.1.5	Beroepsjare.....	91
3.5.1.6	Jung se reis na binne.....	92
3.5.1.6.1	Siegfried.....	93
3.5.1.6.2	Elia en Salome.....	95
3.5.1.6.3	Philemon.....	95
3.5.1.6.4	Ka.....	96
3.5.1.6.5	Aurea Catena.....	97
3.5.1.6.6	Septem Sermones ad Mortuos.....	97
3.5.1.6.7	Intwaso : Sjamaanse inisiasiesiekte.....	99
3.5.1.7	Ontrekking van die universiteit.....	100
3.5.1.8	Mandalas.....	100
3.5.1.9	Die einde.....	101
3.5.1.10	Transpersoonlike benadering.....	101
3.5.1.10.1	Transendente funksie.....	102
3.5.1.10.2	Individuallasie.....	102
3.5.1.10.3	Argetipe.....	103
3.5.1.10.3.1	Twee argetipes : <i>Animus</i> en <i>anima</i>	103
3.5.1.10.4	Kollektiewe onderbewuste.....	104
3.5.1.10.5	Self argetipe.....	104
3.5.1.10.6	Optimale ontwikkeling.....	106

3.5.1.10.7	Jung en godsdienst.....	106
3.5.1.10.8	Spirituele inkleding.....	108
3.6.	Opsomming.....	109
3.7.	Voorlopige gevolgtrekkings.....	111

Hoofstuk 4

Vergelyking : Gereformeerde pastoraat en moderne sekulêre psigologie

4.1	Inleiding.....	112
4.1.1	Augustinus.....	113
4.2	Die Gereformeerde pastoraat.....	113
4.2.1	Godsbeskouing.....	113
4.2.2	Mensbeskouing.....	113
4.2.3	Metode.....	114
4.2.4	Doel.....	114
4.3	Behaviorisme.....	114
4.3.1	Godsbeskouing.....	114
4.3.2	Mensbeskouing.....	115
4.3.3	Metode.....	115
4.3.4	Doel.....	115
4.4	Psigoanalise – Sigmund Freud.....	115
4.4.1	Godsbeskouing.....	115
4.4.2	Mensbeskouing.....	116
4.4.3	Metode.....	116
4.4.4	Doel.....	116
4.5	Humanistiese psigologie – Carl Rogers.....	116
4.5.1	Godsbeskouing.....	116
4.5.2	Mensbeskouing.....	117
4.5.3	Metode.....	117
4.5.4	Doel.....	117
4.6	Transpersoonlike psigologie – Carl Jung.....	117
4.6.1	Godsbeskouing.....	117

4.6.2	Mensbeskouing.....	117
4.6.3	Metode.....	114
4.6.4	Doel.....	115
4.7	Tabel : Vergelyking tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie.....	118

Hoofstuk 5

Praktykteoretiese riglyne vir 'n gereformeerde pastorale model

5.1	Inleiding.....	119
5.2	Heidelbergse Kategismus.....	120
5.2.1.1	Sondag 1, Vraag 1.....	120
5.2.2	Deel 2 : Verlossing.....	120
5.2.2.1	Sondag 20 : Heilige Leer.....	121
5.2.2.2	Sondag 25 : Sakramente.....	121
5.2.3	Deel 3 : Dankbaarheid.....	121
5.2.3.1	Sondag 32.....	121
5.2.3.2	Gebed.....	121
5.2.4	Slotopmerking.....	121

Hoofstuk 6

Gevolgtrekkings en aanbevelings

6.1	Inleiding.....	122
6.2	Samevatting.....	122
6.3	Gevolgtrekking.....	124
6.4	Voorgestelde terreine vir verdere navorsing.....	125

Bibliografie.....	126
--------------------------	------------

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN ORIËNTERING

1. Inleiding

1.1 Voorgestelde titel van studie

Die klaarblyklike onversoenlikheid tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie: 'n Prakties-teologiese studie.

1.2 Definisie van die terme in die titel

1.2.1 **klaarblyklik**: Die HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal 2000:551) beskryf hierdie bynaamwoord as: "...soos duidelik blyk; onmiskenbaar, ongetwyfeld, oteenseglik; vanselfsprekend".

1.2.2 **onversoenlikheid**: Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1972:1167) beteken die woord versoen : "...wat die vrede herstel; wat die sonde uitwis". Onversoenlikheid sal dus onder andere beteken : wat nie die vrede herstel, wat nie die sonde uitwis nie. Onversoenlikheid na aanleiding van die HAT (2000:789) beteken: onversoenlike standpunte, ideologieë.

1.2.3 Gereformeerde pastoraat

1.2.3.1 **gereformeerde** is in die HAT (2000:277): "...hervorm volgens die beginsels van die kerkhervorming van die 16 de eeu; protestants volgens die Calvinistiese beginsels."

Schaeffer (1995:82) stel die doel van die reformasie/hervorming soos volg: "...at its core, therefore, the reformation was the removing of the humanistic distortions which had entered the church".

1.2.3.2 **pastoraat:** soos reeds aangedui, het die gereformeerde denkrigting ontwikkel op Calvinistiese beginsels. 'n Opsomming van die pastoraat volgens Calvyn vind ons by Kruger (1993:260). Hy stel dit dat Calvyn nie 'n definitiewe en uitgewerkte pastorale model of metode gehad het nie. Dit wil voorkom asof dit voortgevloei het uit sy diepgaande Skrifkennis. Hy lig dan sekere aspekte uit van die pastoraat wat by Calvyn waarneembaar is:

- Die volstrekte soewereiniteit van God
- Die volstrekte onmag van die mens en gevolglike afhanklikheid van God
- Die kruis as opvoeding tot selfverloëning
- Die gehoorsaamheid aan die wet en die verantwoordelikheid van die mens
- Die einddoel van die pastoraat : die eer van God

Minnie (2001:1) beskryf pastorale beraad as 'n internasionale term vir die bediening van die versoening soos verwoord in 2 Kor.5 :19-20.

1.2.3.3 **gereformeerde pastoraat** kan dus omskryf word as: die bediening van die versoening volgens 2 Kor. 5:19-20. Die bediening van die versoening tussen die soewereine God met die totaal onmagtige mens in gehoorsaamheid aan die wet van God.

1.2.4 Moderne sekulêre psigologie

- 1.2.4.1 Die HAT (2000:711) verklaar **modern** as onder andere "... wat kritiese vryheid bv. in geloofsake voorstaan."
- 1.2.4.2 **sekulêr**: Volgens die HAT (2000:964): "wêreldlik teenoor geestelik; kerklik. Die moderne mens wend hom van die kerk en word steeds meer sekulêr."
- 1.2.4.3 **psigologie**: Die HAT (2000:880) beskryf psigologie as "...wetenskap wat hom besig hou met 'n studie van die bewussyn; kennis van die mens se siel, gees, innerlike; sielkunde"

Volgens Coon (1989:8) het die moderne psigologie sy ontstaan 100 jaar gelede. Maslow (1973:3) skryf: "... Psychology today is torn and riven, and may in fact be said to be three (or more) separate, non communicating sciences or group of scientists" Hierdie groepe of denkrigtings is volgens Meyer (1988:29): Behaviorisme, Humanisme / Eksistensialisme en Psigoanalise.

Meyer (1988:29) noem verder dat: "... 'n onlangse ontwikkeling in sielkundige denke is die betrekking van die mens in verhouding tot 'n transendente omgewing – 'n gebied wat tradisioneel vir die teologie en die filosofie gereserveer was."

Die mens is voorheen deur die sielkunde bestudeer as individu, die mens in verhouding met die medemens en die mens in die verhouding met die fisiese omgewing (Meyer, 1988:30-31).

Meyer (1988:32) gaan voort: "...Hoewel die Humanistiese teorieë ruimte laat vir die betrekking van 'n transendente verhouding, is dit net Viktor Frankl, en vroeër William James, Carl Jung en Gordon Allport se teorieë wat godsdiens as 'n integrale deel van die totale psigiese funksionering van die mens betrek" en sluit dan af: "...dit blyk dat hoewel die ontwikkeling in die sielkundige denke van die twintigste eeu belangrike klemverskuiwings in die onderskeie teoretiese denkrigtings na vore gebring het, dit egter nog nie die histories-gefundeerde 'gesplete karakter' van die sielkunde opgehef het nie".

Preller (1971:159) verwys ook na hierdie wye verskeidenheid denkrigtings of “skole”. Hy meld ook: “Gepaard hiermee bestaan daar geen duidelikheid betreffende die wetenskaplikheid van die psigologie nie.”

Doel van psigologie: Volgens Coon (1989:7) : “Psychology’s ultimate goal is to gather knowledge for the benefit of humanity.”

1.2.5 Praktiese teologie

Praktiese teologie se studieveld kan omskryf word as die bestudering van die kommunikatiewe handeling in die Skrifopenbaring van God en van die normatiewe en konkrete bediening van die handeling in die kerk (Venter, 1996:13).

1.3 Probleemstelling

Gary R. Collins (2001:102-129), voormalige uitvoerende direkteur van die Amerikaanse vereniging van Christelike Beraders, skryf in ‘n artikel wat gepubliseer is in *Psychology & Christianity*, dat talle studies al gedoen is ten opsigte van psigologie en teologie. Hy noem tereg dat dit ‘n komplekse probleem is, aangesien daar soveel verskillende skole van psigologie bestaan. Die probleem is dat daar ook nog so ‘n verskeidenheid teologiese denkrigtings is.

Lotter (2001:317) toon aan dat die modêrne sekulêre psigologie geleidelik die terrein van die Bybelse berading betree het, wat sedert die tye van die Nuwe Testament bedryf is. Die moderne sekulêre psigologie het mettertyd die “front seat” ingeneem en die Bybelse berading gereguleer na die “back seat”. Die psigologie het dus die domein van die teologie oorgeneem.

Collins in sy boek *Christian counseling: a comprehensive guide* (1998:22) noem dat selfs diegene wat die Psigologie verwerp, tog in hul geskifte psigologiese terme gebruik en psigologiese tegnieke gebruik in hul berading. Hy skryf verder dat Christenberaders hul integriteit kompromitteer as hulle die

psigologie verwerp, maar tog psigologiese konsepte insmokkel in hul berading – soms naïwelik en sonder om dit bewustelik te doen.

Gereformeerde vs sekulêr:

Soos by punt 1.2.aangevoer is, het die psigologie en die pastoraat oënskynlik dieselfde doelwit, naamlik die heil van die mens (net soos die Humanisme en die Reformatore; vergelyk punt 1.2.3.1), tog verskil hierdie twee sisteme radikaal in hoe die probleem opgelos moet word. Lotter (2001:319) stel dit duidelik dat die moderne sekulêre psigologie in totaliteit gebaseer is op menslike wysheid, sonder enige erkenning van die handeling van God en die beginsels van die reformasie.

1.4 Navorsingsvraag

Die oorkoepelende navorsingsvraag is : Watter klaarblyklike onversoenlikheid is daar tussen die Gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie?

Verskillende vrae voortvloeiend uit die navorsingsvraag:

- Wat behels die gereformeerde pastoraat?
- Wat leer moderne sekulêre psigologie volgens erkende sleutelfigure in elk van die verskillende denkrigtings?
- Hoe vergelyk die gereformeerde pastoraat met die moderne sekulêre psigologie?
- Wat behoort die riglyne te wees vir 'n gereformeerde pastorale benadering?

1.5 Doelstellings en doelwitte

Die doelstelling van hierdie studie is om die gereformeerde pastoraat te vergelyk met die moderne sekulêre psigologie en gereformeerde-gebaseerde riglyne vir die pastoraat daar te stel.

Die doelwitte van hierdie studie is om:

- Onderzoek in te stel wat die gereformeerde pastoraat behels
- Onderzoek in te stel na die vertrekpunte wat agter die verskillende denkrigtings in die moderne sekulêre psigologie is
- Onderzoek in te stel na die vergelyking tussen die moderne sekulêre psigologie en die gereformeerde pastoraat.
- Om gereformeerde-gebaseerde riglyne vir die pastoraat daar te stel

1.6 Sentrale teoretiese argument

Die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie is klaarblyklik onversoenlik en daarom moet gereformeerde-gebaseerde riglyne vir die pastoraat daargestel word.

1.7 Metode

- Basisteorieë uit die Skrif, gereformeerde belydenisskrifte en ander gereformeerde geskrifte sal deur die literatuuronderzoek nagegaan word om te bepaal wat die gereformeerde pastoraat behels.
- Deur uit geskrifte van sleutelfigure van sekere geïdentifiseerde denkrigtings (Behaviorisme / Humanisme / Psigoanalisme/Transpersoonlike) in die moderne sekulêre psigologie 'n literatuur ondersoek te doen.

Volgens Preller (1971:13) kan die wordingsweg van die psigologie op drie maniere geskied: "1) Volgens die chronologiese metode wanneer die geskiedenis volgens tematiese eenhede in periodes verdeel word sonder om enige ontleding van gebeurtenisse en bevindinge uit te voer; 2) Die biografiese daarstelling wat toegespits is op persone: dit handel oor die lewe en leerstelling van die groot denkers; 3) Die probleem-geskiedkundige

metode, ook genoem die doksografiese. Hier kom die ontwikkeling van fundamentele vrae en hul oplossings aan die beurt.

Dit sny oor die chronologiese verloop en deur die gedagtes van die groot denkers heen.”

Vir die doel van hierdie verhandeling sal die biografiese metode breedweg gevolg word. Daar sal egter ook analitiese uitsprake oor omskrewe insidente en leerstellinge gemaak word.

- Deur aan die hand van vasgestelde norme 'n vergelyking te tref tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie ten einde die versoenbaarheid te ondersoek
- Om uit die basisteorie in hermeneutiese wisselwerking met die metateoretiese perspektiewe, praktyk teoretiese riglyne vir die gereformeerde-gebaseerde pastoraat te vorm. Tersaaklike literatuur sal bestudeer word volgens die metode van analyse, evaluasie en interpretasie.

1.8 Tegniese aspekte

Aanhalings uit en verwysings na die Bybel is uit die 1953-vertaling (O.A.V) gedoen behalwe waar anders vermeld.

1.9 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Gereformeerde pastoraat

Hoofstuk 3: Moderne Sekulêre Psigologie

Hoofstuk 4: Vergelyking: Gereformeerde Pastoraat teenoor Moderne sekulêre psigologie

Hoofstuk 5: Praktykteoretiese riglyne vir die gereformeerde pastoraat

Hoofstuk 6 Gevolgtrekking en aanbevelings

Skematiese voorstelling vir korrelering

<u>Probleemstelling</u>	<u>Doelwit</u>	<u>Metode</u>
1. Wat behels gereformeerde pastoraat?	1. Onderzoek in te stel na wat gereformeerde pastoraat behels	1. Basisteorieë uit die Skrif, gereformeerde belydenisskrifte en ander gereformeerde geskrifte sal deur literatuurondersoek nagegaan word om te bepaal wat die gereformeerde pastoraat behels. Bestudeer tersaaklike literatuur volgens die metode van analise, evaluasie en interpretasie
2. Wat is die vertrekpunte van die verskillende denkrigtings in die moderne sekulêre psigologie?	2. Onderzoek in te stel na wat die vertrekpunte agter die verskillende denkrigtings in die moderne sekulêre psigologie is.	2. Deur 'n literatuurondersoek uit geskrifte van sleutelfigure van sekere geïdentifiseerde denkrigtings (Behaviorisme / Humanisme / Psigoanalisme Transpersoonlike) in die moderne sekulêre psigologie te doen.
3. Hoe vergelyk die gereformeerde pastoraat met die moderne sekulêre psigologie?	3. Vergelyking tussen die gereformeerde pastoraat met die moderne sekulêre psigologie	3. Deur aan die hand van vasgestelde norme 'n vergelyking te tref tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie ten einde die versoenbaarheid te ondersoek
4. Wat behoort die riglyne te wees vir die gereformeerde- gebaseerde pastoraat?	4. Riglyne stel vir die gereformeerde- gebaseerde pastoraat	4. Om uit die basisteorie in hermeneutiese wisselwerking met die metateoretiese perspektiewe, praktyk-teoretiese riglyne vir die gereformeerde-gebaseerde pastoraat te vorm

HOOFSTUK 2

GEREFORMEERDE PASTORAAT

2.1 Inleiding

Ten einde te bepaal wat gereformeerde pastoraat behels, is dit nodig dat eers bepaal word wat gereformeerde is. Soos aangetoon onder punt 1.2.3.1. beteken gereformeerde : “..hervorm volgens die beginsels van die kerkhervorming van die 16de eeu; protestants volgens die Calvinistiese beginsels.” (HAT,2000:277.)

Die doel van hierdie hoofstuk is om die ontstaan en ontwikkeling van die reformasie van die 16de eeu te ondersoek; die onderskeid te tref tussen die gereformeerde teologie en ander teologieë; die hoofkenmerke van die gereformeerde teologie te bepaal; die eise aan die gereformeerde teoloog en gereformeerde wetenskaplike te identifiseer en om die ontstaan, inhoud en doel van die drie formuliere van eenheid te ondersoek. Die tweede deel van die hoofstuk sal inleidende riglyne vir die gereformeerde pastoraat daarstel. Die leer en lewe van 'n sleutelfiguur in die gereformeerde pastoraat sal ondersoek word.

2.1.1 Kerkhervorming in die 16de eeu

Volgens d'Assonville (1992:9) is daar met die reformasie teruggegryp na die Bybel. Dit was 'n teruggryping na die Nuwe Testamentiese kerk wat tot stand gekom het deur die prediking van die apostels. Die beginsel wat die reformasie beheers het was: God is soewerein en daarom is Hy alleen beskikker van die geskiedenis. D'Assonville (1992:96) toon verder aan dat die grondslag van die reformasie saamgevat kan word in die Latynse woorde wat die reformatore gebesig het: “*Sola Scriptura* – Die Skrif alleen; *Sola Gratia* – Genade alleen; *Sola Fide* – Geloof alleen; en *Sola Christo* – Christus alleen”.

Van Der Walt (1984:i) beskryf die solas soos volg;

“Die hervorming moes weer orde skep, moes siftend-krities die korrels van die kaf skei, moes die kanale na die primêre bron weer oopmaak.

Terug na die Bybel ... en veral, na die God van die Bybel.

-op grond van die Bybel en ten diepste net die Bybel: *Sola Sacra*

Scriptura

-as mense wat uit genade leef en genade alleen: *Sola Gratia*

-getrou aan die geloofsband wat bo alle ander bande uitgaan: *Sola Fide*

-en bowenal so dat die eer van God onvoorwaardelik – en vreugdevol –

daardeur gedien word: *Soli deo Gloria*.

Uit bogenoemde kan daar dus van vyf solas gepraat word: *Sola Scriptura*, *Sola Gratia*, *Sola Fide*, *Sola Christo* en *Soli Deo Gloria*!

Schaeffer (1995:81) toon aan dat dat die Reformasie en die Renaissance oorvleuel het. Beide het geworstel met dieselfde vrae, maar het heeltemal teenstrydige oplossings gevind. Volgens Thomas Aquinas het die menslike wil geval toe die mens in opstand gekom het teen God. Die mens se verstand het egter ongeskonde gebly. Dit het daartoe gelei dat die mens tot die geloof gekom het en dat hy antwoorde op lewensvrae kan vind deur middel van sy rede.

Van Der Waal (1973:15) beskryf die opkoms van die humanisme tydens die reformasie soos volg:

“Tegelyk met die hervorming het daar ook ‘n magtige geestestroming op die toneel verskyn: die Humanisme. Hierdie leer skuif die mens (Latyn:*homo*) na vore. Ons dink aan ‘n Italiaanse kunstenaar soos Michaelangelo met sy kragfigure, maar ook aan ‘n geleerde soos Erasmus, oorspronklik ‘n

Nederlander wat in Basel gewerk het. Die Humanisme het teruggegryp na die klassieke en was daar ook baie verstandelike besware teen verskillende denkwyses en gebruike van die Roomse kerk, sodat dit eers gelyk het of die Humanisme en Reformasie dieselfde beoog het. Luther het egter met Erasmus gebreek, omdat laasgenoemde die verstand en die wil van die mens voorop gestel het. Erasmus en ander Humaniste het as verontrustes in die Roomse kerk gebly.”

Heyns (1969:48) beskryf ook die Humanistiese denkwysie van Erasmus. Volgens hom het Erasmus verklaar dat “... alleen hy wat hom tot Griekeland en Rome wend, kan die mens, die wêreld, die gemeenskap, ja, die kuns om te lewe, leer begryp. Daar vind die Filosofiese Christen reinheid van gees, suiwerheid van siel, skoonheid van vorm.”

Vir Erasmus was die Bybel die grondslag en norm vir die Christelike lewe, uitgangspunt en rigsgnoer vir alle ware Teologie – maar dan die Bybel soos hy dit met sy rede en sy behoefte verstaan het, want die ortodokse opvatting van die Skrifinspirasie het hy nie aanvaar nie. Steeds was sy advies, terug na die Bybel, maar dan op dieselfde wyse waarop hy saam met ander Humaniste ook teruggegryp het na die oudheid as die egte bronne van die lewe. Hy was van mening dat die ware geloof nie vra na dogmas nie, nie wil deurdring na geheimenisse van die maagdelike geboorte, uitverkiesing of die Goddelike drie-eenheid nie, maar vra na die wyse waarop ware harmonie in die persoonlike en die sosiale, in die kerklike en die politieke lewe verwerklik kan word. Dit vra na die ware menswees van die mens.

Labuschagne (1991:400) toon aan dat die humanistiese mensbeeld te make het met:

“... die mens wat geheel vanuit homself tot verstaan van homself wil kom. Hierdie mensbeeld staan daarom los en onafhanklik van die Bybel se openbaring van God en die mens.”

Hierteenoor was die gesag van die Bybel vir die Reformatore nie verdeel tussen die Bybel en die kerk nie. Die kerk was onder die gesag van die Bybel soos dit was in die kerk wat Christus gevestig het. Schaeffer (1995:82) stel dit soos volg: *“At its core, therefore, the Reformation was the removing of the Humanistic distortions which had entered the Church.”*

Labuschagne (1991:401) haal I.H. Van Riessen aan ten opsigte van die mensbeeld van die Renaissance soos volg:

“... die (mensbeeld-A.P.B) van die mens as soewereine, in vryheid skeppende en roemsugtige individu. Met hierdie idée is die ootmoed van die lewe uit die genade van Christus nie te rym nie.”

Hierteenoor het die Reformasie (Labuschagne, 1991:403):

“ ... die mens nederig voor sy Skepper gehou – ’n sondaarmens op soek na ’n genadige God , en hierdie ware enigste God bereik hom as mens alleen in Jesus Christus.”

Gelowiges in die gereformeerde tradisie heg groot waarde aan die bydraes van mense soos Martin Luther, John Knox en in die besonder Johannes Calvyn. Die gereformeerde wortels kan in die geskiedenis verder terug gevind word in die leerstellings van mense soos die groot kerkvaders Anselm en Augustinus. Dit kan uiteindelik teruggevind word in die briewe van die apostel Paulus en die leer van ons Here Jesus Christus.

2.1.2 Ooreenkomste met ander Christelike teologieë

Roomse, Lutherse, Anabaptistiese, Metodistiese en Pentakostalistiese teologieë is almal in die ruim sin van die woord Christelik. Saam met hierdie teologieë bely die gereformeerde gelowige ook: die Goddelike Drie eenheid: Vader, Seun en Heilige Gees, die Goddelikheid en ware mensheid van Jesus Christus, die noodsaaklikheid van die versoening met God deur die boetedoening van Jesus Christus aan die kruis vir die mens se sondes, die kerk as ’n instelling daargestel deur God self, die inspirasie van die Bybel, die vereiste hoë morele leefwyse van die gelowige, die

opstanding van die liggaam. Dit leer ook die regverdigmaking deur die geloof alleen en die vereiste van die wedergeboorte en die sigbare wederkoms van Jesus Christus. Hulle maak ook erns met die groot opdrag om die blye evangelie wêreldwyd te verkondig aan alle volke, tale en nasies (Meeter, 1957:9).

2.1.3 Onderskeiding

Daar is egter ook duidelike verskille van hierdie teologieë. Die gereformeerde gelowige kan nie met alles saamgaan wat deur hierdie ander teologieë geleer word nie.. Hy is immers in liggaam en siel, in sy totale menswees gereformeerde. De Bruyn (1998:6), stel dit soos volg: "... teenoor die argument dat 'n mens eers Christen is en pas daarna gereformeerde, haal hy vir Hepp aan: "Het komt er ongeveer mee overeen, als wanneer iemand sou betogen: ik ben in de eerste plaats mensch en daarna man of vrouw. Als mensch zonder meer kan hij zich niet vertoonen. Hij is mensch en man tegelijk... De asexueele mensch bestaat niet... En zoomin de man zijn man-zijn, evenmin kan ook de Gereformeerde theologie ter wille van de apologetiek haar Gereformeerde karakter vir een oogenblik aflegging." Daarom is dit ook belangrik om te fokus op dit wat die gereformeerde teologie duidelik onderskeibaar maak van ander teologieë.

Meeter (1957:10) beskryf hierdie onderskeid soos volg:

"Zoals de Methodist op de voorgrond stelt de gedachte aangaande het redden van zondaren, de Baptist het geheimenis der wedergeboorte, de Lutheraan de rechtvaardigmaking door het geloof, de Moravische Broeder de wonden van Christus, de Grieks-Katolie het mysticisme van de Heilige Geest en de Roomse de catholiciteit der kerk, zo plaast de Calvinist altijd op de voorgrond de gedachte omtrent God."

De Bruyn (1998:10) stel : "...daar in die Gereformeerde belydenis sekere grondwaarhede is waarvan daar nie straffeloos afgewyk kan word nie soos die Skrifbeskouing, die Godsbeskouing, die leer aangaande Christus, die uitverkiesing, die verbond ensovoorts. Talle dwalings, veral by sektes, is tot 'n afwyking van een van hierdie herleibaar."

2.1.4 Hoofkenmerke

Van Wyk (1995:241-268) identifiseer sewe onderskeidelike kenmerke van die gereformeerde teologie, nl.:

- 2.1.4.1 Gereformeerde Teologie is Teosentriese Teologie
- 2.1.4.2. Gereformeerde Teologie is Skriftuurlike Teologie
- 2.1.4.3 Gereformeerde Teologie is Kerklike Teologie
- 2.1.4.4 Gereformeerde Teologie is Konfessionele Teologie
- 2.1.4.5 Gereformeerde Teologie is Ekumeniese Teologie
- 2.1.4.6 Gereformeerde Teologie is Koningkryksteologie
- 2.1.4.7 Gereformeerde Teologie is kontekstuele Teologie
- 2.1.4.8 'n Agtste kenmerk, na aanleiding van Van Genderen (1994:255), is die feit dat gereformeerde teologie nou verbind is aan die persoonlike geloof van die teoloog. Die teoloog se innerlike oortuiging speel 'n groot rol, want Godsvrug moet wetenskap voorafgaan sodat die twee kan saamgaan. Van Der Walt (1957:7) haal die bekende gereformeerde teoloog Bavinck soos volg aan: "Herman Bavinck het al dit laat hoor teenoor wetenskaplikes en gesê dat wetenskaplikes hom die moeite sal spaar om hul wetenskaplike werke deur te lees as hulle op die eerste bladsy wil meedeel wat hul opvatting oor God is. Tot so 'n mate beheers ons belydenis oor God ons ganse lewe en ons lewensverhoudinge. Die heiden moet anders leef en dink en handel as die Christen. Hy het geen God nie of hy het 'n afgod."

2.1.5 Die Gereformeerde Teoloog

Die eerste eis vir 'n gereformeerde teoloog is dat hy 'n van-God-geleerde teoloog moet wees. 'n Teoloog wat self nie glo nie is 'n lewende teenstrydigheid. In die taal van 2 Timotheus 3:5 is dit iemand wat nog die uiterlike skyn van die Godsdienst het, maar die krag van die Godsdienst nie ken nie. Blote verbruikersgerigte teologie is etiese denke sonder die grondslag vir sulke denke, sonder die geloof wat diepte en

inhoud daaraan verleen. Die finale toets vir 'n gereformeerde teoloog is dus of die teologie wat hy bedryf spreek van Skrifgetroue geloof in God wat sy wetenskaplike denke bepaal. In hierdie verband stel Reymond (1998:xxxii) dat die gereformeerde teoloog, vanuit sy geloof die taak opgelê is, om sy teologie konstruktief en demonstratief te vergelyk, krities en defensief (apologeties) te bedryf.

2.1.6 Die Gereformeerde wetenskaplike

Volgens Henning (1997:140), is die beoefening van die wetenskap 'n Godgegewe kultuurmandaat. Strauss (1953:15) stel dit baie duidelik: "Die christen-wetenskaplike begin dus by die skriftuurlike belydenis, nl. Dat God alles geskape het, dat ons die sonde in Adam deelagtig is en daarom ook in ons kennis doemwaardig, maar dat Christus deur sy Middelaarsdood vir alle gelowiges die losprys betaal het - ook vir hul wetenskap." Hy gaan voort : "Hierdie skriftuurlike belydenis en uitgangspunt ten opsigte van skepping, sondeval en verlossing word egter deur die humanis-wetenskaplike op elke punt verloën."

Van Wyk (2005:176) verwys na vyf benaderingswyses waarvolgens die gereformeerde teologie verstaan kan word. Vir die doel van hierdie studie sal die derde moontlikheid gebruik word. Van Wyk beskryf hierdie moontlikheid soos volg:

"Nog 'n moontlikheid is om die aandag te vestig op teologiese en belydenistemas wat tiperend van die gereformeerde tradisie is, byvoorbeeld die soewereiniteit van God, die koningskap van Christus, **die belangrikheid van die Skrif en Konfessie**, uitverkiesing, verbond en koninkryk, kerkreg en kerkorde, ensovoorts."

Vervolgens dan die reformatoriese belydenisskrifte.

2.2 Reformatoriese belydenisskrifte

2.2.1 Ontstaan

Volgens Schulze (1991:29) was daar nie onmiddellik 'n behoefte aan belydenisskrifte aan die begin van die reformatie nie. Die herontdekking van die krag van die Woord

was voldoende. Dit het egter van kardinale belang geword vir die reformatore om stelling in te neem teen Rome aan die eenkant en die Anabaptiste (Wederdopers) aan die anderkant. Hulle was ook verplig om hul posisie teenoor die owerheid duidelik uiteen te sit, omdat hulle van die beskerming van die owerheid afhanklik was.

2.2.1.1 Gereformeerde teologie en die belydenisskrifte

Van Wyk (1995:253) toon aan dat die gereformeerde teologie 'n onmiskenbare konfessionele aard het. Gereformeerde teologie teologiseer binne die raamwerk van die konfessie. Die hoogste gesag is en bly egter die Skrif. Dit bly die *norma normans*.

Heyns en Jonker (1977:200) noem die belydenisskrifte die "... geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof van die kerk. Daarin spreek die kerk uit wat hy as die waarheid van Gods Woord erken en bely. Die kerk doen dit op geen onsekere toon nie, maar in die oortuiging dat wat hy in die belydenisskrifte geformuleer het, in alles met Gods Woord ooreenkom en daarom die waarheid is waarop 'n mens jou in lewe en in sterwe kan verlaat. Dit gaan daarby nie om die opinies van mense of om hipotetiese taal van die wetenskap nie. Dit wil niks anders wees nie, as 'n gelowige en *lofprijsende repetitio Sacrae Scripturae*, 'n naspreke van die spreke van die Skrif."

2.2.1.2 Doel

Hoeksema (1990:4) stel die doel van belydenisskrifte soos volg: Ware belydenisse is nie die resultaat van abstrakte teologiese oordenking nie. Dit moet eerder beskou word as geestelike kinders van die geloof in die kerk. Gelowiges individueel en ook die kerk van Christus gesamentlik, is geplaas in 'n wêreld met die doel om getuienis te wees van die waarheid van God. Die kerk mag nie swyg nie, veral nie omdat dit antities staan in verhouding met die wêreld in duisternis nie. Die roeping van die kerk is om te getuig teen die leuen. Dit voldoen gedeeltelik aan hierdie vereiste deur middel van belydenisse. Maar dit lewe ook deur geloof in Christus. Die gelowige kerk het die waarheid lief soos dit in Christus te vinde is en vervat is in die Skrif. Dit

het 'n liefde vir die oordenking van waarheid, en streef daarna om dit vir hulself toe te eien in geloof. Dit begeer om te getuig van hierdie waarhede teenoor die wêreld.

Heyns en Jonker (1977:200) noem die belydenisskrifte :

“ ... die resultaat van die kerk se behoefte daaraan om vir pastorale doeleindes (kategete, sielesorg ens.) 'n beknopte samevatting van die geloof van die kerk, soos dit in sy verkondiging en onderrig op grond van die Skrif uitdrukking vind, tot sy beskikking te hê. Juis daarom is hulle egter ook vir die kerk 'n *regula fidei*, 'n geloofsreël waaraan die ware geloof in onderskeiding van die dwaling geken kan word. Dit is selfs 'n wesenlike element van elke belydenisskrif dat dit polemies gerig is teen allerlei vorme van kettery. Wie die waarheid bely, moet die dwaling afwys.”

2.2.1.3 Die drie Formuliere van Eenheid

Onder die drie formuliere van eenheid van die sinode van Dordrecht in 1618/19 (Feenstra, 1950:7), verstaan ons:

- 1) Nederlandse Geloofs belydenis (NGB)
- 2) Heidelbergse Kategismus (HK)
- 3) Dordtse Leerreëls (DL)

Feenstra (1950:7) haal soos volg aan uit die aanhef van die Dordtse leerreëls: “Dit Oordeel, deze Dordtse Leerregelen vormen met de Nederlandse Geloofsbelijdenis (1562) en de Heidelbergse Catechismus (1563) de Belijdenisschriften van de Gereformeerde Kerken, of de drie Formulieren van enigheid. Deze drie Formulieren zijn gegrond op Gods Woord en daarom bindend. De Hoogleraren, de Dienaren des Woords, de Ouderlingen en Diakenen moeten deze formulieren ondertekenen, *niet voorzover*, maar *omdat* ze overkomen met Gods Woord. De belijdenis heeft zo grote betekenis, omdat zij getuigt: Zo zegt de Schrift; *daar staat geschreven!*”

Hoeksema (1990:11) verwys na die feit dat, alhoewel hierdie belydenisskrifte die formuliere van eenheid genoem word, hulle tog duidelik van mekaar onderskei kan

word. Die NGB bevat 37 artikels wat hoofsaaklik die vernaamste leerstellings van die gereformeerde leer bevat op grond van objektiewe dogmatiese volgorde. Die Heidelbergse Kategismus is meer prakties in karakter en volg die subjektiewe-ondervindelike volgorde van die leerstellings van sonde, verlossing, en dankbaarheid. Die Dordtse leerreëls, wat hul ontstaan te danke het aan die Arminiaanse kontroversie van die laaste gedeelte van die 17de eeu, is daargestel ter verdediging van die leerstellings van die Goddelike uitverkiesing, tesame met die verwante leerstellings van spesifieke versoening, totale verdorwenheid, onweerstaanbare genade en die volharding van die gelowiges.

2.2.1.4 Relevansie

Volgens Schulze (1991:5) toon die dwaalleer die afgelope 19 eeue min variasie. Die mens het miskien sogenaamd meer beskaaf geword en intellektueel gegroei, maar tog weinig opsies ontwikkel om van die waarheid van die Woord van God af te wyk.

“... moderne ketterye is omtrent almal maar variasies op baie ou temas en bied bykans niks nuut nie.”

Die belydeniskrifte is daarom steeds aktueel omdat dit in die hitte van die stryd teen ketterye ontwikkel het. Heyns en Jonker (1977:201) stel dit duidelik dat “wie die waarheid bely, moet die dwaling afwys”.

In terme van die groot opdrag, moet die kerke sy opdrag (Mat.28:18-20) om dissipels te maak van al die nasies en hulle te leer wat Hy (Jesus Christus) beveel het, nakom. Die gereformeerde teologie moet omvattend, koherent, kontekstueel en kumulatief wees sodat dit ‘n sistematiese uiteensetting van Skrifwaarhede, hul onderlinge interafhanklikheid, toegepas in eie tyd en toerustend van aard kan bly (Reymond, 1998:xxxii).

2.2.1.5 Samevatting

Dit is dus duidelik dat die gereformeerde teologie sy herkoms kan terugvind in die 16de eeuse reformasie wat die vrug was van die herontdekking van die waarheid van die Skrif. Die gereformeerde teoloog se gereformeerdheid is so deel van hom soos sy geslagtelikheid, hy kan nie anders as gereformeerd wees en daarom ‘n van-God-

geleerde teoloog. Calvyn en die gereformeerde teologie is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Omdat die belydenisskrifte ontstaan het as teenvoeters vir dwaling en kettery en gebruik word as hulpmiddels in sielsorg, maak dit hulle geskik vir die beoordeling van die moderne psigologie en kan ons riglyne vind vir 'n Bybelse beradingsmodel wat antities moet staan teen die koninkryk van Satan.

2.2.2 Die Nederlandse Geloofsbelydenis

2.2.2.1 Inleiding

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) is die oudste belydenisskrif van die drie formuliere van eenheid wat in hierdie studie behandel gaan word en sal daarom eerste bekendgestel word.

Volgens Jonker (1994:51) is die NGB deur verskillende sinodes amptelik erken naamlik: Emden (1571) en Dordrecht (1574). Hy noem dat daar 'n sterk vermoede kan wees dat Calvyn se Intitusie as voorbeeld gedien het vir die opstel van die NGB.

2.2.2.2 Ontstaan

Die opsteller van die NGB is Guido De Bres (Schulze, 1991:31-33). Hy is in België gebore (1522). Hy het grootgeword in die Roomse kerk waarvan sy moeder 'n toegewyde lidmaat was. Nadat hy 'n dieptestudie van die Bybel gedoen het, kom hy tot die aanvaarding van die Protestantse geloof. Hy het gedurig onder 'n wolk van vervolging gepreek vanaf 1548 tot en met sy dood aan 'n galgtou op 31 Mei 1567 as bloedgetuie van Jesus Christus. Sy laaste woorde voor hy weggeneem is om tereggestel te word, was volgens Booyens (1980:9): "Dit is vir my asof my gees vleuels ontvang het om na die hemel te vlieg, aangesien ek tans genooi is na die bruilof van my Here, die Seun van God..."

Volgens Schulze (1991:31-33) is hy in 1556 na Frankfurt Am Main waar hy waarskynlik vir Calvyn ontmoet het. Hy is daarna na Switzerland waar hy by Beza en Calvyn gestudeer het. In 1559 het hy die NGB opgestel – *Confessio Belgica*. Hy het die werk aan verskeie predikante voorgelê voordat hy dit gepubliseer het.

De Bres het die model van die *Confessio Gallicana* wat in 1559 deur die gereformeerde kerke in Frankryk as belydenis aangeneem is en wat in 'n groot mate

deur Calvyn self bewerk is, gevolg. Daar was egter twee redes waarom hy nie hierdie belydenis net so kon oorneem nie. Eerstens, omdat daar vanweë politieke verwikkelinge groot argwaan was teen enige kontak tussen die Nederlande en Frankryk. Tweedens, omdat daar in die Franse konfessie weinig oor die Anabaptiste gesê word. De Bres het dit dringend noodsaaklik geag om 'n konfessionele getuienis te gee van die diepgaande verskille tussen die gereformeerde kerke en hierdie beweging.

2.2.2.3 Doel

Jonker (1994:55) stel die doel van die NGB soos volg: "...dit wil die geloof van die gereformeerde protestante duidelik uitspel, nie alleen sodat lede van die gemeentes self goed kan weet wat die inhoud van die ware Christelike geloof is nie, maar veral ook sodat ander kan weet wat hulle glo."

Booyens (1980:11) noem dat De Bres voor sy belydenis tekste uit die Nuwe Testament geplaas het waarin gelowiges vermaan word om hul geloof voor mense af te lê :

- Matt. 10:32 "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor my Vader wat in die hemele is."
- Mark.8:38 (Luk.9:26). "Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met die engele."
- 1Petr.3:15 "...wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is."
- Rom.10:10 "Want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."
- 2Tim.2:12 "As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën."

2.2.2.4 Indeling van die NGB

Jonker (1994:54) maak 'n gedetailleerde indeling van die NGB soos volg:

“Die drie-enige God en sy openbaring (Artikel 1-11)

1. Ons glo in God
2. God word geken uit sy skepping en die Skrif
3. Die Skrif is deur die Gees ingegee
4. Die kanonieke boeke
5. Die gesag van die Skrif
6. Die apokriewe boeke
7. Die volkomenheid en genoegsaamheid van die Skrif (8-11). Die Skrif leer dat God drie-enig is. Eers verduidelik Artikel 8 die Drie-eenheid; dan gee artikel 9 die Skrifbewyse daarvoor, terwyl artikel 10 Skrifbewyse aanvoer vir die Godheid van Christus en artikel 11 vir die Godheid van die Heilige Gees.

God die Vader en sy werke (Artikel 12-17)

12. Die skepping, die engele en die val van sommige
13. Die voorsienigheid van God
14. Die skepping van die mens, sy val en bedorwenheid
15. Die erfsonde
16. Die ewige verkiesing
17. Die heilsbelofte (verbond van genade)

God die Seun en sy versoeningswerk (Artikel 18-21)

18. Die inkarnasie
19. Die twee nature van Christus
20. *Cur Deus homo?* (God se geregtigheid en barmhartigheid)
21. Christus die Middelaar

God die Heilige Gees en sy verlossingswerk (Artikel 22-26)

22. Regverdiging deur die geloof alleen
23. Vreemde geregtigheid
24. Heiliging deur die geloof
25. Die funksie van die wet
26. Gebed in die Naam van Christus

Die kerk as vrug van die werk van die Gees (Artikel 27-32)

27. Die een, heilige katolieke kerk
28. Die eenheid met die ware kerk moet bewaar word
29. Die kenmerke van die ware kerk
30. Die regering van die kerk
31. Die ampte in die kerk
32. Die orde en tug van die kerk

Die sakramente as heilsmiddele wat die Gees gebruik (Artikel 33-35)

33. Die betekenis van die sakramente
34. Die heilige doop
35. Die heilige nagmaal

Die kerk en die owerheid (Artikel 36)

36. Die laaste oordeel.”

2.2.2.5 Samevatting

Calvyn se aandeel in die opstel van die NGB is duidelik. Die NGB is as getuie teen onder andere die wederdopers gestel. Hierdie beweging was 'n voorloper van die latere Remonstrante wat by Dordt bestry moes word. Dit is dus 'n nuttige hulpmiddel om dwalings wat die vermoëns van die mens oorskat, te weerlê. Die gereformeerde gelowige kan nie anders as om binne die verwysingspunte van hierdie belydenisskrif te bly nie. Die NGB kan weens sy evangeliserende karakter nuttig aangewend word in die daarstelling van riglyne vir 'n Bybelse beradingsmodel.

2.2.3 Die Heidelbergse Kategismus (HK)

2.2.3.1 Ontstaan

Hierdie Kategismus ontleen sy naam van Heidelberg, die hoofstad van die Palts, deelstaat van Duitsland. In die jaar 1562 het Keurvors Frederik III, die Vrome, die voorbereiding van hierdie werk toevertrou aan Ursinus, Professor aan die Universiteit van Heidelberg. Dit is in 1563 aanvaar deur die Professore van die Heidelbergse Universiteit met minimale veranderinge. Dit is later aanvaar deur die Sinodes Emden (1571) en Dordrecht (1578) as belydenis. Schulze (1990:50) maak dit duidelik dat die HK fel teestand uit Duitsland van die kant van die Lutherane ontlok het. Dit is ook in Nederland aangeval, veral vanuit die humanistiese kring. Die bekendste bestryder was die humanis, D.V. Coonhert. Hy het verder ook die leer van Calvyn ten opsigte van die uitverkiesing gekritiseer.

2.2.3.2 Doel

Volgens Schulze (1990:40-41) het die keurvors die kategete-onderdig in chaos gevind in die Palts. Hy het daarom vir Ursinus aangestel om 'n "samevattende onderrig of kategismus van ons Christelike geloof uit die Woord van God, beide in Latyn en Duits te laat saamstel".

Volgens Spoelstra (1991:370) het Ursinus die doel van die kategismus beskryf om deur die stem van God en die verkondiging van die Woord, mense uit die ryk van Satan op te roep om Gods Woord te omhels en in die vergadering van die geroepenes van God byeen gebring te word deur kennis van die evangelie.

Spoelstra (1991:371) gaan verder as hy dit stel: "Prediking van die geloofsleer is al *Pastorale Dogmatiek* genoem omdat die sonder wat die evangelie aanneem, die geloofswaarhede *persoonlik* moet glo. Die kategismus is so opgestel dat iemand daarmee subjektief die waarhede wat God gee om te glo met die totaliteit van hart, siel en verstand vir homself toe-eien. Die kategismus is toegespits op die alledaagse lewe, lewensvrae, lewenskunde en lewenskuns aan die hand van die Woord en wet van God.

2.2.3.3 Indeling

Schulze (1991:44) dui aan dat daar tradisioneel in die kerke sekere “hoofsomme” was waarin ‘n gelowige onderrig moes word. Rome en die Hervormers het hieroor saamgestem. Hierdie hoofsomme is : Die wet van die Here, Die twaalf artikels en die Onse Vader. Om hierdie sake te ken, is as absoluut noodsaaklik beskou vir Christenwees en saligwording. Die reformasie het egter ‘n vierde deel bygevoeg wat handel oor die Woord en Sakramente.

Die driedelige struktuur van die Heidelbergse Kategismus (HK) is ontleen aan die Romeinse brief – dit maak die HK uniek. Die hoofsomme is organies hierin verweef.

Die HK kan in drie dele ingedeel word naamlik Kennis van ons 1) ellende, 2) verlossing en 3) dankbaarheid. Hoeksema (1990:13-14) beskryf die indeling van die HK soos volg : Die inleiding van die kategismus begin met ‘n vraag wat betrekking het op ons enigste troos in lewe en in sterwe, ‘n verklaring dat kennis van sonde en ellende, van verlossing en dankbaarheid onontbeerlike elemente is van hierdie alles omvattende troos. Dit spreek van die wet as die bron van kennis van sonde en ellende en die grootheid van hierdie sonde en ellende van die mens se oorspronklike staat, sy eiewillige ongehoorsaamheid en totale verdorwenheid, van die toorn van God en die straf van die sonde, die onmoontlikheid dat die mens homself kan red of gered word deur ‘n ander skepsel. Hierdie is die eerste deel.

Die tweede deel is hoofsaaklik ‘n verklaring van die Apostoliese geloofsbelydenis en behandel die aard van saligmakende geloof in die Drie-eenheid, skepping en voorsienigheid; die name, wese, ampte en state van die Middelaar; sy dood en neerdaling na die hel; sy opstanding, hemelvaart en verhoging na die regterhand van God en sy wederkoms om te oordeel oor die lewendes en die dooies. Dit gaan voort om die Heilige Gees en sy werke te behandel , die heilige katolieke kerk en die gemeenskap van die heiliges, die finale opstanding en die ewige lewe. Sondag 23 handel oor die vrug van ‘n gelowige lewe en dit alles wys na regverdigmaking deur die geloof alleen. Dit bespreek die genademiddele, die Woordverkondiging en die sakramente en sluit die tweede deel af met ‘n aantal vrae en antwoorde aangaande die sleutels van die Koninkryk van die hemele.

Die derde deel word ingelei deur 'n paar vrae wat betrekking het op die ware bekering van die mens wat gevolg word deur 'n bespreking van die wet van God as 'n gids vir die Christelike lewenswandel. Die behandeling van elke gebod afsonderlik. Hierdie bespreking word afgesluit met die bekende vraag: "maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?" En dan die pragtige antwoord: Nee, want selfs die allerheiligste het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid, maar tog sodat hulle 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe." Dit sluit af met 'n bespreking van die onderwerp van gebed in die algemeen en die inhoud van die Onse Vader in die besonder.

2.2.3.4 Samevatting

Die HK het volgens die opsteller ten doel om die uitverkorenes uit die greep van Satan te ruk. Dit spreek tot elkeen persoonlik in terme van geloofswaarhede wat betrekking het op die liggaam en die siel – die mens in totaliteit. Dit is toegespits op die alledaagse lewe aan die hand van die Woord en dus die wet van God. Hier is dus weereens 'n nuttige hulpmiddel vir die bestryding van dwaling en die daarstelling van riglyne vir 'n Bybelse beradingsmodel.

2.2.4 Die Dordtse leerreëls (DL)

2.2.4.1 Ontstaan

Volgens Jonker (1994:123) was die gereformeerde godsdiens die heersende godsdiens in Nederland nadat die Spaanse juk in die sestiende eeu afgegooi is. Daar was egter twee stromings in die kerklike lewe onderskeibaar, naamlik die stroom in die lyn van Calvyn teenoor die wat 'n meer tolerante, moralistiese en meer humanistiese vertolking daarvan gehad het.

2.2.4.2. Doel

Tydens die Dordtse Sinode (1618, 19) is die Dordtse leerreëls opgestel om die dwalings van die Remonstrante te weerlê.

2.2.4.2 Die vyf punte van Arminianisme teenoor die vyf punte van Calvinisme

Die vyf punte van die Remonstrante/Arminiane teenoor die vyf punte van Dordt / Calvinisme in tabelvorm soos deur my vertaal uit "The five points of Calvinism: Defined, defended, documented" deur David N. Steele , Curtis C. Thomas en S.Lance Quinn (2004) (in Afrikaans vertaal deur navorser.A.P.B.):

5 Punte van Arminianisme

1. Vrye wil of menslike vermoë

Alhoewel die mens se natuur ernstig benadeel is met die sondeval, het die mens tog nie in 'n staat van geestelike hulpeloosheid verval nie. God begenadig elke sondaar om te kan bekeer en glo, maar Hy doen dit op so 'n wyse dat dit nie teen die menslike vryheid indruis nie. Elke sondaar beskik oor 'n vrye wil en sy ewige noodlot word bepaal deur die wyse waarop hy dit gebruik. Die mens se vryheid bestaan daaruit dat hy goed bo kwaad kan kies in geestelike sake. Die sondaar het die vermoë om of met God se Heilige Gees saam te werk en weergebore te word, of om dit teë te staan en verlore te gaan. Die verlore sondaar het die hulp van die heilige Gees nodig, maar het nie nodig om eers weergebore te word sodat hy kan glo nie, want geloof is 'n handeling van die mens en gaan die wedergeboorte vooraf. Geloof is die mens se geskenk aan God, dit is sy bydrae tot sy ewige saligheid.

2. Voorwaardelike verkiesing.

God se verkiesing van sekere individue tot saligheid voor die grondlegging van die aarde, is gegrond op die feit dat Hy vooruit geweet het wie hom gaan kies.

Hy het slegs die verkies wat Hy geweet het Hom gaan kies. Verkiesing word daarom bepaal deur dit wat die mens doen. Die geloof wat God vooruit gesien en waarop hy sy keuse baseer is nie aan die sondaar gegee nie (dit is nie gebore deur die krag van die Heilige Gees nie), maar is uitsluitlik op grond van die mens se eie wilskrag. Dit word totaal aan die mens oorgelaat om te glo of nie te glo nie en daarom ewige saligheid te verkry. God het hulle verkies wat Hy geweet het, op grond van

5 Punte van Calvinisme

1. Onvermoë of verdorwenheid.

As gevolg van die sondeval is dit vir die mens onmoontlik om uit homself die evangelie te glo. Die sondaar is dood, blind en doof vir die dinge van God; sy hart is bedrieglik en uifers korrupt. Sy wil is nie vry nie, dit is verslaaf aan sy onheilige aard en daarom wil hy nie die goeie kies bo die kwade op die geestelike vlak nie. Gevolglik is meer as net die hulp van die heilige Gees nodig om 'n sondaar na Christus te bring. Dit verg die wedergeboorte waardeur die Gees die sondaar lewend maak en hom 'n nuwe natuur/aard gee. Geloof is nie iets waartoe die sondaar 'n bydrae lewer nie, maar is self deel van die gawe/geskenk van God aan die sondaar, nie die sondaar se geskenk aan God nie.

2. Onvoorwaardelike verkiesing.

God se verkiesing van sekere individue tot saligheid voor die grondlegging van die wêreld is totaal gegrond op sy soewereine wil. Sy keuse van spesifieke sondaars is nie gebaseer uit vooruitwete of enige gehoorsaamheid van hulle kant soos geloof of bekering ens. Nee, intendeel, God gee geloof of bekering aan elke individu wat Hy verkies het.

Hierdie optrede is die gevolg, nie die oorsaak van God se keuse nie. Verkiesing daarom was nie bepaal deur of op grond van enige verdienstelike werk van die sondaar nie. Hulle wat God almagtig verkies het, bring die Heilige Gees kragdadig tot geloof in Christus. Dus God se keuse van die

hul vrye wil, Christus sal kies, dus die sondaar se keuse van Christus, nie God se keuse van die sondaar nie, is die finale oorsaak van saligheid; dit word slegs effektief wanneer die mens besluit om dit aan te neem.

3. Algemene verlossing of versoening.

Christus se verlossingswerk het dit vir almal moontlik gemaak om gered te word, maar het eintlik nie die saligheid van enigeen verseker nie. Alhoewel Christus vir alle mense en elke mens gesterf het, sal slegs die wat in Hom glo gered word. Sy dood het God in staat gestel om sondaars te vergewe op voorwaarde dat hulle glo, dit het egter nie hul sondes weggeneem nie. Christus se verlossingswerk word slegs effektief wanneer die mens besluit om dit aan te neem.

4. Die Heilige Gees kan effektief teëgestaan word.

Die Gees roep inwendig almal wat uitwendig die evangelie-uitnodiging hoor. Hy doen alles in sy vermoë om die sondaar tot saligheid te bring. Maar, omdat die mens vry is, kan hy die Gees suksesvol weerstaan. Die Gees kan niemand wederbaar sonder dat hy glo nie, geloof (wat die mens se bydrae is) gaan die wedergeboorte vooraf en maak dit moontlik. Dus, die mens se vrye wil beperk die Gees in die toepassing van Christus se verlossingswerk. Die Heilige Gees kan slegs die wat hom toelaat na Christus lei. Tensy die sondaar reageer, kan die Gees nie lewe gee nie. God se genade is dus nie onweerstaanbaar nie, dit kan en word dikwels teëgestaan en gedwarsboom deur die mens.

5. Uitval uit genade.

Hulle wat glo en werklik gered is, kan hul saligheid verloor deurdat hulle nie die geloof behou nie.

Arminianisme leer dus: Saligheid word bekom deur 'n kombinasie van goddelike pogings (God wat die inisiatief neem) en die mens (wat moet

sondaar en nie die keuse van die sondaar van Christus nie, is die bepalende faktor vir saligheid.

3. Bepaalde verlossing of beperkte versoening.

Christus se verlossingswerk is bedoel vir die uitverkorenes alleen en het inderdaad hul saligheid verseker. Sy dood was plaasvervangend. Hy, die sondelose, het die straf vir spesifieke sondaars op Hom geneem. Nie net het Hy hul sondes weggeneem nie, sy verlossing het aan hulle alles gegee wat hulle nodig het vir hul saligheid insluitend hul geloof wat hulle met Hom verenig. Die gawe van geloof word onweerstaanbaar toegepas op hulle vir wie Christus gesterf het deur die Gees. Daarom is hulle saligheid verseker.

4. Kragdadige roeping van die Gees/ onweerstaanbare genade.

In aanvulling tot die uitwendige algemene roeping tot saligheid wat na almal uitgaan wat die evangelie hoor, gaan daar 'n spesifieke inwendige roeping uit na hulle deur die Heilige Gees wat hulle tot onweerstaanbare saligheid bring. Die uitwendige roeping (wat aan almal sonder uitsondering gaan) kan en word dikwels weerstaan, teenoor die inwendige roeping (wat slegs na die uitverkorenes gaan) wat nie weerstaan kan word nie. Deur middel van hierdie spesiale roep, trek die Heilige Gees sondaars onweerstaanbaar na Christus. Hy is nie beperk in sy werk deur die wil van mense nie. Soos Hy ook nie afhanklik van hulle samewerking is nie. Die Gees veroorsaak genadiglik dat die verkose sondaar saamwerk om te glo, bekeer en vrylik gewilliglik na Christus toe kom. God se genade is daarom onweerstaanbaar, dit slaag altyd daarin om tot saligheid te bring die wat daartoe verordineer is.

5. Bewaring van die heiliges.

Almal wat deur God verkies is, verlos is deur Christus en geloof gegee is deur die Heilige Gees sal in ewigheid nie verlore gaan nie. Hulle word behou in die geloof deur die krag van die Heilige Gees en sal daarom volhard tot in ewigheid.

Calvinisme leer dus: Saligheid word bewerk deur die almagtige Drie-enige God. Die Vader wat kies, die Seun wat vir hulle gesterf het en die

reageer). Die mens se reaksie is die bepalende faktor. God het saligheid voorsien vir elkeen, maar dit word slegs effektief vir hulle wat deur hul vrye wil "kies" om met Hom saam te werk, sy aanbod van genade aanvaar. Op die kritieke oomblik is die mens se keuse die bepalende faktor. Dus die mens en nie God nie, bepaal wie die geskenk van saligheid ontvang of nie.

Heilige Gees wat die verdienste van Christus van toepassing maak op hulle deurdat Hy die uitverkorenes geloof skenk waardeur hulle hulle bekeer en hulle die evangelie glo en gehoorsaam (uitverkiesing, verlossing en wedergeboorte). Hierdie hele proses is die werk van God en is uit genade alleen. Dus God en nie die mens nie, bepaal wie saligheid ontvang en wie nie.

Die redes vir die verskille word soos volg deur Jonker (1994:129-130) gestel:

"Vir die Gereformeerdes is hierdie opvattings onaanvaarbaar, omdat dit die radikaliteit van die *sola gratia* verswak. Agter die verskille tussen Calviniste en Arminiane lê 'n radikale verskil in lewensbeskouing en interpretasie van die Bybel. Die Calviniste staan in kontinuïteit met die lyn wat loop van Paulus af oor Augustinus na die Reformatore, terwyl die Arminiane op een lyn is met wat van Pelagius af oor die semi-Pelagianisme en die humanisme van Erasmus en sy geesgenote loop. Daar sit 'n radikale verskil in selfbeoordeling agter die twee rigtings. Die Arminiane dink optimisties oor die mens wat deur die sondeval tog nie so radikaal verdorwe sou wees dat hy nie aan sy eie saligheid kan meewerk nie. Die Calviniste gaan uit van die totale verdorwenheid van die menslike natuur en hou daarom vas aan die verlossing uit genade alleen, sonder enige verdienste van die kant van die mens. Maar juis daarin lê dan ook vir hulle die sekerheid van die heil, omdat dit heeltemal buite die menslike inisiatief om in die genade van God gefundeer is en in sy trou rus. Gevolglik is die leer van die genadige uitverkiesing vir hulle 'n bevrydende saak, 'n bron van vastheid en sekerheid. Wie op hierdie manier oor die heil dink, moet noodwendig die opvattinge van die Arminiane wreed en wanhopig vind, omdat die sondaar daarin, net soos by Rome, tog weer op homself aangewys is. Die mens kan alleen volkome rus vind as hy weet dat die anker van sy heil ewig vas lê in die raad van God en sy versekerde liefde. As Arminius gelyk sou hê, sou die hele stryd van die Hervorming tevergeefs gewees het."

2.2.4.3 Samevatting

Die Dordtse leerreëls, is net soos die ander twee belydenisskrifte geloofswaarhede wat ononderhandelbaar is vir die gereformeerde. Dit is waarhede wat vas en seker staan vir tyd en ewigheid omdat dit met sekerheid kan sê: So sê die HERE, Here. Daarom dien dit as geskikte hulpmiddels waarmee menslike teorieë ten opsigte van die menslike siel en sin in die lewe beoordeel kan word. Hierteenoor staan daar egter soos duidelik uitgewys is, humanistiese idees wat die menslike vermoëns totaal oorskat.

Rushdoony (1998:18) beskryf die stryd tussen die Christelike sekerhede en die humanistiese onsekerhede soos volg:

“This hatred for certainty was a major factor in the Roman empire and its anti-Christianity, and it was a major aspect of the infiltrating humanism then and now. The humanistic parties did everything possible to bring uncertainty to the faith, to render vague the doctrines of God the Father, God the Son, and God the Holy Ghost, to cloud with uncertainty the doctrines of creation, salvation, and judgement. The hatred for doctrinal certainty was intense and dedicated. But this hatred of certainty is a pretense and a mask for the advancement of a new certainty, not God but man. It is part of the quest for a humanistic certainty ... his freedom is to be irresponsible to every God-given responsibility as a way of asserting his independence and his own godhood.”

2.3. Die Gereformeerde pastoraat

2.3.1. Inleiding

Soos reeds aangedui (1.2.3.1.) beteken gereformeerde wees “hervorm volgens die beginsels van die kerkhervorming van die 16de eeu; protestant volgens die Calvinistiese beginsels.” Volgens Meeter (1957:7) is Calvinisme die naam wat ontleen is aan die nalatenskap van Johannes Calvyn.

In hoofstuk 3 sal 'n teoretiese studie volg wat die leer en lewe van sleutelfigure in die moderne sekulêre psigologie aantoon. Hoofstuk 4 sal volg met 'n vergelyking tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie. Omdat in hoofstuk 4 'n vergelyking gemaak sal word met die leer van sleutelfigure in die moderne sekulêre psigologie, sal ons in hierdie hoofstuk die leer, ten opsigte van die pastoraat, van Johannes Calvyn (vgl.2.1.3.) as verteenwoordiger van die gereformeerde pastoraat nagaan.

Calvyn het nie 'n definitiewe en uitgewerkte pastorale model of metode gehad nie. Dit wil voorkom asof sy pastorale metode voortgevloei het uit sy diepgaande Skrifkennis. Kruger (1993:260) lig dan sekere aspekte uit van die pastoraat wat by Calvyn waarneembaar is:

- * Die volstrekte soewereiniteit van God. Dit was vir Calvyn nie net 'n teoretiese leerstuk nie, In sy pastoraat het hy altyd die handelende God raakgesien in die menslike wedervaringe en worstelinge. Die Bybelse leer van regverdigmaking uit genade alleen het hy voortgebou op sy leer van die soewereiniteit van God.
- Die volstrekte onmag van die mens en gevolglike afhanklikheid van God is voluit deur Calvyn gehandhaaf. Die kruis as opvoeding tot selfverloëning.
- * Die gehoorsaamheid aan die wet en die verantwoordelikheid van die mens. Die sogenaamde *tertius usus legis* (die derde gebruik van die wet, naamlik, as riglyn en norm vir die christelike lewe) het duidelik geblyk uit sy pastoraat.
- Die einddoel van die pastoraat: die eer van God. Dit het Calvyn se hele teologiese arbeid omsluit. Vir hom het alles om God gedraai wat bo alles geëer moet word. Dit was die hoofdoelwit.
- * Calvyn se eie vroomheid en nederigheid kan as pastoraalversterkende voorbeeld gestel word. (Kruger, 1992:172.)

2.3.2. Die begrip pastoraat

Die begrip pastoraat is 'n direkte, eksplisiete heenwysing na en verbinding aan die Bybelse begrip pastor. Pastoraat kan om hierdie rede as 'n Christelike

eiendomlikheid bestempel word (Adams, 1979:5). Die begripsvulling is geheel en al Bybels en verleen ook meteen daaraan 'n noodsaaklike teologiese karakter. Pastoraat is en wil niks anders as teologie wees nie (Van Der Walt, 1978:11).

De Klerk (1975:3) beskryf die pastoraat as 'n *"teologiese dissipline"*, en verduidelik soos volg:

"Dit is diens van God deur middel van die gesprek, veral van die kerklike ampsdraers met die gemeente as enkelinge en in groepsverband, waardeur die volle mens in sy konkrete situasie op profetiese, priestelike en koninklike wyse ontmoet word, om middellik in die mens die lewensvenuwung in Christus te bewerkstellig, te lei en te onderhou, tot eer van die Here en tot opbouing van die ware geloof en geloofsgemeenskap, in al sy gestaltes."

2.3.2.1 Subjek van die pastoraat

Van Der Walt (1978:2) toon aan dat pastoraat nie metodologies op die ontplooiing van die self gerig is nie. Dit is gerig op toerusting deur die Woord van God sodat die mens homself kan ken in die lig van die versoening van Christus. Die mens is dus nie die subjek van die pastoraat nie.

Volgens Heitink (1979:328), is nog die gemeente nog die ampte die subjek van die pastoraat. Hy haal vir Brillenburg-Wurth aan, Die " 'uitgangspunt ook voor de zielsorg in en door Christus' kerk is altijd Christus zelf.' Dit mag geen teoretisch beginsel of pro memori zijn."

RAAD VOORHERDERLIJKE ZORG (1974:5) toon aan dat die pastoraat uitgaan van die sekerheid dat daar een Here is, dat die gemeente een Here het en dat hierdie Here leef en regeer in ewigheid. Hierdie Heer is die ware mens. Hy skenk ons die ware menslikheid in ontmoeting met Hom. Hy word geloof as God, ons God. Hy herskep die mens.

Die triniteit is as die drie persone “onderskeie” in die pastoraat. As sodanig moet God as subjek van die pastoraat erken en geëer word. Hy is die groot herder. (Heystek, 1983:27).

Die drie-enige God as subjek van die pastoraat gebruik mense om sy kudde te versorg.

2.3.2.2 Mense as instrumente van God se Herderskap

Na sy opstanding uit die dode, stuur Jesus by verskillende geleenthede (Mattheus 28:28; Handeling 1:8) sy dissipels uit. Soos die Vader Hom gestuur het, stuur Hy ook hulle (Johannes 20:21). Die woorde van hierdie sendingopdrag veronderstel ’n liniêre kontinuïteit tussen Christus se sending en die dissipels se sending (Johannes 20:20). Hulle moet as eerste gesante van die kerk die werk van die goeie Herder voortsit (Johannes 10:11). (Heystek, 1983:27).

Van Der Schyff (1998:18) dui aan dat reeds in die Ou Testament God as Opperherder self herders aanstel wat sy kudde versorg. Jesus (soos aangedui hierbo) sit hierdie unieke herderlike sorg voort deur die ampte. Hulle bly bedienaars. Hierdie herderlike bediening deur die ampte is dienswerk, selfs slawe werk.

Louw (1993:23) skryf dat die Ou Testamentiese mens geweet het hy is veilig en geborge binne die herderlike sorg van God. ’n Herderlike sorg op grond van die verbondsgenade van God wat tot uitdrukking kom uit die feit dat Israel aan JAHWE behoort oor wie Hy selfs tranes stort. Die verbondsgemeente is dus in ’n besondere sin “God se kudde.”

Heitink (1979:58) toon aan dat Jesus self in Johannes 10:1-18 aandui dat Hy die goeie Herder is. Hierdie beeld dui op die Ou Testamentiese Messiaanse beelde wat deur Jesus vervul is en nou verkondig word. Heitink vervolg dat die sinoptiese

getuigenis ook dui op die lyn wat kom uit die “oer- christelike kerygma”. Deur die hele Bybel heen kom God se liefdevolle sorg na vore in die herdermotief.

Die herderlike bediening word deur Van t’ Zand (1995:95) omskryf as: “ ... die liefdevolle daad waar gelowiges met enige vorm van hulp in volstrekte onderworpenheid aan die Koning bedien word.”

2.3.2.3 Pastor

Die Pastor word geroep deur God self tot ’n spesifieke diens. Die doel van die roeping is die diens van die Woord. (Venter, 1976:75). Daarom is die inhoud van die bediening die Woord self.

2.3.2.4 Pastore taak van ampsdraers

Die Pastor het nie alleen die opdrag om besig te wees met die pastoraat nie. Van Der Walt (1978:38) toon aan dat die Here sy kerk wonderlik toegerus het om probleme van die dag te hanteer. Die wêreld soek spesialiste – “enkelinge wat op enkelvoudige probleme toegespits is”. Die Here het egter in sy kerk elke tyd vooruit gesien. Hy gee in elke tyd in die gemeenskap van die heiliges ouderlinge en diakens wat mekaar kan aanvul. Hy gee aan elke ampsdraer gawes en lewenservaring – dit is kennis aan die gemeente as geheel.

Van der Walt (1978:38) beskryf dit prakties so:

“ ... ouderling A vir ’n probleem wat vir hom vreemd is die hulp kan kry van Ouderling B wat daarmee vertrou is. Hier is ’n raad van toegeruste manne wat saam ’n vreemde probleem kan ondersoek en aanpak. So werk ouderlinge (en diakens) saam en pak as ’n span die nood van die tyd aan: ’n eenheid van gawes in ’n ryke verskeidenheid, wat God uit die midde van die moderne lewe aan

die teenwoordige gemeente gee.

Die ou dinge in God se plan bly die moderne dinge in die lewe.”

2.3.2.5. Verwerping van die humanistiese pastoraat.

Combrink (1986:15) toon aan dat elke vorm van humanistiese pastoraat as onbruikbaar vewerp moet word. Die rede is omdat die oplossing van probleme by die mens self gesoek word. Hy noem dan die volgende stelsels by die naam: Rogerianisme, Freudianisme en Behaviorisme. Antwoorde moet in die Skrif gevind word.

2.3.3 Opsomming.

Hierdie hoofstuk het die ontstaan en ontwikkeling van die reformasie ondersoek. Daar is bepaal wat die gereformeerde teologie onderskei van die ander Christelike teologieë. Die vereistes wat gestel word aan die gereformeerde teoloog en wetenskaplike is geïdentifiseer. Die ontstaan en doelwitte van die formuliere van eenheid is ondersoek. Inleidende riglyne vir die gereformeerde pastoraat is daargestel.

Soos dit duidelik blyk uit die voorgaande, het die pastoraat alles te doen met God. Hy is die een wat roep, Hy is die een wat toerus, Hy is die een wat stuur. Die roeping geskied deur sy Woord en Gees, die toerusting geskied deur Sy Woord en die Gees en die bediening geskied deur sy Woord en Gees. Die geroepe gelowige kan dus nie maar lukraak metodes gebruik in die pastoraat nie, dit moet alles getoets word aan die Woord van God. Die gereformeerde pastoraat kan gedefinieer word as: Die bediening van die versoening deur Christus deur 'n geroepene van die Drie-enige God uit genade alleen, aan 'n hulpelose mens, wat dit in geloof moet aanneem uit genade, deur die verkondiging van die Woord soos dit in die Bybel geopenbaar is; tot eer van God.

2.3.4 Voorlopige gevolgtrekking.

Die kerkhervorming was in wese 'n verset teen humanistiese invloede wat die kerk binne gedring het. Die vyf solas het die grondbeginsels van die reformasie gevorm. Dit het mettertyd nodig geword om hierdie grondbeginsels te sistematiseer. Die belydenisskrifte het so ontstaan. Hierdie grondbeginsels is ook die beginsels waarop die gereformeerde pastoraat gebou word. Die berader (gereformeerde --teoloog/wetenskaplike) is 'n geroepene van God wat die versoening moet bedien soos geopenbaar deur die Woord van God.

HOOFTUK 3

Moderne Sekulêre Psigologie

3.1 Inleiding en doel van hoofstuk

In hierdie hoofstuk sal 'n historiese oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van die moderne sekulêre psigologie gegee word. Daarna sal kort biografiese inligting, leerstellige oorsigte en godsdienstbeskouings van verskillende erkende sleutelfigure, te wete: Sigmund Freud, Carl Rogers, Ivan Pavlov, John Watson en Carl Jung behandel word. Die werkswyse sal dus grootliks 'n weergawe wees, terwyl die interpretasie en evaluering later volg (hoofstuk 4). Terwille van nuansering sal dit soms nodig wees om lang aanhalings te gebruik.

3.1.1 Historiese oorsig

Volgens Hearnshaw (1989:14) het Sisteematiese Psigologie ontwikkel uit antieke Griekeland ses eeue voor Christus. Schultz (1975:6) noem die name van Griekse filosowe soos Hippocrates, Plato en Aristoteles wat 'n beduidende invloed gehad het.

Ten einde begrip te hê vir die ontwikkeling van psigologie as 'n onafhanklike wetenskaplike vak, moet volgens Brennan (1991:119) kennis geneem word van die filosofiese voorlopers van die moderne psigologiese skole. Westerse Europese filosowe het verskillende benaderings geërf van antieke Griekse denkers. Hierdie benaderings is verfyn en oorgelewer aan Christen denkers. Later is dit weer gekombineer tydens die Renaissance. Uiteindelik het die intellektuele bewegings in Frankryk, Brittanje en Duitsland hierdie denkrigtings gekombineer deur middel van 'n vereiste geloof in die wetenskap. Dit het die platform geskep vir die ontwikkeling in die 19de eeu.

Van die Christelike denkers waarna hierbo verwys is, is onder andere die kerkvaders Augustinus, Thomas van Aquinas en Erasmus. Aangesien reeds in hoofstuk 2

verwys is na die teorieë van Thomas van Aquinas en Erasmus (2.1.1), sal nou slegs aandag aan Augustinus gegee word.

3.1.1.1 Augustinus (354-430 A.D.)

Brennan (1991:33) beskou 'n studie van die werk van die groot kerkvader Augustinus as onontbeerlik in 'n studie van die geskiedenis van die Psigologie. Volgens hom het Augustinus die Griekse filosofie "verchristelik". Hearnshaw (1989:36) noem Augustinus "the first great introspective" psigoloog in die Westerse wêreld. Howard (2000:80) som Augustinus se leerstellings soos volg op: as ons onself van God afkeer, kan die resultaat slegs boosheid voortbring. Ons vind onself slegs in God, ons ontwikkel onself slegs deur God. God is 'n lewende ervaarbare teenwoordigheid rondom ons. God is ons berader en die metode is gebed.

Hearnshaw (1989:40) noem Augustinus die eerste persoonlikheidsteoretikus. Hy haal Augustinus aan: "...man is not just a body or a soul but a being made up of both body and a soul ... the soul is not the whole man; the body is not the whole, but inferior part of a man. When both are joined together they have the name 'man'."

3.1.1.2 Ontstaan van die Moderne Sekulêre Psigologie

Volgens Brennan (1991:145) het die Psigologie stelselmatig die bande van die Filosofie en Teologie afgewerp as gesaghebbende invloed. Die wetenskap het 'n aantreklike alternatief gebied. Die Zeitgeist (tydsgees) van die intellektuele Europa was gereed om die formele studie van die siel te akkommodeer.

Hanekom (1951:16-17) beskryf die "positiwistiese wetenskap" as grondslag vir die geestelike wetenskappe. Alles gebeur volgens 'n vaste wet van oorsaak en gevolg. Alles moet verklaar word in die lig van natuurlike oorsake. Hanekom verduidelik dat die negentiende eeu die eeu was van die eksakte wetenskappe; dit wil nie sê die eeu van die natuur- en skeikunde nie, maar ook die eeu wat die metodes van die natuurwetenskappe op die geestelike wetenskappe van toepassing gemaak is. Die natuurwette moes ook vir die geestelike lewe geld. Die hoëre moes met behulp van die wet van ewolusie verklaar word uit die laere (vgl. Hanekom, 1951:17).

Dat die evolusie-teorie van Charles Darwin 'n beduidende invloed op die ontstaan

van die Psigologie gehad het, kan nie betwyfel word nie. Hearnshaw (1989:115) beskryf die impak van Darwin se evolusie-teorie as fenomenaal. Hy verduidelik hiervolgens, dat hoe ingewikkeld die menslike probleem ook al is, die oorsaak biologies van aard is. Die menslike gees het evolueer net soos die liggaam. Die menslike natuur moet dus geneties ondersoek word. Jung (1977:381) beskryf hierdie proses soos volg:

“Just as the body has an anatomical pre-history of millions of years, so also does the psychic system. And just as the human body today represents in each of its parts the result of his evolution, and every-where still shows traces of its earlier stages – so the same may be said of the psyche.”

Hierdie gedagtes het bygedra tot die vorming van die Psigologie die afgelope eeu.

Volgens Roux (1972:1) is die Psigologie “...daardie menskundige handelingswetenskap, uit die nood van die mens self gebore, waardeur vrae gevra en antwoorde aangebied word *vanuit die mens* (kursivering outeur), aangaande die mens waardeur gepoog word om die mens in sy nood beter te begryp en by te staan.”

Opsomming: Die eerste erkende “introspektive” psigoloog in die westerse wêreld, Augustinus, was ‘n gelowige wat ‘n geweldige bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die gereformeerde teologie. Vir hom was die oplossing vir die menslike dilemma slegs te vinde by God. Die psigologie het stelselmatig die bande van die teologie afgewerp en ‘n alternatief gevind in die wetenskap. Hierdie geesteswetenskap is bedryf asof dit soos die natuurwetenskap bedryf kan word. Dit is gebaseer op die veronderstelling van oorsaak en gevolg; in hierdie geval: natuurlike oorsake. Die evolusie-teorie was hier ‘n handige vennoot. Soos die liggaam ge-evoleer het, so ook die psige, is gedink. Hierdie proses gaan steeds voort.

3.1.1.3 Psigologie as selfstandige wetenskap

Viljoen (2002:23) toon aan dat alhoewel die wortels van die psigologie teruggevoer kan word tot ses eeue voor Christus in Griekeland, psigologie as selfstandige

wetenskap kwalik meer as 'n honderd jaar oud is. Volgens Viljoen (2002:23) kan die datum van die ontstaan van Psigologie as selfstandige wetenskaplike dissipline gestel word op die jaar 1879 toe Wilhelm Wundt 'n psigologiese laboratorium by die Universiteit van Leipzig ingerig het (vgl. ook Lotter, 2001:317-329).

3.1.1.4 Wilhelm Wundt (1832-1920)

Wilhelm Wundt, die stigter van die Moderne Psigologie, was die seun van 'n Lutheraanse Pastor te Duitsland in die provinsie Baden (Brennan,1991:147).

Volgens Schultz (1975:66) het Wundt die eerste psigologiese laboratorium gevestig en die eerste psigologiese joernaal versprei. Hy het eksperimentele Psigologie as wetenskap bedryf. Die velde van sy studies het ingesluit: sensasie en persepsie, aandag, gevoel, reaksie en assosiasie. Dit het die basis gevorm van teksboeke wat verskyn het.

Viljoen (2002:31) toon aan dat alhoewel daar later baie kritiek teen Wundt se pionierswerk gelewer is, dit tog gedien het as 'n provokatiewe stimulus. Dit het aanleiding gegee tot die funksionalisme as teenreaksie (teenoor die strukturalisme) wat neerslag gevind het in die Behaviorisme (1.7.2). Strukturalisme is 'n wetenskap-filosofiese rigting wat ingestel is om die samestellende struktuurelemente van verskynsels, in hierdie geval bewussynsprosesse, te ondersoek. Dit definieer die sielkunde as die analitiese bestudering van die menslike bewussyn (Viljoen, 2002:31).

3.1.1.5 Psigologie as 'n geesteswetenskap

Brennan (1991:154) beskryf Franz Brentano as die persoon wat naas Wundt die grootste bydrae gelewer het in die beginjare van die moderne Psigologie. Schultz (1975:91) gee 'n kort oorsig van Brentano se opleiding. Op die ouderdom van 16 het hy begin studeer aan die Universiteite van Berlyn en Tubingen in Duitsland met die doel om hom as priester te bekwaam. Nadat hy in die filosofie gegradueer het, is hy in 1864 as priester georden. Twee jaar later het hy aan die Universiteit van Wurzburg 'n dosent in filosofie geword. In 1870 aanvaar die Roomse Kerk die leer van die onfeilbaarheid van die Pous. Brentano kon dit nie aanvaar nie en bedank as priester

en verlaat die kerk.

Volgens Brennan (1991:155) was Brentano 'n priester in die Dominikaanse orde, dieselfde orde as waarvan Thomas van Aquino (2.1.1) 'n lid was. Sy opleiding in die skolastiek het 'n groot invloed gehad in die keuse van 'n titel vir sy verhandeling naamlik: "On the manifold meaning of being." Hy ontvang sy doktorsgraad hiervoor aan die Universiteit van Tübingen in 1862.

Viljoen (2002:31) skryf dat Brentano beskou kan word as die "Vader van die fenomenologiese metode" wat poog om deur middel van beskrywing, psigiese verskynsels te verstaan. Hierdie psigiese verskynsels het hul ontstaan in die menslike wil. Viljoen (2002:32) toon dan ook aan dat Brentano 'n invloed op die ontwikkeling van die "derde mag" (1.7.2) of humanistiese denkrigting in Amerika gehad het. Dit weerspieël 'n geesteswetenskaplike oriëntasie. Hearnshaw (1987:153) dui aan dat Sigmund Freud 'n leerling van Brentano was.

Opsomming: Die eerste persoon, Wilhelm Wundt, wat die psigologie gevestig het, was 'n pastorie kind. Hy het dus bogemiddelde blootstelling aan die Skrif gehad. Tog het hy hom eerder tot die natuurwetenskap gewend vir die oplossing van die probleme in die menslike bewussyn. Hy het reeds die grondslag gelê vir die latere Behaviorisme. (vgl. 3.1.2.4).

Franz Brentano, die tweede persoon wat na Wundt opgevolg het, het ook - as teoloog - bogemiddelde blootstelling aan die Bybel gehad. Hy het egter verkies om die oplossing vir die menslike probleem binne die mens se wil te soek en nie by God soos Hy Homself openbaar in die Skrifte nie. Reeds is daar tekens van spanning tussen die twee skole.

3.1.2 Psigologie in die twintigste eeu : verskillende denkskole

Professor H.G. Stoker (1930:1) het tydens sy "inougurele rede" gehou by die aanvaarding van die professoraat in Logika en Sielkunde aan die Potchefstroomse Universiteitskollege (Universiteit van Suid-Afrika) op Vrydag, 1 Mei 1930, aangetoon dat as 1879 met Wundt se eerste sielkunde laboratorium (3.1.2.4) beskou word as die geboorte van die sielkundige wetenskap, dan is dit in 1930 omtrent 'n halwe eeu

oud. Hy gaan voort (1930:5):

“ ... sinds 1879, die willekeurige bepaalde geboorte van die nuwere sielkunde, het hierdie wetenskap verbasend gegroei. Die sielkundige literatuur is byna onoorsigtelik, oor die honderde tydskrifte bestaan, talle standaardwerke en ‘n oorweldigende menigte van feitemateriaal en resultate van eksperimente is versamel. Hierdie jeugdige ontwikkeling was egter te vinnig- en die sielkunde lyk vandag (1930-A.P.B.) baie op ‘n wilde ongesnoeide plant. Ons kan vandag moeilik van die sielkunde as van ‘n betreklik samehangende wetenskap praat; want die sielkunde val feitlik uiteen in ‘n aantal skool sielkundes, waarvan elkeen onbekommerd oor die ander sy eie koers ingaan.”

Hy verwys na twee skole. Stoker (1930:5) noem hierdie situasie ‘n “..kriesis in die sielkunde”.

Twee en veertig jaar later skryf Maslow (1973:3):

“Psychology today is torn and riven, and may in fact be said to be three (or more) separate, non-communicating sciences or groups of scientists. First is the behavioristic, objectivistic, mechanistic, positivistic group. Second is the whole cluster of psychologies that originated in Freud and in Psychoanalysis and third there are the Humanistic psychologies, or Third force as this group has been called, a coalescence into a single philosophy of various splinter groups in psychology.”

In 1992 skryf Jordaan en Jordaan (1992:28): “Die sielkunde word vandag inderdaad gekarakteriseer as ‘n versplinterde en ongekoördineerde feiteversameling met geen omvattende konseptuele raamwerk van waaruit die mens se aard en plek binne die breë bestel van dinge ondersoek en begryp kan word nie. Vir hierdie toedrag van sake is daar verskeie redes. Die belangrikste rede setel waarskynlik in wat Kuhn (1962) geïdentifiseer het as die pre-wetenskaplike paradigmas of “kragte” aan die hand waarvan sielkundiges na die mens kyk.” Hulle vervolg verder (1992:28): “Die

onderling uitsluitende manier waarop hierdie paradigmas deur sielkundiges nagevolg is - dikwels met 'n religieuse ywer - het veel bygedra tot die versplintering en ongekoördineerdheid in die ontwikkeling van die sielkunde.”

In 1998 toon Edwards en Louw (1998:12) aan dat:

“Die wetenskap van die sielkunde word sterk beïnvloed deur die onderskeie paradigmas van sielkundiges. 'n **Paradigma** bevat 'n stel aannames wat as 'n vertrekpunt gebruik word. Dikwels glo mens wat binne 'n bepaalde paradigma werk dat hulle stel aannames vanselfsprekend korrek is. Wanneer dit gebeur, word die paradigma 'n ideologiese stelsel net soos 'n politieke ideologiese stelsel en is dit nie meer wetenskaplik nie. Daar is steeds 'n groot mate van meningsverskil onder sielkundiges oor die basiese aannames waarop ons kennis van menslike gedrag en belewenis gebou behoort te word. Hoewel die geskiedenis van die sielkunde ingewikkeld is, kan ons dit vereenvoudig deur vier hoof ideologiese magte te identifiseer wat sielkundiges in hulle benadering beïnvloed het.”

Jordaan en Jordaan (1992:18) noem dat 'n paradigma niks anders is as: “...lewensfilosofie, wêreldbeeld, wêreldsiening, lewensbeskouing en mensbeskouing”.

Hierdie vier hoof ideologiese magte word dan deur Edwards en Louw (1998:12-17) bekendgestel:

3.1.2.1 Die eerste mag: Natuurwetenskap (Behaviorisme)

Wilhelm Wundt (1832-1920). Hy het die sielkunde gedefinieer as “...die sistematiese studie van bewustelike ervaring.” Ivan Pavlov (1849-1936) (Spangenberg, 1998:212) het in 1904 die Nobelprys vir sy navorsing oor die spysverteringstelsel van honde ontvang. In die proses het hy sy naam in die geskiedenis van die sielkunde as wetenskap verewig.

Volgens Meyer en Van Eede (1998:57) word John B. Watson (1878-1958) “...algemeen as die vader van die behaviorisme beskou.” John Watson (Edwards en

Louw, 1998:14) het dit in 1913 in 'n invloedryke artikel gestel dat die sielkunde 'n "...suiwer objektiewe tak van natuurwetenskap" moet word en "moet wegdoen met alle verwysing na bewussyn. Dit was die begin van die **behaviorisme** wat Amerikaanse akademiese sielkunde vir meer as 50 jaar oorheers het."

3.1.2.2 Die tweede mag : Psigoanalise

Freud (1856-1939) (Edwards en Louw, 1998:15) het 'n vrou Anna O. met ernstige emosionele probleme gehelp deur haar te laat praat. Hierdie 'praatterapie' was die begin van **psigoanalise** wat die **tweede mag** is wat die sielkunde gevorm het. Volgens Demorest (2005:2) is Freud van mening dat kragte in die onderbewuste oorlog voer teen mekaar. Seksuele en aggressiewe drange word deur morele vereistes van die samelewing onderdruk. Die oplossing is die korrekte kanalisering, aanpassing en - deur middel van kompromie - bevrediging van hierdie drange.

3.1.2.3 Die derde mag: Eksistensialisme, fenomenologie en humanistiese sielkunde

Edwards en Louw (1998:18) beskryf die ontwikkeling van die derde mag soos volg:

"Carl Rogers (1920-1987) het 'n nuwe benadering tot psigoterapie ontwikkel. Hy het geglo dat mense nie raad gegee behoort te word nie. Hulle sal natuurliker-wyse leer om hulle probleme op hulle eie manier op te los indien die terapeut begrip en respek toon, en in eerlike en egte verhouding met hulle verkeer. Dit was hoofsaaklik Maslow wat verantwoordelik was vir die vestiging van 'n identiteit vir die derde mag binne die Amerikaanse sielkunde. Hy het baie sielkundiges saamgetrek wat direk deur die idees van eksistensialisme en fenomenologie, en deur die werk van Carl Rogers beïnvloed is. **Humanistiese sielkunde** is gebore toe die *Journal of Humanistic Psychology* in 1961 tot stand gekom het en die Association for Humanistic Psychology in 1963 gestig is."

3.1.2.4 Die vierde mag: Transpersoonlike sielkunde

Die derde mag het, volgens Edwards en Louw (1998:18), die vraag: “wat is die beste wat ‘n mens kan wees in terme van gesonde ontwikkeling en die vervulling van potensiaal?” beantwoord. Hierdie benadering het egter die deur geopen vir die ondersoek van baie ervarings wat nie binne ‘n teorie van suiwer persoonlike ontwikkeling ingepas kon word nie. Mettertyd het die benaming ‘transpersoonlike ervarings’ posgevat wat dui op ‘n siening van die wêreld wat in wese geestelik (“spiritual”) is.

Edwards (1998:556) beweer dat:

“Carl Jung was ‘n vroeë pionier van **transpersoonlike teorie**, lank voordat die term ‘transpersoonlik’ in sielkunde in gebruik gekom het.”

3.1.2.5 Denkskole en tydsgees

In 2005 skryf Demorest (2005:4):

“From within their respective paradigms of psychology, Freud, Skinner, and Rogers each believed that he had found the means for explaining what it is to be a person. Each felt that he had discovered the truth about human nature. And yet these truths are entirely different. In this book I argue that differences in these three major paradigms of psychology result in large part from differences in the personal lives of their founders.”

Voordat daar meer in besonder op elke skool gefokus word, is dit belangrik om te let op die rol van die tydsgees in die filosofiese denkstrome deur die eeue heen ten opsigte van die mensbeeld. Labuschagne (1991:400-411) stel ‘n chronologiese lyn vas vanaf die Renaissance/Reformasie tot die twintigste eeu. Vervolgens ‘n kort opsomming van hierdie lyn deur Verhoef (2000, 67):

“# Renaissance in die 15e tot 16e eeue. – Ongebonde en outonome mens buite die gesagsfeer van die kerk.

Rasionalisme in die 17e eeu en die Verligting in die 18e eeu.
– Die mens is burger slegs van een wêreld, naamlik hierdie wêreld. 'n Gesekulariseerde mensbeeld voer botoon.

Antroposentrisme in die 19e eeu. – Selfgenoegsame mens verruil geloofsekuriteite vir wêreldse sekuriteite.

Funksionele kultuur in die 20e eeu. – Die mens aanvaar of verwerp alles op grond van ervaring van die sin, funksie of praktiese bruikbaarheid van die lewe wat vir die hier en nou geld.”

3.2 Behaviorisme

Spangenberg (1998:212) beskryf Pavlov soos volg:

“Ivan Pavlov was 'n Russiese fisioloog wat in 1904 die Nobelprys vir sy navorsing oor die spysverteringstelsel van honde ontvang het. Tydens sy navorsing oor die rol van speeksel in die spysvertering van honde, het hy as't ware per toeval 'n ontdekking gemaak wat hom so geïnteresseer het dat hy die laaste drie dekades van sy lewe daaraan gewy het. In die proses het hy sy naam in die geskiedenis van die sielkunde as wetenskap verewig.”

Volgens Savory, Joselin en Walton(1947:78) is Ivan Petrovitch Pavlov op 14 September 1849 te Ryazan, Rusland gebore. Die seun van die plaaslike priester. Hy begin sy skoolloopbaan aan die plaaslike kerkskool. Pavlov se grootvader aan vaderskant was die koster en grafgraver (Babkin,1971:6). Sy moeder, dogter van 'n priester, het ook in 'n pastorie opgegroeï (Gantt, 1941:12). Pavlov se peetvader was 'n monnik en het 'n groot invloed, meer as die van sy biologiese vader, op Pavlov gehad (Babkin, 1971:8). Pavlov het as sieklike kind baie tyd in die klooster spandeer.

Met die voltooiing van sy laerskool loopbaan, voeg Pavlov hom by die kerklike hoërskool. Daarna is hy na die plaaslike teologiese skool om hom as priester te bekwaam (Babkin, 1971:10). In 1870 (Gantt, 1941:13) laat vaar Pavlov die idêe om hom as priester te bekwaam. Volgens die webbladsy van WGHB (WGHB Radio,

1998) het dit gebeur nadat hy Darwin gelees het en besluit het dat hy eerder in die wetenskap belang stel.

3.2.1 Pavlov en die wetenskap

Babkin (1971:85) maak die volgende stelling: "As a true son of the nineteenth century, Pavlov believed in science to the fullest extent. Science, unrestricted in its investigations, should, according to the materialistic philosophy of the latter half of the nineteenth century be able to answer all questions pertaining to life and to replace religion." Babkin (1971:86) beskryf dit soos volg:

"Nowhere does Pavlov express his belief in science so strongly as in the preface to his collected papers and reports, '*Twenty years of objective study of the higher nervous activity (behavior) in animals*, which was translated by W.H.Gantt under the title *Lectures on conditioned reflexes* (Pavlov, 1928).' This is his profession of faith. Pavlov speaks of doubts which he had concerning the appropriateness of studying the functions of the cerebral cortex by the purely objective physiological method rather than by the psychological.

"Gradually, with the progress of our research [he wrote], these doubts appeared more rarely and now I am deeply and irrevocably convinced that along this path [of conditioned reflexes] will we find the final triumph of the human mind over its uttermost and supreme problem the knowledge of the mechanism and laws of human nature. Only thus may come a full , true, and permanent happiness. Let our mind rise from victory to victory over surrounding nature, let it conquer for human life and activity not only the surface of the earth but all that lies between the depth of the seas and the outer limits of the atmosphere, let it command for its service prodigious energy to flow from one part of the universe to the other, let it annihilate space for the transference of its thoughts - yet the

same human creature, let by dark powers to wars and revolutions and their horrors, produces for itself incalculable material losses and inexpressible pain and reverts to bestial conditions. Only science, exact science about human nature itself, and mostly the sincere approach to it by the aid of the omnipotent scientific method, will deliver man from his present gloom, and will purge him of his contemporary shame in the sphere of interhuman relations [Pavlov, 1928, p41].”

3.2.1.1 Klassieke kondisionering

Spangenberg (1998:212-213) beskryf Pavlov se eksperimente en bevindings soos volg:

“Pavlov se deelnemers was honde wat in sy laboratorium in ’n harnas vasgemaak was. Hy het toe reeds vasgestel dat honde sonder uitsondering speeksel afskei wanneer kos in hulle bekke geplaas word. Om die volume speeksel vas te stel, het hy buisies in die honde se speeksel kliere ingeplant sodat hy die speeksel kon versamel nadat hy vleispoeier in hulle bekke geplaas het. Hy het agtergekom dat die honde speeksel begin afskei voordat die vleispoeier in hulle bekke geplaas word en wel by die blote aanskouing van die vleispoeier en selfs by die aanhoor van die navorser se voetstappe. Aanvanklik het hy dit as ’n lastige komplikasie van sy navorsing beskou, maar sy kreatiewe brein het gou die implikasie van hierdie toevallige ontdekking besef: Die honde het geleer om speeksel af te skei sodra hulle die vleispoeier sien of die voetstappe hoor.”

Spangenberg (1998:213) vra dan verder: “... hoe vertolk ons Pavlov se eksperiment in sielkundige terme? Die honde is gekondisioneer om ’n respons (speekselafskieding) te lewer op ’n stimulus wat nie normaalweg tot hierdie respons sou gelei het nie.” Spangenberg (1998:215) verklaar verder: “... die belangrikheid van Pavlov se werk is geleë in die kennis wat verwerf is, naamlik dat baie ander

response op baie ander stimuli in baie ander spesies - van visse tot honde, ape en mense – klassiek gekondisioneer kan word.”

3.2.1.2 Pavlov en die psigologie

Fancher (1979:527) haal Pavlov aan: “It is still an open question whether psychology is a natural science, or whether it can be regarded as a science at all.” Pavlov wat homself as ‘n ware wetenskaplike beskou het, was huiwerig om hom te vereenselwig met: “Questionable doctrines about unverifiable subjective states.” Pavlov het hier verwys na psigoanalise. Die oplossing vir Pavlov het gekom deur die werk van ‘n kollega Ivan M. Sechenov (1829-1905). Fancher (1979:296) skryf :

“ ... after pondering Sechenov, Pavlov realized that psychic secretions could be interpreted as the result of new, cortical reflexes becoming attached to the innately given neutral circuitry of the basic digestive reflexes. From this new point of view, everything could be described in proper physiological terms, and embarrassing references to subjective psychological states could be dropped altogether.”

Fancher (1979:297) vervolg:

“Pavlov formally banned all psychological terminology from his laboratory, threatening to fire anyone who discussed findings in subjective terms, and spent the rest of his long life studying conditioned reflexes.”

3.2.2 John Broadus Watson

Volgens Meyer en Van Eede (2001:57) word John B. Watson algemeen as die vader van die behaviorisme beskou. Spangenberg (1998:215) toon aan : Watson is “sterk deur Pavlov se eksperimente beïnvloed. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die sielkunde slegs wetenskaplik bestudeer kan word indien sielkundiges hulle toespits op die studie van uiterlik waarneembare gedrag wat eksperimenteel manipuleer kan

word. Hy wou dus heeltemal wegdoen met begrippe soos 'bewussyn', 'bedoeling' en 'verwagtinge', wat hy as vaag en niksseggend beskou het."

Volgens Edwards en Louw (1998:14) "... het ontevredenheid met die metode van introspeksie tot 'n belangrike verskuiwing in die definisie van die sielkunde gelei. John Watson het dit in 1913 in 'n invloedryke artikel gestel dat die sielkunde 'n 'suiwer objektiewe tak van die natuurwetenskap' moet word en moet 'wegdoen met alle verwysing na bewussyn."

John Broadus Watson is gebore op 9 Januarie 1878 naby Greenville, Suid-Carolina (V.S.A.-A.P.B.) (Fancher, 1979:314). Hy is vernoem na 'n invloedryke plaaslike predikant. Hy is opgevoed in 'n hoogs gelowige, fundamentalistiese huishouding. Alhoewel hy van jongs af rebels was en ondanks 'n swak akademiese rekord, is hy op sestienjarige ouderdom toegelaat tot die plaaslike Furham Universiteit. Hy sou teen die einde van die voltooiing van sy baccalareusgraad, sy studies voortsit aan Princeton Teologiese seminarium. Hy slaag egter nie sy finale eksamen nie en bly nog 'n jaar by Furham om sy meestersgraad te voltooi. Gedurende hierdie jaar sterf sy moeder. "Perhaps because of this, and perhaps because of a genuine shift in his interests, Watson's ambitions took a more secular turn. He had become interested in Philosophy and Psychology, and decided to attend graduate school in those two (not yet academically divided) subjects." (Fancher, 1979:315)

In 1913 publiseer Watson die reeds genoemde artikel. Sy inleiding (Watson, 1913:158) lui soos volg:

"Psychology as the behaviorist views it is a purely objective experimental branch of the natural science. Its theoretical goal is the prediction and control of behavior. Introspection forms no essential part of its methods, nor is the scientific value of its data dependent upon the readiness with which they lend themselves to introspection in terms of consciousness. The behaviorist, in his efforts to get a unitary scheme of animal response, recognizes no dividing line between man and brute. The behavior of man, with all of its refinement and complexity,

forms only part of the behaviorist's total scheme of investigation."

Die mensbeskouing van die behavioris is gebaseer op die evolusie-teorie. Die mens is 'n hoogsontwikkelde dier. Soos Viljoen (2002:249) dan ook aandui:

"The behaviorist fully accepted Charles Darwin's (1809-1882) theory of evolution, particularly his assertion that humans are the culmination of a process of evolution and that they therefore originate from animals. For behaviorists, this implies that human behavior can be explained along the same principles as the behavior of the lower animals, and should be studied in the same way. They therefore had no qualms about using animals as experimental subjects in their research projects, and then drawing conclusions about human behavior from their findings."

3.2.2.1 Watson, psigologie en die Bybel

Watson (1929:8-9) skryf die volgende: "*What is the behavioristic note in psychology?*" Hy antwoord homself dan deur te verduidelik dat die psigologie so oud soos die mensdom self is. Hy verwys na die sondeval en verhale in die Griekse mitologie. Volgens Watson gaan dit telkens om die aanbidding van 'n beloning vir bepaalde gedrag. As jy iets voor 'n persoon neersit, kan jy verseker wees daar gaan reaksie wees.

Ten opsigte van die religieuse agtergrond van introspektiewe psigologie (Watson, 1929:10-12) skryf hy dat niemand presies weet hoe geloof in die bo-natuurlike ontstaan het nie. Volgens Watson het dit ontstaan toe mense wat te lui was om te werk, metodes ontwikkel het om mense wat vrees ervaar, te help om dit te oorkom. Hierdie mense is deur die geskiedenis heen medisyne-manne, besweerders, profeet-gode en droomontleders genoem. Hierdie mense het mettertyd meer

georganiseerd geword en kerke, tempels en katedrale gebou. Die godsdiens is gebore. Hy sluit sy betoog ten opsigte van die ontstaan van godsdiens soos volg af:

“The chief medicine man in the family is, of course, always the father. In the still larger group God or Jehovah takes the place of the family father. Thus even the modern child from the beginning is confronted by the dicta of the medicine man - be that his father, the soothsayer of the village, the God or Jehovah. Having been brought up in this attitude of authority, he never questions their written or spoken statements. He accepts them at their face value. He has never deviated from them, neither have his associates, and hence has never had an opportunity to prove or doubt their worth. This accounts for the hold religion and superstition have upon our life.”

Teenoor Psigoanalise wat fokus op die onderbewuste, stel Watson (1930:2) dat behaviorisme nie fokus op die onderbewussyn nie. Volgens Watson het die idee van 'n onderbewussyn ontstaan as gevolg van toordery en bygeloof. Hierteenoor konsentreer behaviorisme op waarneembare menslike gedrag. Barbare, volgens Watson, glo dat jy deur middel van sekere rituele 'n goeie oes kan verseker.

Hy skryf :

“ Almost every era has its new magic, black or white, and its new magician. Moses had his magic: he smote the rock and water gushed out. Christ had his magic: he turned water into wine and raised the dead to life (Watson, 1930:2).

3.2.2.2 Mensbeskouing

Soos reeds hierbo aangedui, handhaaf die Behavioriste op grond van die evolusie-teorie van Darwin die standpunt dat mens en dier dieselfde is, die mens het net verder ge-evoleer. Die waarneembare gedrag van die mens is die resultaat van sekere omgewingsgebeurtenisse. Dit gaan dus daarom dat die mens en dier se

gedrag gesien word as 'n blote funksie van omgewingsgebeure (Jordaan & Jordaan, 1992:20).

3.2.2.3 Watson se teorie en openbaring

Creelan (1985:194) dui aan dat Watson se teorie baie ooreenstem met die van die millennialismiese Bybelse beskouing. Creelan verduidelik dat Watson se doktrale skripsie deurweek is met millennialistiese simboliek. Watson het die rol van die verbondsgod – wat voortdurend dreig en seën - gebruik om sy teorie te verduidelik.

3.2.2.4 Behavioristiese terapie

Volgens Sternberg (2004:614-615) **verskil** die behavioristiese terapie van ander terapieë ten opsigte van: eerstens, tydsduur. In teenstelling met ander terapieë wat lank duur, is die behavioristiese terapie doelbewus kort. Tweedens, waar die psigoanalise wegbeweeg van die behandeling van simptome, spits die behaviorisme hom spesifiek toe op die verligting van simptome. Derdens, terwyl die terapeut die persoon betrek by die hantering van sy probleme, skryf die terapeut doelbewus verandering in optrede voor vir die persoon. Laastens, die terapeut volg noukeurig objektiewe wetenskaplike voorskrifte.

Die Behaviorisme “wou heeltemal wegdoen met begrippe soos ‘bewussyn’, ‘bedoeling’ en ‘verwagtinge’.” (Spangenberg, 1998:215).

3.3 Psigoanalise

3.3.1 Inleiding

Karasu (2005 : 2486) beskryf die psigo-analitiese proses soos volg:

“The psychoanalytic process involves bringing to the surface repressed memories and feelings by means of a scrupulous unraveling of hidden meanings of verbalized material and of the unwitting ways in which the patient wards off underlying conflicts through defensive forgetting and repetition of the past. The overall process of analysis is one in which unconscious neurotic conflicts are recovered from memory and verbally

expressed, re-experienced in the transference, reconstructed by the analyst and, ultimately, resolved through understanding.”

Almay (2000:18) wys daarop dat daar in 2000 reeds 250 verskillende tipes psigoterapieë bestaan het.

Glynn (1999:57) skryf : “After Darwin and the random universe, the second great challenge to religious belief in the twentieth century came from Sigmund Freud and the Psychoanalysis. Psychoanalysis was a major force for secularization in twentieth-century societies, inspiring a virtual revolution in manner and morals.”

Parrot (2003:2) toon aan dat ‘n rewolusie in 19de eeuse Europa ontwikkel het. Anders as die Franse en Amerikaanse rewolusies van die 18de eeu, het hierdie rewolusie begin sonder geweervuur, troepe of die oorneem van politieke mag. Dit het begin met ‘n enkele man wat die denke van die westerse beskawing onomkeerbaar verander het. Hierdie man het nuwe paradigmas verskaf waarop ‘n magdom ander idees en gedragspatrone baseer is.

“He defied issues that are points of reference for modern woman and men. He set in place the frameworks on which decisions for educating children are made, people are evaluated, events interpreted, values determined, actions motivated, documents negotiated. For better or for worse, almost nothing in life has escaped his influence. The intellectual giant who revolutionized the thinking of the Western World was a neurologist – turned-psychiatrist whose life is forever identified with Vienna, Austria. His name is Sigmund Freud (1856-1939).” Parrot (2003:2).

3.3.2 Sigmund Freud (1856-1939)

3.3.2.1 Kort biografiese beskrywing

Eysenck (1985:19) stel dit duidelik dat dit onmoontlik is om ‘n behoorlike insig te kry van Freud se lewenswerk sonder om die mens Freud te leer ken.

3.3.2.2 Freud as kind

Freud is gebore die aand van 6 Mei 1856 in die Katolieke dorp Freiberg, Moravia, wat toe deel was van die Oostenryks-Hongaarse ryk wat vandag bekend is as Tjeggieslowakye (Palmer, 1997:3). Beide sy ouers was Jode. Sy vader was 'n wolhandelaar wat wewenaar geword het op 40 jaar, hy het twee volwasse seuns gehad. In 1855 trou hy met 'n dame 20 jaar jonger as hyself. Freud se een halfbroer was toe reeds getroud en die vader van 'n seun. Hierdie vreemde gesinsopset moes 'n effek op Freud se latere werk gehad het. Hy het naamlik diepte-studies gedoen oor familie hierargieë en interaksie. Costigan (1967:2) dui aan dat Freud die oudste van agt kinders was by sy vader se tweede vrou. Die tweede oudste seun het as baba gesterf. Hierdie gekompliseerde gesinsamestelling het wel 'n effek op sy latere teorieë gehad. Deurdat hy sy drome geanaliseer het, het hy veertig jaar later sekere waarnemings wat hy op ouderdom vier gemaak het, opgeroep. Onder andere kon hy onthou dat hy sy ma nakend gesien het. Hierdie delwery in sy verlede het aanleiding gegee tot die Oedipus-teorie wat later bespreek word.

Demorest (2005:45) toon aan dat Freud 'n besondere sterk band met sy moeder gehad het. Freud het die koms van 'n tweede baba ervaar as 'n bedreiging vir hierdie band met sy moeder. Die seun het egter op 19 maande gesterf en Freud het homself daarvoor blameer aangesien hy die kind nie kon aanvaar nie.

Freud het volgens Demorest (2005:48) nie 'n goeie verhouding met sy vader gehad nie. Dit was vir hom asof hy met sy vader moes kompeteer vir die liefde van sy moeder. Demorest verwys na 'n voorval waar die kind Freud, sonder om te klop by sy ouers se kamer ingegaan het en dat sy vader woedend hieroor teen hom uitgevaar het.

Freud het 'n kinderoppasser gehad - Resi Witteken - wat hom gereeld na Rooms-Katolieke dienste geneem het en wanneer hy tuis gekom het, het hy vir die res van die gesin gepreek (Palmer, 1997:5). Hierdie oppasser is later as gevolg van diefstal ontslaan. Balogh (1971:12) konkludeer dat hierdie besoeke aan die Roomse kerk sy antipatie teenoor die Christengeloof aangewakker het. Palmer (1997:5) noem verder dat die Freud-gesin Kersfees en Paasfees gevier het, maar geen Joodse feesdae

nie. Costigan (1967:2) toon aan dat Freud se grootvader en groot-grootvader beide Rabbi 's was. Hy was goed onderlê in die Joodse en Christelike geloof, soos dit later sou blyk uit sy analisering van die Joodse en Christelike geloof (Balogh,1971:12).

3.3.2.3 Freud as student

Balogh (1971:13) wys daarop dat Freud 'n uitstekende student was - sewe jaar die topstudent in sy klas. Hy het veral 'n aanleg vir tale gehad en kon Hebreeus , Grieks (grondtale van die Bybel-A.P.B), Latyn, Engels en Frans vlot praat en lees. Hy het homself later Spaans en Italiaans geleer.

Alhoewel sy belangstelling in die Literatuur en Filosofie was, het hy besluit om homself as 'n medikus te bekwaam. Volgens Thornton (1986:22) is hierdie besluit gemotiveer deur 'n stuk van Goethe wat handel oor die natuur. Dit handel oor Moeder natuur wat haar vele kinders toelaat om haar geheime te ontdek. Demorest sluit hierby aan en noem dat:

“One source for Freud’s early classification of self preservative – preservative versus species - instincts is probably Darwin’s theory of evolution, which had an overwhelming impact on scientific thought in the late 1800s. In his autobiography, Freud cites Darwin’s theory as the other major influence in his decision to study medicine along with Goethe’s essay on nature.” (Demorest, 2005:64).

Freud het homself nooit as 'n mediese dokter beskou nie. Hy was egter gefassineer deur die navorsing van die mens en die wetenskap. Hy is gestimuleer deur die werk van Charles Darwin en sy evolusie-teorie. Costigan (1967:11) haal Freud aan wat teenoor sy vriend Ferenci sou opgemerk het dat, ten opsigte van sy loopbaan as geneesheer, “I lack that passion for helping others.” Hy het vir drie jaar sonder motivering voortgegaan met sy mediese studies. In sy derde jaar ontmoet hy vir Ernst Bucke, “...the greatest authority, who carried more weight with me than any other in my whole life.”(Costigan,1967:11.) Balogh(1971:16) dui aan dat dit hier by die Bruckes Institute is waar hy geïnspireer is deur die konsep dat mense - soos alle

lewende wesens - net begryp kan word op grond van fisies-chemiese terme.

Eysenck (1985:21) skryf dat Freud in 1882 by die algemene hospitaal in Vienna aangesluit het as 'n junior praktisyn. Op nege en twintigjarige ouderdom word hy aangestel as dosent in die Neuropatologie. Hy ontvang ook 'n reisbeurs en kon daarmee vir vyf maande onder Charcot gaan studeer in Parys. Charcot was bekend vir sy studies in hipnose. Dit is onder Charcot se invloed dat Freud se belangstelling in die Psigologie eerder as die Fisiologie geprikkel is.

Met sy terugkeer uit Parys, tree hy in die huwelik met Martha Bernays (Balogh, 1971:26). Hulle trou volgens Joodse en siviele wetgewing. Martha se grootvader, Isaac Bernays, was die Hoof Rabbi van Hamburg (Balogh, 1971:23). Haar gesin was streng ortodokse Jode. Costigan (1967:23) toon aan dat Freud gereeld oor geloofsake met Martha se ma en broer (wat met Freud se suster getroud is) geargumenteer het. Hy het van sy vrou verwag om haar by hom te skaar. Sy moes al sy teorieë ten opsigte van geloofsake ten volle aanneem. Freud self het gesê dat hy ietwat van 'n tiran is ten opsigte van hierdie dinge.

3.3.2.4 Freud en kokaïen

Volgens Balogh (1971:21) is geen studie van Freud volledig sonder die kokaïen-insident nie. In 1884 het Freud 'n onbekende alkoid kokaïen bekom met die doel om die fisiologiese werking daarvan te bepaal. Hy was baie na aan 'n deurbraak vir die gebruik van kokaïen as lokale verdoving tydens geringe operasies. 'n Vêrlangse vriend, Carl Koller het deur eksperimentering aangedui dat kokaïen gebruik kan word. Freud was hewig ontsteld en het 'n kuier by sy toe nog verloofde blameer vir die feit dat hy nie die erkenning gekry het nie.

Barlogh (1971:21) dui verder aan dat Freud self besluit het om ligte dosisse kokaïen te gebruik, aangesien hy ervaar het dat dit depressie verlig. Hy het ook verneem dat dit deur soldate gebruik word om hul stamina te verbeter. Sy vriend, Fleschl-Maxow, het 'n morfiënverslawing ontwikkel na 'n handoperasie. Freud het aanbeveel dat hy kokaïen gebruik om hom van morfiënverslawing te bevry.

Thornton (1986:44) beskryf volledig hoe Freud begin het om met kokaïen te

eksperimenteer deur self klein hoeveelhede te gebruik. Hy was so beïndruk met die resultaat, dat hy dit selfs vir sy verloofde voorgeskryf het. Vir Freud het dit verligting van depressie en swak spysvertering bewerk. In 'n artikel getiteld "Über Coca" (Thornton, 1986:44) wat in die Julie 1884 uitgawe van "Zentralblatt für die gesammte therapie" verskyn het, beskryf hy sy eie belewenis met die middel. Hy skryf dat hy 'n euforie ervaar het wat dieselfde moes wees as wat 'n gesonde persoon moet beleef, dit het ook sy werkvermoë geweldig verbeter.

Hy lewer op 3 Maart 1885 (Thornton, 1986:50) 'n referaat voor die Fisiologiese klub en twee dae later die Psigiatriese vereniging. Tydens hierdie geleentheid beskryf hy hoe hy sy vriend, Fleischl-Marxow, gehelp het om deur middel van die gebruik van kokaïen, verlos te word van morfiënverslawing. Hierdie voordragte verskyn in die "Medicinish-Chirurgisches Centralblatt". Hy noem daarin dat hy vir geen oomblik huiwer om dit aan te beveel nie. Hy laat egter na om aan te toon dat sy vriend intussen teruggeval het, en nou nie net morfiën nie, maar ook kokaïen gebruik. Hierdie vriend sterf ses jaar later 'n aaklige dood as gevolg van hierdie dubbele verslawing. Twee jaar na hierdie publikasie, begin die artikels van oor die wêreld instroom ten opsigte van die aaklige gevolge van kokaïenverslawing. Balogh (1971:21) toon aan dat die kokaïengebeure Freud se werk as wetenskaplike geweldig skade berokken het. Thornton (1986:214) skryf dat 'n simptome van kokaïenverslawing 'n messiaanse karakterbeskouing van die self bevorder.

Demorest (2005:43) haal Freud aan uit 'n brief wat hy aan sy toe nog verloofde (dus gedurende bogenoemde periode.-A.P.B.) geskryf het, pas nadat hy al sy geskrifte verbrand het. Hy was nog maar 'n onbekende medikus.

"I have just carried out one resolution which one group of people, as yet unborn and fated to misfortune, will feel acutely. Since you can't guess whom I mean I will tell you: they are my biographers. I have destroyed all my diaries of the past fourteen years, with letters, scientific notes and the manuscripts of my publications. Only family were spared ... Let the biographers chafe; we won't make it too easy for them. Let

each one of them believe he is right in his 'Conception of the Development of the Hero': even now I enjoy the thought of how they will go astray."

Demorest vra dan tereg die vraag? Hoe kon so 'n jong medikus voorsien dat hy 'n "Hero" figuur gaan wees waaroor biograwe graag sal wil skryf? Freud het met die stelselmatige verbranding van al sy geskrewe dokumente volgehou vir die res van sy lewe.

3.3.2.5 Freud se messiaanse obsessie

Webster (1995:300) skryf: "We have already seen the extent to which Freud's entire intellectual development, from his early papers on cocaine onwards, was shaped by his messianic character."

Thornton (1986:214) skryf:

"Freud's messianic obsession was evidently still alive as late as 1919 when he was maintaining that 'the theme of sexuality is our shibboleth' (Jones 1957). It was the messianic traits of its leader that gave the psychoanalytic movement its unique quality of a quasi-religious, quasi-political body. On the heretics side there were the 'heretics' (Freud's own term - *Autobiographical Stud*), excommunications, and schism."

Thornton (1986:214) beskryf nou verder hoe Max Graf (getroue volgeling van Freud) geskryf het dat Freud die hoof van 'n kerk was. Binne die bestek van 'n paar jaar het hy die ontwikkeling van 'n kerkgeskiedenis beleef. Graf skryf hoe Freud vir Adler (eens 'n volgeling van Freud) weggejaag het. Adler se sonde: sy teorie het te ver afgewyk van die van Freud.

Webster (1995:301) haal 'n biograaf (Ronald Clark.-A.P.B.) van Freud soos volg aan:

"Freud's belief that he had discovered the subterranean motives of conduct was subsumed into a fervour compounded of

dedication and an almost divine mission in life. From the Jewish Doctor convinced that he had found the key to human behaviour, the decent man anxious to ameliorate some of the miseries of the world, there emerged the leader determined to guide the human race towards the promised land."

Webster (1995:301) vervolg dan met sy eie kommentaar op Ronald Clark se opmerking dat dit moontlik as oorreaksie beskou kon word, as dit nie was vir die feit dat 'n mens nie aan Freud moet dink as bloot 'n wetenskaplike, sielkundige of as die skepper van 'n pseudo-wetenskap nie. Dit kan slegs behoorlik verstaan word as hy beskou word vanweë die feit dat hy diep binne sy hart, hy homself as 'n messias en die grondlegger van 'n nuwe godsdiens beskou het.

Bakan het volgens Webster (1995:301) reeds in 1958 die volgende ten opsigte van hierdie eienskap van Freud geskryf:

"That Psychoanalysis should have grown up in the context of the healing of the sick who were incurable by orthodox medical means accords with the messianic quality of the psychoanalytic movement for messianism characteristically proves itself first by miraculously healing the sick. Thereafter it reaches out to large-scale social reform. So Freud's psychoanalysis reached out from the healing of individuals to the healing of society."

3.3.3 Freud en die begin van Psigoanalise

Volgens Nye (2000:9) het Freud vroeg in sy lewe tot die oortuiging gekom dat hipnose aangewend kan word om dieperliggende probleme by mense te ontdek. Dit was 'n uitvloeisel van sy studie onder Charcot. Charcot het hipnose gebruik om pasiënte te help wat aan "histeria" gelei het. "Hysteria" word vandag beskryf as "conversion". 'n Persoon wat emosionele konflik ervaar, "convert" hierdie konflik sodat hulle fisiologiese simptome vertoon. Charcot het bevind dat hy soortgelyke simptome kon bewerk deur middel van hipnose.

Plutchik (2003:37) skryf dat Freud in samewerking met Joseph Breuer, 'n metode

ontwikkel het vir die behandeling van histeriese pasiënte. Hulle het hierdie metode “catarsis” genoem. Dit is gegrond op die veronderstelling dat die pasiënte emosies moes vertoon wat in verband staan met skynbare vergete traumatiese ondervindings van die verlede. Hul boek “Studies on hysteria” is gepubliseer in 1895. Breuer het kort hierna hom onttrek maar Freud het die studies voortgesit. Die skeiding was volgens Nye (2000:9) die gevolg van Freud se volgehoue veronderstelling dat alle emosionele probleme hul ontstaan het in die seksuele.

Hierdie was nie die enigste keer wat Freud se paaie geskei het van sy eens getroue ondersteuners nie. Ten opsigte van Jung en Adler maak Freud (1963:107) die volgende opmerking in ‘n persoonlike brief aan Pfister [‘n Pastor van Oostenryk met wie hy gekorrespondeer het. A.P.B.] “Permit me to express one suprising thing that struck me in retrospect in regard to the first edition of your *Psycho-Analyctic method*. This was that you put up so much better resistance to the confusion of Jung than you did to the absurdity of Adler.” Die feit dat hy na Jung as “confused” en Adler as “absurd” verwys, is bewys dat hulle nie as vriende uitmekaar is nie. Hy prys Pfister omdat hy hulle teëstaan.

Hy het ‘n komplekse teorie ten opsigte van die verstand en die ontwikkeling van kinders. Hy het ‘n wyse van behandeling ontwikkel wat hy Psigoanalise genoem het (Nye, 2000:9).

Nye (2000:2) som Psigoanalise soos volg op: Dit beklemtoon die onderbewussyn. Freud het daarop gekonsentreer om wat hy genoem het die kern van die menslike persoonlikheid te ontrafel, die kragte en konflikte wat diep binne die psige verborge lê. Hy het gepoog om die onderbewussyn te bereik deur middel van die interpretasie van drome en deur te luister na wat sy neurotiese pasiënte hom vertel. Freud het dit vrye assosiasie genoem.

Hy wou verneem hoe hulle onerkende, soms sosiaal verbode gedagtes en begeertes, verbaliseer. Hy was oortuig dat seksuele en aggressiewe drange die wortel van menslike gedrag is en dat die vroeëre kinderjare die kritieke periode is wanneer die individu se persoonlikheid gevorm word, deur interaksie van hierdie drifte met die sosialiseringproses binne die familie.

3.3.3.1 Die stadia van die lewensloop

Meyer en Van Eede(1998:47) som Freud se verduideliking van die lewensloop soos volg op: “Volgens sy psigoseksuele teorie verdeel Freud die mens se lewe in die **orale**, die **anale**, die **falliese**, die **latente** en die **genitale stadia**. Die eerste drie hiervan staan saam ook as die **pregenitale stadium** bekend. Elke stadium word gekenmerk deur ‘n spesifieke geaardheid van die seksuele drang. Trouens, Freud het selfs van verskillende seksuele drange gepraat. Die drange wat tydens die pre-genitale stadium opereer, het hulle liggaamlike energiebron nie in die geslagsdele nie maar wel in die mond, die anus en die manlike geslagsdeel onderskeidelik. Vandaar dan ook die name van die stadia.”

3.3.3.2 Id, ego en superego

Volgens Edwards (1998:527) het Freud die aard van psigiese konflikte “in terme van drie strukture verduidelik, naamlik die **id**, die **ego** en die **superego** . Die **id** (wat die Latynse word vir ‘dit’ is) bestaan uit twee soorte biologies gebaseerde **instinkte**: selfbehoud en die seksuele instink. Hierdie instinkte skep ‘n toestand van biologiese spanning wat mense motiveer om dit te verlig. Sterk emosies word opgewek as hierdie instinkte nie bevredig word nie.”

Meyer en Van Eede (1998:45) beskryf dit soos volg: “Die **psigiese energie** word, soos die stoom in ‘n kokende ketel, gedurig geproduseer en moet by wyse van gedrag verbruik word om opeenhoping en gevolglike ongerief en pyn te vermy. Wanneer psigiese energie nie verbruik word nie, byvoorbeeld omdat die samelewing sekere gedrag verbied, lei dit volgens Freud tot neuroses en ander gedragsprobleme.” Meyer en Van Eede (1998:45) verduidelik verder dat volgens Freud: “Die inperking van drang, energie deur morele reëls en skuldgevoelens die mens se basiese psigiese probleem is.”

Volgens Edwards (1998:526) streef die mens ‘n genotsbeginsel na: “ons streef na genot en vermy pyn.” Ryckman (1993:33) dui aan dat hierdie genotsbeginsel waarskynlik ontstaan het uit die hedonistiese filosofie. Die **id** is reeds sedert geboorte aanwesig (Meyer & Van Eede, 1998:45).

Die **ego** word onderskei van die **id** (Ryckman, 1993:33). Die **ego** is die organiserende aspek van die **id**. Dit is die meganisme wat die **id** verhoed om impulsief die drange te bevredig wat dit natuurlik ervaar. Meyer en Van Eede (1998:46) beskryf dit as: “ ‘n Soort bestuurder van die **id**. Dit strewe daarna om die drange te bevredig, maar met in ag neming van die fisiese en morele werklikheid. Die **ego** gebruik meer effektiewe metodes om die drange te bevredig. Die **ego** funksioneer volgens die **realiteits-beginsel**.”

Die **superego** is volgens Freud die individu se internalisering van die morele voorskrifte of waardes van die samelewing (Ryckman, 1993:34). Hierdie waardes word hoofsaaklik deur die ouers aan die kind oorgedra. Die **superego** verteenwoordig dus ‘n stel aangeleerde gedragskodes. Meyer en Van Eede (1998:47) stel die verhouding tussen die drie strukture soos volg: “Terwyl die **ego** aan die een kant onder die gedurige druk van die **id** verkeer om drange te bevredig, staan dit aan die ander kant onder die druk van ‘n derde substelsel, die **superego**. Die **superego** is die morele substelsel of gewete van die persoonlikheid. Dit begin reeds tydens die eerste lewensjaar ontwikkel deurdat sekere reëls as gevolg van die ouers se straf en beloning geïnternaliseer word.”

Meyer en Van Eede (1998:46) beskryf die wisselwerking van die drie strukture hierbo in die verskillende bewustelikevlakke soos volg: “Die mens se psigiese funksionering is die gevolg van die drie dele van die persoonlikheid. Slegs ‘n klein proporsie van die funksionering geskied bewustelik. Volgens Freud funksioneer slegs die **ego** bewustelik, en dit ook maar slegs gedeeltelik. Alle funksies van die **id** geskied op ‘n onbewuste vlak, en die **superego** funksioneer eweneens onbewustelik of voorbewustelik.”

3.3.3.3 Drie vlakke van bewussyn

Volgens Meyer en Viljoen (2002:52-53) was Freud oortuig dat daar drie vlakke van bewussyn by die mens voorkom naamlik: die bewustelike, voorbewustelike en die onbewustelike.

Die *bewustelike*.

Bevat gedagtes, gevoelens en ervarings waarvan die persoon huidiglik bewus is.

Die voorbewustelike.

Inligting wat met min moeite herroep kan word. Hoofsaaklik gedagtes wat nie onaangenaam of pynlik was nie maar waarop die pasient nie huidiglik konsentreer nie.

Die onbewustelike.

Verdronge drange sowel as erg traumatiese ervarings wat nie deur die bewussyn herroep kan word nie.

Skematies (Edwards, 1998:530) kan hierdie drie bewussynsvlakke sowel as die id, ego en superego wat reeds bespreek is soos volg voorgestel word:

3.3.3.4 Oedipus kompleks

Volgens Edwards (1998:534-535) was Freud “van mening dat jong kinders intense emosies van liefde, jaloesie en woede teenoor hulle ouers ondervind. Hierdie sosiaal-onaanvaarbare emosies word egter onderdruk , maar skep later in die lewe probleme. Freud het dit die ‘**Oedipus-kompleks**’ genoem omdat aspekte van hierdie verbode emosies in die Griekse legende van Oedipus gesimboliseer word. Oedipus was die seun van die koning en koningin van Thebes. Volgens ‘n profesie sou hy eendag sy vader doodmaak. Om dit te voorkom, het sy ouers hom op ‘n berg agtergelaat om te sterf. ‘n Skaapwagter het hom gevind en hy is deur die koning van

‘n ander stad aangeneem. As volwasse man het Oedipus na Thebes gereis. Op ‘n eensame pad buite die stad het hy in ‘n geveg met ‘n ander man betrokke geraak en hom doodgemaak. Oedipus het nie geweet dat dit sy biologiese vader was nie. Daarna het Oedipus ‘n mitiese monster, die Sfinks, wat Thebes geterroriseer het, doodgemaak en sodoende die stad gered. Aangesien hulle koning vermoor gevind is, het die inwoners Oedipus uit dankbaarheid koning gemaak. Oedipus het met die koningin, wat natuurlik sy moeder was, getrou. Daarna het hy daarop aangedring om die moord op die koning te ondersoek. Uiteindelik ontdek hy toe die aaklige waarheid dat die koning sy vader was en dat hy self die moordenaar was. Oorstelp van skaamte en skuld, het Oedipus homself verblind en in ballingskap gegaan.”

Meyer & Van Eede (1998:48-49) beskryf hierdie mening van Freud, soos toegepas op die kind soos volg: Die seun ontwikkel seksuele en aggressiewe fantasieë en skuldgevoelens. Hy voel seksueel aangetrokke tot sy ma. Sy vader is in die pad en hy wens sy vader is dood. Terselfdertyd vrees hy sy pa en het ook ‘n hoë agting vir hom. Hy is bang sy pa sal hom kastreer. Die seun hanteer hierdie situasie deur middel van verdediging (repressie) en identifikasie. Hy onderdruk sy begeertes tot op ‘n vlak wat buite sy bewussyn is. Sy begeertes verdwyn egter nie (energie gaar op), dit wil gedurig opborrel. Hy verplaas moontlik later hierdie ongebruikte energie op sy baas of trou ‘n vrou wat herinner aan sy moeder.

Die seun kan ook hom met sy vader identifiseer. Dit beteken hy boots sy vader na. Hy inkorporeer sy vader se morele reëls in homself. Dit is die finale stap in die ontwikkeling van die superego. Dit is die groot prestasie van Oedipus.

Volgens Edwards (1998:537) is daar geen bewyse van die Oedipus-kompleks nie.

3.3.4 Freud en godsdiens

Volgens Rieff soos aangehaal deur Capps (2001:9) het Freud dieselfde “analytic attitude” teenoor die religie, die kunste en ander kulturele bedrywighede gehandhaaf as wat hy gebruik het met sy pasiënte. Capps (2001:10) verwys as bewys hiervan na Freud se laaste werk *Moses and Monotheism*, waarin Freud sy teorie ten opsigte van die “return of the repressed” gebruik om die terugkeer van Moses, nadat die Israeliete vir ‘n lang tyd deur die Egiptenare onderdruk was, te verduidelik. Dit is

vergelykbaar met begeertes en ervarings in die kinderjare wat onderdruk is en nou weer tydens adollosensie terugkeer.

Capps stel dit verder (2001:5) dat die Bybel 'n belangrike rol vervul het in sy psigoanaliserings van religie. Volgens Capps (2001:11) is hy oortuig dat Freud religieuse kuns meer gunstig beskou het as godsdienstige geloof omdat kuns, soos wetenskap, die seun laat triomfeer oor die vader. Capps sluit sy inleiding tot die saamgestelde werke van Freud af met die volgende opmerking:

"The selection concludes with Freud's comments about the dynamic relationship between Judaism and Christianity. He notes that Christianity, with its concept of original sin (emphasised by Paul), introduces another chapter in the effort of sons to expiate guilt for wrongs allegedly committed against God the Father. Through such expiation the sacrifice of one of their own the son is accorded divine status. In Freud's view, this is another form of the effort to displace the farther."

Ten opsigte van die duiwel maak Freud (Capps, 2001:47) die volgende stellings: Die duiwel is die antitesis van God maar tog, naby hom van aard. Die duiwel se geskiedenis is nie so goed bestudeer as die van God nie. Een ding is egter duidelik: gode word bose demone wanneer hulle onttroon word deur ander gode. Wanneer die dienaars van een god oorgeneem is deur die dienaars van 'n ander god, dan verander hul god in 'n bose demon. Die duiwel in die Christelike mitologie is 'n gevalle engel en het 'n goddelike natuur gehad. Dit verg nie veel analitiese insig om te raai dat God en die duiwel aanvanklik identies was nie, 'n enkel figuur wat later in twee verdeel het nie. In die vroegste tye van religie, het God self skrikwekkende eienskappe geopenbaar wat later gekombineer is met 'n **counterpart** van Hom. Ons het hier die voorbeeld dat elke idee wat 'n teenoorgestelde het, verdeel word in twee teenoorgesteldes. Die botsing in die oorspronklike aard van God word sigbaar in die verhouding van die individu tot sy eie vader as die barmhartige en regverdige God 'n plaasvervanger word vir sy eie Vader. Dit is daarom nie eienaardig nie dat sy eie vyandige gesindheid teenoor sy Vader; wat een is van haat en vrees en klagtes

teenoor Hom, ook lei tot die skepping van Satan. Dus die Vader, wil dit voorkom, is die individuele prototipe van beide God en die Duiwel. Maar ons sal tog van godsdienste verwag om onbetwisbare merke te vertoon van die feit dat die "primal father"- 'n wese van onbeperkte boosheid - 'n wese minder soos God en meer soos die Duiwel was.

Palmer (1997:2) haal Freud aan wat in 'n brief aan Jung die volgende opmerking gemaak het : "...of my own flashes of inspiration I am quite well again and correspondingly unproductive -I can confide only one. It has occurred to me that the ultimate basis of man's need for religion is infantile helplessness, which is so much greater in man than in animals. After infancy he cannot conceive of a world without parents and makes for himself a just god and a kindly nature, the two worst anthropomorphic falsifications he could have imagined (letter from Freud to Jung, 2 January 1910)."

Collins (1977:98) merk op dat Freud sy aanslae vanuit 'n psigologiese benadering op godsdiens geloods het terwyl hy omring deur beeldjies van Buddha, afbeeldings van Griekse afgode en ander religieuse voorwerpe gesit het.

In Totem en Taboo (Freud, 1961:141-142) maak Freud sy teorie ten opsigte van die ontstaan van godsdiens, gebaseer op die teorie van Darwin se "primal horde" bekend. Jones (1996:12-13) som hierdie beskrywing soos volg op: "In Darwin's primal horde" kry Freud se mening ten opsigte van kultuur en godsdiens gestalte. Daar was naamlik hierdie geweldige jaloerse vader wat al die vroulike stamlede vir homself geneem het. Sy seuns word, soos hulle opgroei, deur hom verdryf. Die Oedipus situasie ontstaan nou. Die resultaat is onafwendbaar. Die seuns sweer saam en vermoor hul vader. Hulle neem besit van die vrouens. Wanneer hulle egter tot besinning kom, besef hulle dat hulle nou leierloos is. Hulle ervaar ook 'n verlange na 'n vader, die haat word vervang deur liefde. Alhoewel hulle hul vader gehaat het op grond van hul onbegrensde drang na seks, was hulle tog van hom afhanklik om leiding te neem en hulle te beskerm. Hulle het hieroor tog ook liefde en bewondering vir hom gehad. Die laaste gevoelens moes hulle onderdruk sodat hulle hom kon vermoor. Hierdie skuldgevoel wat hulle nou ervaar, is die hoeksteen van alle gelowe.

Die seuns moes 'n manier vind om hierdie skuldgevoelens te verlig. Hulle moes op 'n manier vergoed vir hul bose daad. 'n Dier moes geoffer word sodat hulle van hul skuldgevoelens ontslae kon raak. Totemisme, godsdiens is gebore.

3.3.4.1 Moses en monoteïsme

Die laaste boek wat ooit van Freud gepubliseer is, was "*Moses and Monotheism*" (Freud, 1967). In hierdie boek beweer Freud dat Moses 'n magsbehepte Egiptenaar (Freud, 1967:20) was wat die Israeliete oortuig het dat 'n vulkaangod genaamd Jahwe (Freud, 1967:39) hulle wil uitlei uit Egipte. Hierdie is egter maar net weer die herlewing van 'n ou Egiptiese godsdiens volgens Freud (1967:27) "I venture now to draw the following conclusion: if Moses was an Egyptian and if he had transmitted to the Jews his own religion, then it was that of Ikhnaton, the Aton religion." Op 'n ander plek (Freud; 1967:41) beweer hy: "Our Egyptian Moses differs perhaps no less from the Midian Moses than the universal god Aton differed from the demon Jahve on his divine mountain. Jahwe word dus verbind met die demoon Jahwe. Op bladsy 71 van *Moses and Monotheism* bevestig hy sy bevindings in *Totem and Taboo* :

"That conviction I acquired a quarter of a century ago, when I wrote my book on *Totem and Taboo* (in 1912), and it has only become stronger since. From then on I have never doubted that religious phenomena are to be understood only on the model of the neurotic symptoms of the individual, which are so familiar to us, as a return to the primeval history of the human family, that they owe their obsessive character to the very origin and therefore derive their effect on mankind from the historical truth they contain."

Freud (1967:108) gaan nou voort en verduidelik hoe die Joodse monoteïsme oorgegaan het in die Christelike geloof. Hy skryf: "No other part of religious history has become so abundantly clear as the establishment of monotheism among the Jewish people and its continuation into Christianity - if we omit the development from the animal totem to the human god with his regular (animal) companion, a development which can be traced without a gap and readily understood." Hy

verduidelik dat as ons aanvaar dat die eksterne rede vir die oorsprong van monotheïsme die farao se ryk was, hierdie nuwe volk (die Isrealiete A.P.B.) dit oorgeneem het nadat dit vir 'n lang tyd latent was. Dit was vir 'n wyle hul kosbaarste besitting. Hulle is die uitverkore volk van die “primal father” (Freud, 1967:108) hulle het hoop vir sy beloning, onderskeiding en eindelike wêreldse soewereiniteit gehad. Hierdie wensfantasie is egter lankal vergete vir die Jode. Die noodlot het 'n hartseer uitwerking op hulle gehad sodat hulle die “primal father” lankal verlaat het. Hierdie “primal father” moet nou weer in ere herstel word.

Freud (1967:109) beweer dat:

“Paul, a Roman Jew from Tarsus, seized upon this feeling of guilt and correctly traced it back to its primal source. This he called original sin; it was a crime against God that could be expiated only through death. Death had come into the world through original sin. In reality this crime, deserving death, had been the murder of the father who was later deified. The murderous deed itself, however was not remembered; in its place stood the phantasy of expiation, and that is why this phantasy could be welcomed in the form of a gospel of salvation. A Son of God, innocent in Himself, had sacrificed Himself, and had thereby taken over the guilt of the world. It had to be a Son, for sin had been the murder of the Father.”

Hy noem dan dat Oosterse en Griekse misterie tradisies bygedra het tot die oorsprong van hierdie fantasie (Freud, 1967:110). Hy (Freud, 1967:110) stel dit dan dat by Paulus “Dark traces of the past lay in his soul, ready to break through into the regions of consciousness.” Die Mosaïese geloof was 'n Vader-geloof, die Christelike geloof is 'n Seun-geloof. “The (Freud, 1967:111) old God, the Father, took second place; Christ, the Son, stood in his stead, just like in those dark times every son had longed to do. Paul, by developing the Jewish religion further, became its destroyer.”

Pellissier (1937:9) skryf: “ons kan nou Freud se oortuiging omtrent die totstandkoming van die godsgedagte in die volgende stelling saamvat:

1. die godsgedagte is 'n verheerlikte vaderbeeld;
2. dit is gefatsoeneer na die beeld van die aardse vader:
3. die drang tot die daarstelling van hierdie vaderbeeld vind ons in die emosies wat kleef aan die herinneringe aan die aardse vader en aan die behoefte aan beskerming.
4. hierdie godsgedagte is dus niks anders as 'n skepping van die mens se eie begeertes d.w.s. 'n wensvervulling nie;
5. hierdie wensvervulling word hoofsaaklik bepaal deur die libido;
6. hierdie godsgedagte is dus 'n illusie en sonder objektiewe geldigheid.

3.3.4.2 Freud en erfsonde

Webster (1995:314-315) toon aan hoe Freud se teorie van die onderbewussyn aanpas by die leer van erfsonde. Volgens hom was die hart van die Christelike ortodoksie van die agtiende eeu die leer van die erfsonde soos geleer deur Augustinus. Hierdie leer het 'n aanval op die spirituele trots van die mens gemaak. Hierdie leer het geleer dat die mens op grond van die sonde van die eerste Adam, 'n probleem het waarvan hy nie kan ontkom nie. Dit is die rede vir boosheid in die wêreld, geen mens kan hom daarvan losskeur nie. Die mens kan dit nie rasioneel wegredeneer nie. Hy haal Pascal (Webster, 1995:315) aan: "the traditional Christian faith rests on two things, 'the corruption of nature and the redemption by Jesus Christ'. Webster (1995:315) vervolg: "The doctrine of Original Sin reigned for centuries as perhaps the most important psychological theory of Christian Europe. Its immense historical significance and its deep psychological appeal is an essential part of the heritage of modern intellectual culture. Yet one of the eventual outcomes of the rational spirit of the Reformation, and of the Counter-reformation in the Roman Catholic church, was that the doctrine tended increasingly to be repudiated by theologians and intellectuals." Freud het hier dus vir die mens 'n alternatief gebied vir boosheid in die wêreld, die onderbewussyn. Hierdie siekte toestand kan deur die regte praktisyns genees word deur terapie. Dit het die vakuum gevul wat gelaat is deur die verwerping van die leer van die erfsonde.

3.3.5 Mensbeskouing

Volgens Sternberg (2004:556) is Freud se mensbeskouing deterministies. Persoonlikheid is hoofsaaklik die gevolg van magte waaroor die mens weinig of geen beheer het nie.

“ Die heel basiese konsep van Freud se mensbeskouing is geleë in die stryd wat in die mens heers tussen, enersyds die drang om uiting aan die seksuele en aggressie in die mens te gee en, andersyds, deur die normatiewe reëls in die samelewing, wat die uiting daarvan wil verhoed.” (Verhoef, 2000:72).

3.3.6 Basis vir die ontwikkeling van sy teorie

Sternberg (2004:556) skryf dat die hele teorie berus op gevalle studies van mense wat psigologiese hulp gesoek het. Sternberg (2004:13) meld ook, dat Freud se teorie nie wetenskaplik begrond is nie, dit is slegs teoreties gedrewe.

3.4 Humanistiese psigologie

3.4.1 Inleiding

Collins (1977:57) haal Buhler en Bugental uit die 1965 uitgawe van die “American Association of Humanistic Psychology” se brosjure soos volg aan:

“Humanistic Psychology, the third force movement has ‘an ultimate concern with ... the dignity and worth of man and an interest in the development of the potential inherent in every person.’ Instead of reducing human beings to mechanistic reacting organisms (as both behaviorism and psychoanalysis had done) the humanists put ‘an emphasis on such distinctively human qualities as choice, creativity, valuation, and self-realization.”

Sternberg (2004:19) beskryf die humanistiese psigologie soos volg: Humanistiese psigologie beklemtoon die vrye wil en die belangrikheid van die menslike potensiaal. Dit volg ‘n holistiese eerder as ‘n analitiese benadering tot die psigologiese

fenomeen. Die fokus is op die bewustelike en nie op die onbewustelike belewenis van die menslike persoonlikheids ontwikkeling nie.

3.4.2 Geskiedenis

Moss (2001:10) toon aan dat gedurende die Renaissance die humanistiese denke in noordelike Europa verteenwoordig is deur Desiderius Erasmus. Hy skryf: "Erasmus's heated debate with Luther, was triggered by Luther's critique of Erasmus's essay on free will. Erasmus insisted on the role for the human will and personal responsibility, as well as God's grace, in achieving salvation. Luther, in turn, argued that grace alone provides salvation for the human."

Moss skryf dat die humanistiese psigologie ontstaan het weens die feit dat humanistiese denkers; " ... criticized psychoanalysis and behaviorism for attempting to explain the full range of human nature in terms of mechanisms drawn from the study of neurotic patients and laboratory rats." (Moss, 2001:10).

3.4.3 Carl Ransom Rogers (1902-1987)

3.4.3.1 Kinderjare

Carl Rogers is gebore op 8 Januarie 1902 in 'n voorstad van Chicago – Oak Park. Hy was die vierde van ses kinders waarvan vyf seuns was. (Thorne, 1992:1). Volgens Rogers (1961:5) het hy groot geword in 'n streng, onverdraagsame godsdienstige en etiese atmosfeer. Dit het beteken die aanbidding van harde werk. Sy ouers het hul lewens streng geregleer. Hulle het anders as ander mense grootgeword, geen alkohol, dansery, kaarte of teater is toegelaat nie.

Die jong Rogers was baie lief vir lees. Sy ouers was egter nie baie gemaklik met die feit dat hy 'n voorliefde vir fantasievertellings ontwikkel het nie. Hulle het verkies dat hy Bybelvertellings lees. (Kirschenbaum, 1979:4).

Rogers (1961:6) skryf dat sy ouers 'n plaas gekoop het toe hy twaalf was. Sy vader –wat 'n suksesvolle sakeman was – het die plaas om twee redes gekoop. Eerstens, as 'n stokperdjie en tweedens sodat die gesin beskerm is teen die verleiding van die stad. Op die plaas het Rogers twee belangstellings gekweek wat sy latere lewe

beïnvloed het nl. wetenskaplike studie van motte en onder aansporing van sy vader wetenskaplike landbou metodes.

3.4.3.2 Carl Rogers se verhouding met sy ouers

Kirschenbaum (1979:5) haal Rogers soos volg aan:

“My mother was a person with strong religious convictions, whose views became increasingly fundamentalist as she matured. Two of her biblical phrases, often used in family prayers, stick in my mind and give me the feeling of her religion: ‘Come out from among them and be ye separate’: All our righteousness is as filthy rags in Thy sight, oh Lord.’ (The first expressed her conviction of superiority, that we were of the elect and should not mingle with those who were not so favored; the second her conviction of inferiority, that at our best we were unspeakably sinful.) My father was involved too in the family prayers, church attendance and the like, but in a less emotional way. They were both devoted and loving parents, giving a great deal of time and energy to creating a family life which would ‘hold’ the children in the way in which they should go. They were masters of the art of subtle and loving control.”

Cohen (1997:22) skryf oor Rogers :

“His parents were loving but controlling. Everything was on their terms, according to their rules. At first, Rogers complained in private but, eventually, when he was famous and felt it important for people to understand what had shaped him, he complained in public. He judged his parents as never he judged his clients. To be a hurt child who becomes a healer is a seductive narrative about one’s life.”

3.4.3.3 Studentejare

3.4.3.3.1 Voor Sjina

Rogers begin sy studente jare aan die universiteit van Wisconsin in die landbou-wetenskap. (Thorne, 1993:3). Hy deel aanvanklik 'n kamer met sy broer wat ook die President van die YMCA (Young Men Christian Association) op die kampus was. Rogers voeg hom by 'n Bybelstudiegroep wat veronderstel is om onder leiding van 'n professor te wees. Hierdie professor – George Humphrey – weier om die konvensionele rol van leier te vervul en laat die groep toe om vrylik te dink (Thorne, 1993:3).

Rogers (1961:7) skryf dat hy gedurende die eerste twee jaar van sy studentejare 'n verandering ondergaan het. Emosioneel aangedryf deur godsdienstige konferensies, besluit hy om die bediening te betree. Kirschenbaum (1979:20) haal Rogers uit 'n persoonlike brief soos volg aan:

“I have just come from a fine fellowship meeting ‘Dad’ Wolfe spoke on ‘selecting a life work.’ Oh, it’s wonderful to feel God will really lead me to my life work, and I know He will, for never has He deserted me. Just the same, tho, it is an awesome thing to think that a wrong decision will wreck my life, but oh, how I’ll try and keep my life in tune with God, so that He can guide me. I have plenty of ambition, in fact I sometimes think I’m too ambitious, but it can only keep that terrible swelling force within me on the right path. I know all will be well. The most wonderful promise of the Bible for me is: Ask, and it shall be given you, seek and ye shall find; knock and it shall be opened unto you. Lord, I ask Thy guidance; I am seeking the kingdom of Heaven; and the door at which I knock Thou alone knowest beside myself. Lord help me to see in the right spirit that I may obey. Amen.”

Verder aan haal Kirschenbaum (1979:21) Rogers soos volg aan:

“During Eddy’s morning speech I almost made up my mind to go into Christian work and during his afternoon speech I made my final decision. God help me keep it! All my previous dreams seems cheap now, for I have volunteered for the biggest, the greatest work in the globe! I have found what I never found before, the peace of God which passeth all understanding. I never dreamed that simply enlisting for Christ could make me feel so right with the world. It is wonderfull.”

Thorne (1993:4) dui aan dat die dogmatiese en moralistiese opvoeding van Roger se ouerhuis, besig was om te verander in Rogers. Thorne (1993:4) beskryf dit soos volg:

“... was giving way to an altogether more passionate and personal involvement based on a changing perception of the nature of Christ. It is scarcely an exaggeration to deduce from a reading of Rogers diaries and letters of this time that the judgemental and awesome God of the Old Testament was gradually being replaced in Roger’s experience by a vibrantly human Jesus who offered a new intimacy and extended the possibility of a personal freedom which would have been inconceivable in the context of evangelical fundamentalism with which Rogers had grown up.”

Rogers (Rogers, 1961:7) word dan ook gekies om na Sjina te gaan vir die “International World Student Christian Federation conference”. Wat Rogers beskryf as: “ ... a most important experience for me.” (Rogers, 1961:7).

3.4.3.3.2 Reis na Sjina

Thorne (1993:4) skryf dat die reis na Sjina op hierdie kritieke stadium in Rogers se geloofslewe ‘n waterskeiding vir Rogers was. Kirschenbaum (1979:24) skryf dat gedurende die skeepsreis na Sjina, Rogers reeds gekonfronteer is deur verskillende godsdienslike beskouings.

Kirschenbaum (1979:24) haal Rogers aan waar hy verwys na 'n tipiese gesprek tydens hierdie skeepvaart: "... we got started on a discussion of whether a man had to believe in the deity of Christ to be a Christian, and that led to 'what is a Christian?' and we sat at the table thrashing things out and trying them out until ten o' clock. That is the beauty of this life on shipboard, that when we get into a profitable discussion, none of us have to quit, so that we either keep until we are worn out or else have arrived somewhere."

Rogers, volgens Kirschenbaum (1979:24) beskryf sy medereisigers as jong dinamiese leiers wat nie dogmaties dink asof hulle alleen die waarheid ken nie.

Aan die einde van hierdie reis skryf Rogers, soos aangehaal deur Kirschenbaum (1979:25) soos volg:

"Naturally all these friendships, and this eye-opening trip, and the time to think that I have had on the shipboard, etc., have tremendously changed me. Most of all perhaps, I have changed to the only logical viewpoint - that I want to know what is *true*, regardless of whether that leaves me a Christian or no. Since taking that attitude (and it had been a gradual step, starting before I left home) I have found the most wonderful new riches in the life of Christ and in the Bible as a whole. It is a tremendous relief to quit worrying about whether you believe what you are supposed to believe, and begin actually studying Christ to find whether he is a personality worth giving your life to. I know that for myself that method of approach has led me to far deeper and a far more enthusiastic allegiance to Him. For the first time in my life, I find myself anxious to tell people what I believe about Him, and about His wonderful Kingdom that he came to establish. I don't wonder that His early disciples simply couldn't keep from telling the 'good news'."

Thorne (1993:5) skryf dat dit duidelik is dat hierdie reis na Sjina 'n beduidende invloed op Rogers se latere werk gehad het. Die diepte van gesprekvoering in

groepe en sy veranderende persepsie van die wese van God het daartoe gelei dat hy ontsnap het uit die binding van sy ouers se eng werklikheidsbeskouing. Thorne (1993:5) sluit af: 'The interweaving of the later core conditions of empathy, acceptance and genuineness is not difficult to trace.'

3.4.3.3 Huwelik

Op 9 Oktober 1922 raak Rogers verloof aan 'n kunsstudent genaamd: Helen. Hul verhouding het reeds ontwikkel voor Rogers se vertrek na China. Met sy terugkoms vanaf China, ontwikkel Rogers 'n maagsiekte en Helen staan hom besonderlik by wat die verhouding laat blom. Hulle trou in Augustus 1924, twee maande nadat Rogers gradueer aan die Universiteit van Wisconsin. Beide Helen en Carl se ouers was gekant teen die huwelik. Rogers voeg hom nou by die Union Theological College om hom te bekwaam vir die bediening. Hierdie was die mees liberale teologiese skool in Amerika op daardie tydstip (Thorne, 1993:6).

3.4.3.4 Studiejare – Union Theological Seminary

Rogers het Union Theological Seminary gekies juis omdat dit liberaal is. Dit was in direkte kontras met die wense van sy ouers wat eerder sou wou sien dat hy by Princeton studeer (Kirschenbaum, 1979:44). Rogers se vrou het hom ten volle ondersteun. Rogers het die lesings van Harry Emerson Forsdick besonderlik geniet omdat dit hom " ... a feeling for a modern and liberal religion" gegee het (Kirschenbaum, 1979:44).

Gedurende sy twee jaar by Union, het Rogers deelyds bedien as pastor by 'n klein gemeente – Dit het deel gevorm van sy opleiding as bedienaar van die Woord. Hy vind dit egter moeilik om vir meer as twintig minute te preek – in 'n tyd toe preke van veertig tot sestig minute aan die orde van die dag was. Verder het hy 'n onvermoë om dit wat hy glo op ander af te dwing, soos hy dit gestel het. Rogers het hierdie twee probleme as tekortkomings beskou vir die bediening (Thorne, 1993:7).

Rogers (Thorne, 1993:6) en sy klasmaats het met die ongewone versoek gekom om een semester 'n vak met die inhoud van hul eie keuse vir eksamen krediet te doen. Hierdie versoek is bo alle verwagting toegestaan op voorwaarde dat 'n junior dosent

toesig hou. Hierdie studie het daartoe aanleiding gegee dat meer as die helfte – Rogers ingesluit – hul teologiese studies gestaak het. Rogers (1961:8) beskryf hierdie ondervinding soos volg:

“I suppose it is unnecessary to add that this seminar was deeply satisfying and clarifying. I feel that it moved me a long way toward a philosophy of life which was my own. The majority of the members of that group, in thinking their way through the questions they had raised, thought themselves right out of religious work. I was one. I felt that questions as to the meaning of life, and the possibility of the constructive improvement of life for individuals, would probably always interest me, but I could not work in a field where I would be required to believe in some specified religious doctrine. My beliefs had already changed tremendously, and might continue to change. It seemed to me it would be a horrible thing to have to profess a set of beliefs, in order to remain in one's profession. I wanted to find a field in which I could be sure my freedom of thought would not be limited.”

Rogers se godsdiensbeskouing het al hoe meer liberaal geword. Volgens Kirschenbaum (1979:45) het sy referate dit duidelik laat blyk. Kirschenbaum verwys na 'n referaat waarin Rogers bevind dat die Christelike geloof primêr drie dimensies het naamlik:

1) Die persoon en lewe van Jesus van Nasaret, 2) 'n lofwaardige etiese sisteem en 3) 'n inherente neiging tot sosiale verbetering. Kirschenbaum haal dan ter illustrasie 'n gedeelte van 'n referaat deur Rogers aan:

“These are the three contributions which I would suggest as the most valuable Christianity has made. We could now question – do these things give a basis for hailing Christianity as in any sense the universal or final religion? By no means. Other religions have given to the world great personalities. Other

religions have high ethical standards. Other religions and quasi-religions (e.g. Communism) have high social vision. It seems to me typically Western and very tragic that we have persisted in viewing Christianity as the one and only religion."

Union het 'n skema gehad waarvolgens dosente van nie - teologiese vakgebiede klas gegee het. Rogers het aangetrokke geraak tot Goodwin Watson wat hy sedert Wisconsin Universteitsdae ken. Watson het dieselfde eng godsdienstige opvoeding as Rogers ontvang. Watson was 'n dosent aan Union wat oorgeskuif het na Teachers college waar hy klas gegee het in opvoedkundige psigologie (Kirschenbaum, 1979:46).

Rogers het al hoe meer klasse begin neem by Teachers College, Columbia University. In 1926 begin hy psigologiese studies aan Teachers College. In dieselfde jaar is sy eerste seun, David, gebore (Rogers, 1961:9).

3.4.3.3.5 Studie jare – Teacher's College

As ouers (Kirschenbaum, 1979:54) het die Rogersegpaar Watson se Behaviorisme gevolg. Rogers begin sy studie aan Teachers onder E.L.Thorndike. Die wetenskap van Psigologie was steeds in sy kinderskoene. Meting was aan die orde van die dag. "Freud was generally regarded as a dirty word in academic circles." (Kirschenbaum, 1979:54).

Die oorhoofse denkrigting by Teachers was 'n rigiede wetenskaplike benadering bestaande uit objektiewe statistiese metodologie. Dit was die aantrekkingskrag vir Rogers (Thorne, 1993:7). Rogers self het 'n meetinstrument vir die gebruik by nege tot dertienjariges ontwikkel.

Volgens Rogers (1961) was dit aan die einde van sy internskap belangrik dat hy 'n pos vind wat hom in staat sou stel om vir sy gesin te sorg. Poste in die psigologie was in daardie dae skaars. Hy word aangestel as psigoloog by die "Prevention of cruelty to children", in Rochester, New York.

3.4.3.4 Beroepsjare

3.4.3.4.1 Rochester jare

Rogers (1961:10) het twaalf jaar by Rochester gewerk. In hierdie twaalf jaar het hy toenemend sy eie teorie ontwikkel. Slegs twee vrae is by Rochester gevra – Werk dit? Is dit effektief?

Een spesifieke voorval (Rogers, 1961:10) wat 'n sterk invloed op sy latere denke gehad het, word deur Rogers beskryf. Hy het met 'n hoogs intelligente dame gewerk wat 'n rebelse kind moes grootmaak. Hulle maak geen vordering nie. Volgens Rogers is die problem die feit dat die vrou nie die kind wil aanvaar nie. Hulle bereik die punt waar hulle vir mekaar erken dat niks verder gaan werk nie. Hulle groet mekaar met 'n handdruk. Wanneer die dame die deur bereik, draai sy om en vra vir Rogers of hy volwassenes beraad. Rogers antwoord dat hy dit wel doen. Die vrou kom terug en gaan sit weer in die stoel waaruit sy flussies opgestaan het. Sy maak haar hart oop. Sy vertel van haar ongelukkige huwelik, haar eggenoot, haar gevoel van mislukking en verwerping. Dit is totaal anders as die koue kliniese weergawe van vroeër. Rogers beraad haar suksesvol en kom tot die gevolgtrekking dat mense die vermoë het om self hul probleme te hanteer. Rogers (1961:11) som dit soos volg op:

“This incident was one of a number which helped me to experience the fact – only fully realized later – that it is the *client* who knows what hurts, what problems are crucial, what experiences have been deeply buried. It began to occur to me that unless I had a need to demonstrate my own cleverness and learning, I would do better to rely on the client for the direction of movement in the process.”

Rogers (1961:13) merk op dat hy baie geleer het met die opvoeding van sy kinders, selfs meer as wat “ ... I could ever have learned professionally”.

3.4.3.4.2 Ohio Staatsuniversiteit

Rogers (1961:13) aanvaar in 1940 'n posisie as professor aan die Ohio State University. Hy skryf dat hy dankbaar is vir die voorreg om op volle professorsvlak te

kan begin want: "I have often been grateful that I have never had to live through the frequently degrading competitive process of step-by-step promotion in university faculties, where individuals so frequently learn only one lesson – not to stick their necks out."

Thorne (1993:1) toon aan dat dit vir Rogers gedurende hierdie tydperk by Ohio duidelik geword het dat hy as gevolg van sy ondervinding besig was om 'n nuwe benadering ten opsigte van terapie te ontwikkel. Hierdie teorie moes so gou moontlik gekontekstualiseer word.

Die geleentheid om dan juis dit te doen, het dan ook spoedig gerealiseer. Kirschenbaum (1979:112) skryf dat Rogers genooi is om 'n toespraak te lewer by die Universiteit van Minnesota voor die Psi Chi ere psigologiese vereniging. Kirschenbaum (1979:112) haal Rogers soos volg aan: "It would seem quite absurd to suppose that one could name a day on which client-centered therapy was born. Yet I feel it is possible to name that day and it was December 11, 1940."

Die titel van sy voordrag: "Newer concepts in psychotherapy." (Kirschenbaum, 1979:112) Hy lewer met hierdie voordrag hewige kritiek teen huidige terapeutiese modelle. Hy beskryf dit as: "... ordering and forbidding, exhortation, suggestion, advice and intellectualized interpretation". Hy gebruik 'n gevallestudie waarin die voorsitter van die vergadering betrokke was om leemtes in die huidige terapie te ontbloot.

Thorne (1993:13) skryf dat Rogers se reputasie gedurende sy vier jaar by Ohio aansienlik gestyg het. Sy liefde vir studente en die ruimte wat hy hulle gegun het om hulself te ontwikkel deurdag hy hulle as gelykes behandel het, het baie daartoe bygedra dat hy sy volgende aanstelling gekry het. In 1945 verskuif hy na die Universiteit van Chicago met die versoek dat hy 'n beradingsentrum sal begin.

3.4.3.4.3 Chicago Universiteit

Rogers (Thorne, 1993:14) het twaalf kreatiewe jare by die Universiteit van Chicago deurgebring. Rogers het baie gou die beradingsentrum begin en vir hom 'n groep toegewyde kollegas, graduandi, studente en lede van die gemeenskap vergader wat

hom getrou nagevolg het. Kirschenbaum (1979:154) skryf dat hierdie twaalf jaar die mees produktiefste jare in Rogers se lewe was. Gedurende hierdie tydperk publiseer hy drie boeke en sewentig artikels. Hy dien ook as president van die Amerikaanse psigologiese vereniging. Hy verhuis nou na Wisconsin.

3.4.3.4.4 Wisconsin

Cohen (1997:164) toon aan dat Rogers 'n geleentheid gebied is om 'n bydrae te lewer tot nouer samewerking tussen die Psigiatrie en die Psigoterapie in Wisconsin.

Thorne (1993:16) skryf dat Rogers se skuif na Wisconsin in vele opsigte 'n mislukking was. Kirschenbaum (1979:275) skryf dat daar min van Rogers se droom dat die psigiatrie en psigoterapie nader aan mekaar kon beweeg, gekom het. Vir die eerste keer het Rogers met mense gewerk wat ernstige geestelike verstourings gehad het. Tot nou toe nog het hy met mense gewerk wat gehelp wil wees en hul samewerking gegee het. Cohen (1997:178) skryf dat Rogers teen 1963 moes erken dat studies aan Wisconsin getoon het dat dit nie wetenskaplik bewys kon word dat psigoterapie werk nie. Rogers was nou bekend genoeg dat hy nie 'n akademiese pos aan 'n gevestigde instelling benodig het vir 'n versekerde inkomste nie. Rogers bedank sy professoraat.

3.4.3.4.5 Kalifornië

Rogers (Thorne, 1993:18) voeg hom nou by die Western Behavioural Science Institute. Hierdie omgewing bied aan hom die geleentheid om vry van die akademiese omgewing van 'n Universiteit te ontwikkel. Rogers verwelkom die geleentheid om weer met normale mense te werk na die abnormale omstandighede by Wisconsin.

3.4.3.5 Die globale gemeenskap

Bogenoemde is Thorne (1993:18) se beskrywing van die finale fase in Rogers se lewe. Rogers hou hom nou besig met die gemeenskaplike probleme wat mense wêreldwyd ervaar.

Kirschenbaum (1979:403) haal Rogers aan oor sy teorie wat hy het eers noem: "The person of tomorrow" en later "The emerging person.":

"Amidst all the problems in his own country and throughout the world, Rogers saw this "emerging person" as a source of

evolutionary–revolutionary change. He found emerging persons in many places. ‘I find them among corporation executives who have given up the gray-flannel rat race, the lure of high salaries and stock options, to live a simpler life in a new way. I find them among long-haired young men and women who are defying most of the values of today’s culture to form a counter culture. I find them among priests and nuns and ministers who have left behind the dogmas of their institutions to live in a way that has more meaning. I find them among women who are vigorously rising above the limitations which society has placed on their personhood.”

Kirschenbaum (1979:403) vervolg verder wat Rogers vier jaar later oor dieselfde onderwerp geskryf het:

“Four years earlier, when Rogers had first written of his ‘person of tomorrow’, he frequently described this person as ‘the new man.’ Four years later he had dropped this terminology and was writing, ‘He (or she) – I wish someone would provide us with a bisexual writing set of pronouns ...’ More important than the change in wording is that, in those four years, Rogers had been aware of and open to one of the most important liberation movements going on around him. Here, at seventy-one, he was struggling to wrench himself free from one of the basic language conventions he had lived with all his life.”

Kirschenbaum (1979: 403-404) haal Rogers nou verder aan as hy die “emerging man” se karaktertrekke beskryf:

“First, was a ‘desire for authenticity,’ a freedom from facades, an aversion to ‘hypocrisy, deceit, mixed messages ... doublethink and doubletalk.’ Second was a belief that ‘institutions exist for people,’ an opposition to ‘all highly structured, inflexible, bureaucratic institutions.’ Beyond these

two major qualities, he noted: 'the unimportance of material things', 'a nonmoralistic caring'; 'the wish for intimacy'; 'a skepticism about science'; a fascination with 'the universe within' the person – from one's feelings to 'esoteric and transcendental religious' experience; a desire to live 'in balance with nature'; a person 'in process'- always changing; and finally, one lives by authority within'- having 'a trust in his own experience and a profound distrust of all external authority.'

Thorne (1993:22) skryf oor die finale periode in Rogers se lewe (ten opsigte van die transendentale godsdienstige ervaring hierbo):

"In the final period of his life, however, it was in the therapeutic relationship itself that Rogers rediscovered the dimension which at a conscious level he had shut out when he abandoned Christianity. In the last description he published of a therapeutic encounter he was able to write: 'I realize that this account partakes of the mystical. Our experiences, it is clear, involve the transcendent, the indescribable, the spiritual. I am impelled to believe that I, like many others, have underestimated the importance of this mystic spiritual dimension'."

Hierdie skielike belangstelling in die transendentale dimensie is volgens Thorpe (1993:22) aangewakker deur die siekbed en afsterwe van sy vrou. Cohen (1997:222) skryf dat Helen teen die einde van 1978 vinnig verswak het. Rogers en Helen is saam na 'n medium en Rogers is erg ontroer deur hierdie ervaring. Helen het begin om visioene te sien van 'n wit lig wat haar nader wink en het al meer oortuig geword van 'n lewe aan die ander kant. Die nag na Helen se afsterwe (Cohen, 1997:223) het Rogers en van sy vriende weer 'n besoek aan die medium gebring. Cohen skryf dat Rogers later beskryf het dat hulle baie gou kontak gemaak het met Helen. "She told them her dying was very peaceful, that she now had the form of a young woman again and was in contact with her family. Rogers said that all this made him even more interested in parapsychology."

3.4.3.6 Geestelike dimensie

Thorne (1993:20) skryf dat Rogers se algehele verwerping van die Christelike geloof, teruggevoer kan word deur die “perverse teologie” (3.4.3.2.) waarmee hy opgegroeï het. Thorne brei verder uit en stel dat Rogers se opleiding as psigoloog hom tot die oortuiging gebring het dat mense oor die algemeen vooruit bewegende organismes is, wat deur hul kreatiewe aard die waarheid en sosiale verantwoordelikheid najaag. Hierdie oortuiging was in direkte kontras met die erfsondeleer waarmee Rogers grootgeword het. Binne hierdie konsep, dat slegs die bloed van die Lam jou kan verlos van jou sondige natuur, deur bekering. Dat daar sonder Christus geen hoop vir die gevalle mensdom is nie, was vir Rogers voortdurend onaanvaarbaar soos sy ervaring as terapeut toegeneem het. Thorne (1993:20) bewoord dit soos volg:

“Such a view became increasingly unacceptable and distasteful to Rogers, for it ran counter to his experience as a therapist and his understanding of the evolutionary processes in the created order. As a psychologist and as a scientist he found the concepts of sinfulness and fallenness with their inherent judgementalism, repugnant and ultimately life – denying and deeply injurious to the human spirit.”

3.4.3.7 Kliëntgesentreerde teorie

Met betrekking tot die mens stel Rogers (1961:166) dit duidelik dat die doel van alle lewe is om te wees wat die lewende wese se potensiaal werklik is. Demorest (2005:140) skryf dat Rogers sy teorie ontwikkel het op grond van sy ervarings gedurende terapeutiese sessies. Die kern van hierdie teorie is dat individuë gebore word met net een eksklusiewe motief, naamlik: Selfaktualisering. Verhoef (2000:72) beskryf hierdie selfaktualisering soos volg:

“ ... die lewende organisme (waaronder ook die mens) wat die inherente vermoë en ook die wil het om hom/haarself te handhaaf en te bevorder deur middel van groei, verhoudings en voortplanting .”

Volgens Sternberg (2004:215) het Rogers geglo mense is inherent goed en aanpasbaar in wat hulle doen ten opsigte van doelwitte wat hulle vir hulself stel. Wanneer hulle andersins optree, is dit as gevolg van 'n gebrek weens foute gedurende sosialisering. Die gevolg is dat hulle nie volgens hul potensiaal funksioneer nie. Die doel van kliënt–gesentreerde terapie is om mense te help om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

Jordaan & Jordaan (1992:32) toon aan dat hierdie teorie bepaal dat 'n mens slegs deur die bereiking van jou volle potensiaal 'n volwaardige lewe kan voer. Jordaan & Jordaan vervolg: “mense wat nie hulle volle potensiaal verwesenlik nie, is nie slagoffers van die onbewuste, of oorerwing of omgewing nie, maar is die slagoffers van hulle weiering om te groei en by keuse volwaardige mense te word.

Sternberg (2004:615) beskryf die metode van terapie van die kliënt–gesentreerde terapie as nie–direktief, die terapeut laat die kliënt toe om die leiding te neem. Die terapeut luister met empatie, sonder om te oordeel. Die terapeut fasiliteer die proses van selfaktualisering van die kliënt. Die kliënt is vry om self keuses te maak.

Dit is volgens die inligting hierbo, duidelik dat volgens Rogers die mens totaal in beheer is van sy lewe. Dit is duidelik dat hierdie teorie propageer dat die mens vry is om te kies uit moontlikhede soos dit daagliks na vore kom, sonder verantwoording aan 'n hoër gesag vir sy keuses.

3.5 Transpersoonlike sielkunde

3.5.1 Carl Gustav Jung (1875-1961)

Edwards en Louw (1998:556): “Carl Jung, was 'n vroeë pionier van die transpersoonlike teorie, lank voordat die term ‘transpersoonlik’ in die sielkunde in gebruik gekom het.”

Storr (1973:7) stel dit duidelik dat “...especially in the realm of dynamic psychology, it is impossible to separate ideas from the personality of the man to whom they occurred...” Daarom volg 'n kort oorsig van die lewe van Carl Gustav Jung.

Carl Gustav Jung (Storr, 1973:7) is op 26 Julie 1875 gebore, die seun van 'n predikant van die Switserse Gereformeerde kerk.

3.5.1.1 Jung se moeder

Jung (Ellenberger, 1992:145) se grootvader aan moederskant, Samuel Preiswerk, was 'n Protestantse predikant en Professor in Hebreeus. Preiswerk se jongste dogter, Emilie, was Jung se moeder. Preiswerk het gereeld kontak gemaak met sy oorlede vrou, hy het selfs 'n spesiale stoel vir haar in sy studeerkamer gehad sodat sy gemaklik was gedurende hierdie besoeke. Wanneer hy preke geskryf het, moes (Jung se moeder. A.P.B.), agter hom staan om die slegte geeste weg te hou.

Volgens Jung (1977:66) het sy moeder twee persoonlikhede gehad:

"I was sure that she consisted of two personalities, one innocuous and human, the other uncanny. This other emerged only now and then, but each time it was unexpected and frightening. She would then speak as if talking to herself, but what she said was aimed at me and usually struck to the core of my being, so that I was stunned into silence."

3.5.1.2 Jung en sy vader

Jung het nie 'n goeie verhouding met sy vader gehad nie (Dourley, 1987:7). Die probleem was gewortel in hul godsdienstige oortuigings. Die godsdienstige oortuigings het 'n konteks van spanning geskep. Hierdie spanning het 'n beduidende invloed op Jung se psigologie gehad. Dit wou voorkom of hy die tekortkomings wat hyself ervaar het en bespeur het by sy vader ten opsigte van die Christelike geloof (mite volgens Jung - A.P.B.) wou vervang met die skepping van sy eie mite (Dourley, 1987:7).

Dourley verklaar dan verder dat Jung oortuig was dat sy vader se probleem gesetel is in die feit dat sy geloof sy persoonlike en sosiale ontwikkeling geknel het. (Dourley, 1987:7).

Volgens Storr (1973:7) beskryf Jung self sy vader soos volg:

"According to Jung's own account, his father was kind, tolerant, and liberal. He was also somewhat conventional; content to accept the system of religious belief in which he had been

reared, and unable or unwilling to answer the doubts and queries of his gifted son. Jung describes his father as weak. Indeed, he goes so far as to say that, in childhood, he associated the word 'father' with reliability but also with powerlessness. There is no doubt, from his own description, that Jung belonged to that not inconsiderable group of creative people springing from families in which the mother is the more powerful and dynamic figure; and this is reflected in Jung's psychological thinking."

3.5.1.3 Skooljare

Storr (1973:9) toon aan dat Jung op die platteland opgegroe het. Hy het in sy latere lewe baie moeite gedoen om die belangrikheid hiervan op die vorming van sy persoonlikheid te beklemtoon. Die mense op die platteland was, net soos hy, geïnteresseerd in die okkulte. Storr (1973:9) verduidelik dat die natuurwetenskap vir Jung nie genoegsaam was nie. Vir hom was daar altyd die bo-natuurlike wat nie rasioneel verklaar kon word nie.

Jung (1977:46-47) skryf dat sy twaalfde jaar 'n beslissende jaar in sy lewe was. Hy beskryf hoe hy op 'n dag oppad huis toe was na skool. Skielik, binne 'n oogwenk het hy die oorweldigende indruk gekry dat hy uit 'n digte mis uitgetree het. "I knew at once: now I am myself." Voorheen het dinge met hom gebeur, "now I happened to myself. Now I knew; I am myself now, now I exist. Previously I had been willed to do this and that; now I willed. This experience seemed important and new: There, was 'authority' in me."

Later dieselfde jaar (Jung, 1977:50) het hy bewus geword van die feit dat hy twee persone in een liggaam is. Die een 'n onseker skoolseun, die ander 'n belangrike gesagdraende persoon uit die vorige eeu wat 'n pruik dra. Nog later (daardie selfde jaar- A.P.B.), het hy nog 'n rigtinggewende ervaring gehad. Weer was hy oppad huistoe na skool. By 'n sekere katedraal-plein terwyl hy die skoonheid van die katedraal en die natuur bewonder het, dink hy by homself: "The world is beautiful and the church is beautiful, and God made all this and sits above it far away in the blue

sky on a golden throne.” Skielik het hy benoud geraak, hy het besef dat hy nou moet ophou dink, want iets aakligs is aan die kom. Hy skryf dat hy geweet het dat as hy sy denke laat voortgaan, hy sal sondig teen die Heilige Gees en dat dit die onvergeefbare sonde is. Hy beskryf hoe hy vir twee dae en nagte teen hierdie gedagte moes stry. Gedurende die derde nag, het hy wakker geskrik. Hy het gedink aan die katedraal en aan God. (Jung, 1977:52-55).

Hy het probeer dink wie hom so ‘n onheil sou wou aandoen. Was dit sy grootouers, was dit sy ouers? Dit is tog onmoontlik, God het hulle goed geskape. “They could not have done it if God had not placed in them the possibility of doing it. That was clear too, from the serpent, whom God had created before them, obviously so that it could induce Adam and Eve to sin. God in His omniscience had arranged everything so that the first parents would have to sin. *Therefore it was God’s intention that they should sin.*” (Jung, 1977:55) Hierdie wete het hom bevry. Dit is God self wat hom dwing om te sondig sodat hy God se genade kan ervaar (Jung, 1977:56). Hierdie kennis kon hy met niemand anders deel nie. Hy (Jung, 1977:57-59) het teologiese boeke in sy vader se biblioteek gelees, nêrens kon hy hierdie kennis opspoor nie. Hy kon dit nie eers met die ses predikante in sy familie bespreek nie. Niemand anders het hierdie geheim geken nie. Hy was ‘n uitgeworpene. Hy vind egter troos in die Bybel, hy beskryf dit soos volg:

“But then I began searching the New Testament and read, with a certain satisfaction, about the Pharisee and the publican, and that reprobates are the chosen ones. It made a lasting impression on me that the unjust steward was praised, and that Peter, the waverer, was appointed the rock upon which the church was built.” (Jung, 1977:57.)

Deur sy worstelinge heen, die worsteling met die geheim, het hy uiteindelik troos gevind in die wete dat hy die rots is waarna die Skrifgedeelte hierbo verwys:

“Whenever I thought that I was the stone, the conflict ceased. ‘The stone has no uncertainties, no urge to communicate, and is eternally the same for thousands of years,’ I would think

‘while I am only a passing phenomenon which bursts into all kinds of emotions, like a flame that flares up quickly and then goes out.’ I was but the sum of my emotions, and the ‘Other’ in me was the timeless, imperishable stone.”(Jung, 1977:57.)

Die jong Jung is deur sy vader onderrig in die Kategismus. “It bored me to death.” (Jung, 1977:70). Die rede vir hierdie verveeldheid beskryf hy soos volg: Hy het eendag erg verveeld deur sy katkisasiehandboek geblaai. Die gedurige sentimentele verwysing na Jesus het hom ontstel. Skielik het hy gelees van die Drie-eenheid. Dit het sy belangstelling geprikkel. Hy het met groot vewagting gewag vir die dag waarop hulle die les gaan behandel. Tot sy onsteltenis het sy vader bloot opgemerk dat hy self nie verstaan hoe drie een kan wees nie en voortgegaan met die daaropvolgende les. Hy skryf dat hy sy vader se eerlikheid waardeer, maar tog besef het hy kan nie met so ‘n oningeligte sy geheim deel nie.

Na hierdie teleurstelling het Jung (1977:71) sy hoop op die nagmaal gevestig. Soos hy die nagmaal verstaan, is dit ‘n gedagtenismaal waar gelowiges deur middel van brood en wyn met Jesus een word. Dit is die hoogtepunt van die Christelike geloof. Hy was oortuig dat daar ‘n groot geheimenis hierin moes wees, hy het met verwagting daarna uitgesien wanneer hy sy geloof bely het. Die atmosfeer rondom die tafel was uiters stroef (Jung, 1977:72 - 73). Dit was asof almal maar net deur die ritueel gegaan het. Hy beskryf sy gevoel soos volg:

“I had observed no sign of ‘communion’, of ‘union’ ‘becoming one’ with... with whom? Whith Jesus? Yet he was only a man who had died 1860 years ago. Why should a person become one with Him? He was called the ‘Son of God’ – a demi-god, therefore, like the Greek heroes: How then could an ordinary person become one with Him?”

Hy sluit dan verder hierdie ondervinding af met:

“...slowly I came to understand that this communion had been a fatal experience for me. It had proved hollow; more than that, it had proved to be a total loss. I knew that I would never again

be able to participate in this ceremony. 'Why that is not religion at all', I thought. 'It is an absence of God; the church is a place I would not go to. It is not life which is there, but death'."(Jung, 1977:73)

3.5.1.4 Universiteitsjare

Viljoen (2003:93-94) noem dat die jong Jung hom aanvanklik wou bekwaam as argeoloog. Hy is egter in 'n droom oortuig om 'n mediese doktor te word op die spoor van sy grootvader. Ellenberger (1992:148) toon aan dat Jung deelgeneem het aan spiritistiese eksperimente wat hom gehelp het met sy verhandeling. Jung (1977:127 e.v.) beskryf dit soos volg: Hy het gehoor van famielielede wat hulle besig gehou het met die oproep van geeste. Hy het met groot belangstelling die sessies begin bywoon. Hy is gefassineer deur die wyse waarop die mediums gekommunikeer het. "I set forth the results of these observations in my doctoral thesis." (Jung,1977:127).

Jung (1977:118) verwys na lang gesprekke wat hy met teologiese studente gehad het. Hy kon nooit verstaan dat hulle altyd Jesus Christus op die voorgrond moes plaas nie.

"For me the Holy Ghost was a manifestation of the inconceivable God. The workings of the Holy Ghost were not only sublime but also partook of that strange and even questionable quality which characterised the deeds of Yahweh, whom I naively identified with the Christian image of God, as I had been taught in my instruction for my confirmation. (I was also not aware at this time that the devil, properly speaking, had been born with Christianity.) Lord Jesus was to me unquestionably a man and therefore a fallible figure, or else a mere mouthpiece of the Holy Ghost. This highly unorthodox view, a far cry from the theological one, naturally ran up against utter incomprehension. The disappointment I felt about this gradually let me to a kind of resigned indifference, and

confirmed my conviction that in religious matters only experience counted.”

3.5.1.5 Beroepsjare

Jung en Freud.

In 1905 (Jung, 1977:38) word hy dosent in psigiatrie aan die universiteit van Zurich en senior dokter by die psigiatriese kliniek. In 1909 gee hy klas in psigo-patologie en die Freudiaanse psigoterapie. Jung het in 1900 “The interpretation of dreams” van Freud gelees (Storr, 1973:17). Die twee het egter eers op 3 Maart 1907 ontmoet. Freud was 19 jaar ouer as Jung en was reeds kontroversieel. Die twee was dadelik vriende. Storr (1973:18) skryf dat Jung Freud se “favourite son” geword het en Freud vir Jung ‘n “father-figure” was.

Die breuk tussen die twee het in 1911 begin, ‘n breekpunt bereik in 1912 en finaal plaasgevind in 1913. Dit is dus kort voor die gebeure wat hieronder bespreek sal word (A.P.B.) Stepansky (1992:174) toon aan dat die damwal gebars het toe Jung in 1911-1912 “Wanlungen und symbole der libido” geskryf het. Stepansky haal Jung aan uit die voorwoord van die vierde uitgawe van die boek: “explosion of all those psychic contents which could find no room, no breathing space, in the constricting atmosphere of Freudian psychology and it’s narrow outlook.”

Jung self (1977:224) skryf in sy biografie oor hierdie breuk: “When I parted from Freud, I knew that I was plunging into the unknown. Beyond Freud, after all, I knew nothing; but I had taken the step into darkness. When that happens, and then such a dream comes, one feels it as an act of grace.”

3.5.1.6 Jung se reis na binne

Jung (1977:200) is in Julie 1914 genooi om ‘n referaat te lewer met die titel “on the importance of the unconscious in psychopathology” by die Britse Mediese vereniging tydens hul kongres by Aberdeen. Hy het kort tevore (Jung, 1977:199) visioene gesien van ‘n komende rewolusie of iets soortgelyks. Hierdie uitnodiging oortuig hom: “ I was prepared for something to happen, for such visions and dreams are fateful. In my state of mind just then, with the fears that were pursuing me, it seemed

fateful to me that I should have to talk on the importance of the unconscious at such a time!" (Jung, 1977:200).

Op 1 Augustus 1914 breek die eerste wêreld oorlog uit. "Now my task was clear: I had to try to understand what had happened and to what extent my own experience coincided with that of mankind in general. Therefore my first obligation was to probe the depths of my own psyche. I made a beginning by writing down the fantasies which had come to me during my building game. This work took precedence over everything else."

Hy (Jung, 1977:202) beskryf hierdie fantasieë wat hy beleef het: Van die begin af het hy hierdie vrywillige konfrontasies met die onderbewussyn as 'n wetenskaplike eksperiment benader. Dit was 'n eksperiment wat hy gedoen het en hy was nuuskierig oor die uitslag. Later het hy gedink dit is eerder 'n eksperiment wat met hom gedoen is. Hy erken hy het homself oorgelewer aan emosies wat hy nie regtig goedkeur nie. Hy skryf dat hy fantasieë neergeskryf het wat hy sterk teegestaan het. Hy is egter deur die noodlot uitgedaag. Slegs met 'n bomenslike poging kon hy uit die doolhoof ontsnap.

Jung getuig ook van die feit dat hy bewus was van 'n hoër mag wat hom oorheers het, hy beskryf dit soos volg:

"When I endured these assaults of the unconscious I had an unswerving conviction that I was obeying a higher will, and that feeling continued to uphold me until I had mastered the task. I was frequently so wrought up that I had to do certain yoga exercises in order to hold my emotions in check. But since it was my purpose to know what was going on within myself, I would do these exercises only until I had calmed myself enough to resume my work with the unconscious."

Jung (1977:204-225) begin nou breedvoerig sy reis na die innerlike beskryf. Hy verwys na verskillende figure wat hy op hierdie reis ontmoet. Elk van hierdie figure het hom iets geleer wat hy later in sy teorie kon gebruik. Vervolgens dan 'n kort beskrywing van elk van hierdie figure.

Aangesien hierdie reise na binne die eerste tree in die daarstelling van sy teorie bevat, moet ons deeglik kennis neem van wat hy presies geleer het van hierdie figure ten einde die wetenskaplikheid daarvan te bepaal.

3.5.1.6.1 Siegfried

Siegfried (Jung, 1977 :203-204) is 'n dwerg met 'n leeragtige vel wat Jung by die ingang van 'n grot gevind het. Hy het op hierdie grot afgekom nadat hy homself laat val het. Die grond het onder hom meegegee en hy het in die grond weggesak totdat hy op 'n sagte, taai massa geland het. Hy het verby hierdie dwerg die grot binne gedruk. Nadat hy deur yskoue water gebeur het, het hy op 'n gloeiende rooi kristal afgekom. Hy het die kristal verwyder en gesien dat daar 'n gat onder was waarin water verbygevloei het. Binne die water was 'n lyk van 'n jongman met blonde hare. Uit hierdie lyk het 'n Egiptiese "scarab" verskyn. "I was stunned by this vision. I realised, of course that it was a hero and solar myth, a drama of death and renewal, the rebirth symbolised by the Egyptian scarab." (Jung, 1977:203-204.)

Ses dae later (Jung, 1977:204) het Jung die volgende droom. Hy is saam met 'n persoon met 'n bruin vel in 'n afgesonderde rotsagtige berglandskap. Dit is net voor sonsopkoms. Hy hoor Siegfried wat sy horing blaas oor die berge en hy weet dat hy vir Siegfried moet vermoor. Hulle (Jung en sy metgesel. A.P.B.) is gewapen en lê 'n hinderlaag vir Siegfried by 'n nou opening in die bergpad. Siegfried verskyn op die horison met die opkomende son agter hom. Met 'n strydwa, gemaak van die beendere van die dooies ry hy teen 'n geweldige spoed teen die helling af. Wanneer hy draai, skiet Jung en sy metgesel hom en hy slaan dood neer.

Jung word gevul met 'n gevoel van verontwaardiging en berou oor wat hy gedoen het en draai om met die doel om te vlug voordat die moord ontdek word. 'n Geweldige reën bui sak uit. Dit sal die bewyse uitwis. Hy het weggekom met moord en die lewe kan voortgaan. Jung word wakker en wil voortgaan met sy dagtaak maar, 'n stem binne hom sê: "You *must* understand the dream, and must do so at once!" (Jung, 1977:204). In sy lessenaar se laai is 'n gelaaide rewolwer en Jung is bang. Die spanning laai op en die stem sê: "If you do not understand the dream, you must shoot yourself!". (Jung, 1977:204). Skielik kom die betekenis van die droom tot hom:

“Why, that is the problem that is played out in the world. Siegfried, I thought, represents what the Germans want to achieve, heroically to their own will, have their own way. ‘Where there is a will there is a way.’ I had wanted to do the same. But now that was no longer possible. The dream showed that the attitude embodied by Siegfried, the hero, no longer suited me. Therefore it had to be killed. After the deed I felt an overpowering compassion, as though I myself had been shot: a sign of my secret identity with Siegfried, as well as of the grief a man feels when he is forced to sacrifice his ideal and his conscious attitudes. This identity and my heroic idealism had to be abandoned, for there are higher things than the ego’s will, and to these one must bow.”(Jung, 1977:205.)

Jung(1977:205) verduidelik nou verder dat die reën gewys het dat die spanning tussen die bewussyn en die onderbewussyn besig is om opgelos te word. Alhoewel hy slegs hierdie inleidende afleidings kon maak, was daar ander kragte wat hom sou help “...to carry the experiment with the unconscious to a conclusion.”

3.5.1.6.2 Elia en Salome

Vervolgens was hy op ‘n maanreis of ‘n reis binne ‘n leë ruimte (Jung,1977:205-206). Hy bereik ‘n krater. Dan voel dit vir hom hy is in die land van die dooies. Naby ‘n rots sien hy twee figure. Een ‘n ou man met ‘n witbaard, die ander ‘n beeldskone jong dame. Die ou man stel homself voor as Elia en die jong (blinde) dame as Salome. Jung was geskok om te vind dat Elia en Salome ‘n paartjie is. Elia verseker hom egter dat hulle van ewigheid reeds ‘n paartjie is. Hulle het ‘n swart slang by hulle gehad wat baie belangstelling in Jung getoon het. Dit was vir Jung vreemd dat ‘n ou man en ‘n jong dame ‘n paartjie vorm. Dit is egter vir hom opgeklaar toe hy besef: “In such dream wanderings one frequently encounters an old man who is accompanied by a young girl, and examples of such couples are to be found in many mythic tales. Thus, according to Gnostic tradition, Simon Magnus went about with a young girl whom he had picked up in a brothel.” Later het Jung verstaan wat hierdie

drie figure simboliseer. "Elijah is the figure of the wise old prophet and represents the factor of intelligence and knowledge; Salome, the erotic element. One might say that the two figures are personifications of Logos and Eros." (Jung, 1977:206) Die teenwoordigheid van die swartslang, verduidelik hy soos volg: "In myths the snake is a frequent counterpart of the hero. There are numerous accounts of their affinity. For example, the hero has eyes like a snake, or after his death he is changed into a snake and revered as such, or the snake is his mother, etc. In my fantasy, therefore, the presence of the snake was the indication of a hero-myth."

3.5.1.6.3 Philemon

Uit die Elia figuur, herrys Philemon (Jung, 1977:207-209). Philemon is 'n heiden "and brought with him an Egypto-Hellenic atmosphere with a gnostic colouration." (Jung, 1977:207.) Jung beskryf breedvoerig hoe hy hierdie Philemon gedurig opgemerk het. Selfs eenkeer in die vorm van 'n dooie "Kingfisher". Hy beskryf sy verhouding met Philemon soos volg: "Psychologically, Philemon represented superior insight. He was a mysterious figure to me. At times he seemed to me quite real, as if he were a living personality. I went walking up and down the garden with him, and to me he was what the Indians call a guru." (Jung, 1977:208). Philemon en die ander figure in sy fantasië het dit by Jung (1977:207) tuisgebring dat daar dinge binne die psige is wat hy nie uit homself bewerk nie, maar wat hulself bewerk en hul eie lewe het. Philemon (Jung, 1977:208) was vir Jung 'n lewende "guru" : "...someone possessing superior knowledge and ability".

3.5.1.6.4 Ka

Philemon is vervang deur Ka (Jung, 1977:209). In antieke Egipte is die koning se "ka" die aardse vergestaltung van die koning se siel. In Jung se fantasie kom die "ka" van onder uit die aarde asof uit 'n diep skag. Jung het 'n verwerk van hom gemaak wat hom uitbeeld as vanuit die aarde met 'n klip fondament en 'n brons bosstuk van koper. Ka sê: "I am he who buries the gods in gold and gems." (Jung, 1977:209). Jung beskryf die verhouding tussen Philemon en Ka soos volg:

"Philemon had a lame foot, but was a winged spirit, where Ka represented a kind of earth demon or metal demon. Philemon

was the spiritual aspect, or 'meaning'. Ka on the other hand, was a spirit of nature like the Anthroparion of Greek alchemy with which at the time I was still unfamiliar. Ka was he who made everything real, but who also obscured the halcyon spirit, meaning, or replaced it by beauty, the 'eternal reflection'. In time I was able to integrate both figures through the study of alchemy." (Jung, 1977:209.)

Jung (1977:210) erken dat hy by tye vir homself gesê het dat dit waarmee hy homself besig hou, nie wetenskap is nie. 'n Vrouestem binne hom het geantwoord, dit is kuns. Hy het die stem erken as die van 'n talentvolle vroulike psigopatiese pasiënt van hom. Sy het 'n lewende figuur binne sy verstand geword. Dit wat hy doen is beslis nie wetenskap nie, die enigste alternatief is dat dit kuns moet wees. Dit is hoe vroue redeneer. Jung het aan die stem gesê dat dit beslis nie kuns is nie, die stem was stil. Later het die aanslag weer gekom; hierdie keer was hy gereed en het dit dadelik aangespreek: "On the contrary, it is nature" Niks het van die verwagte argument gekom nie, Jung het besef dat die "woman within me" nie die spraakvermoens het wat hy het nie. Hy het haar toegelaat om deur hom te praat en sy het 'n lang verklaring afgelê.

Jung (1977:210) het begin reflekteer waarom 'n vrou nou juis met hom sou wou inmeng. "My conclusion was that she must be the 'soul', in primitive sense, and I began to speculate on the reasons why the name 'anima' was given to the soul. Why was it thought of as feminine? Later I came to see that this inner feminine figure plays a typical, or archetypical, role in the unconsciousness of a man, and I called her the 'anima'. The corresponding figure in the conscious of woman I called the 'animus'." (Later meer oor die archetype, anima en animus. A.P.B.)

3.5.1.6.5 Aurea Catena

Aurea Catena (Jung, 1977:213) "The Golden (or homeric) Chain in alchemy is the series of great wise men, beginning with Hermes and Trismegistos, wick link earth with heaven. Jung self erken dat dit ironies is dat hy as psigiater tydens elke stap van die eksperiment met dieselfde psigiese prosesse te doene kry as wat by

geestesversteurde pasiënte gevind word. Dit is die somtotaal van alles wat 'n geestesversteurde pasiënt verwar. Hy verklaar sy eie situasie soos volg: Alhoewel ons verbeelding ons baie kan leer, word dit taboo verklaar. Dit word beskou as 'n riskante eksperiment om jouself op 'n onduidelike weg te plaas wat lei na die dieptes van die onderbewussyn. Dit word beskou as die pad van dwaling en misverstande. Die *Aurea Catena* bestaan vanaf die begin van die filosofiese alchemy en gnostisisme tot met Nietzsche se *Zarathustra*. Onpopulêr maar tog 'n reis van die ontdekking van die pool aan die anderkant van die aarde.

3.5.1.6.6 Septem Sermones ad Mortuos

Jung (1977:214-215) skryf dat hy in 1916 'n dringendheid begin ervaar het dat hy dit wat hy by Philemon geleer het moet formuleer. Hieruit is *Septem Sermones Mortuos* gebore: [voetnota: (Jung, 1977:215) "Privately printed and pseudonymously subtitled 'The Seven Sermons to the Dead written by Basilides in Alexandria, the City where the East toucheth the West.'"]. Hy ervaar: "There was an ominous atmosphere all around me." Sy huis en kinders word nou ook by die eksperiment betrek. Hy beskryf dit soos volg:

"Then it was as if my house began to be haunted. My eldest daughter saw a white figure passing through the room. My second daughter, independetly of her elder sister, related that twice in the night her blanket had been snatched away; and that same night my nine-year-old son had an anxiety dream."
(Jung, 1977:215.)

Jung (1977:215) verwys na nog so 'n voorval wat sy gesin betrek. Ongeveer vyf uur die Sondag middag, lui die voordeurklokkie. Almal (vrou en kinders) in die sitkamer het met verwagting opgekyk. Daar was egter niemand. Hulle het slegs vir mekaar gekyk. Die atmosfeer was dik. Skielik was die huis gevul met geeste. Hy vervolg: "I was all a-quiver with the question: 'For God's sake, what in the world is this?' They cried out in a chorus, 'We have come back from Jerusalem where we found not what we sought.' That is the beginning of the *Septem Sermones*."

Jung (1977:216) verduidelik dat hy kort voor bogenoemde episode met die geeste tot die besef gekom het dat die siel 'n verhouding aanknoop met die onderbewussyn. Dit kan beskryf word as 'n verhouding met almal wat gesterf het. Wanneer iemand die idee kry dat sy siel verdwyn het, dan beteken dit die siel het ontrek vanuit die bewussyn na die onderbewussyn. Jung (1977:216) verduidelik dit soos volg:

“There it produces a mysterious animation and gives visible forms to the ancestral traces, the collective contents. Like a medium, it gives the dead a chance to manifest themselves. Therefore, soon after the disappearance of my soul the ‘dead’ appeared to me, and the result was the *Septem Sermones*.”

Jung (1977:217) noem hierdie kommunikasie met die dooies: “These conversations with the dead formed a kind of prelude to what I had to communicate to the world about the unconscious: a kind of pattern of order and interpretation of its general contents.”

Jung (1977:217) maak die volgende verklaring:

“To-day I can say that I have never lost touch with my initial experiences. All my works, all my creative activity, has come from those initial fantasies and dreams which began in 1912, almost fifty years ago. Everything that I accomplished in later life was already contained in them, although at first only in the form of emotions and images.”

3.5.1.6.7 Intwaso : Sjamaanse inisiasiesiekte

Louw & Edwards (1998:666-667) skryf dat in baie kulture mense nie uit eie keuse genesers of sjamane word nie. Spesifieke persone word deur 'n siekte getref. Hierdie siekte gaan gepaard met uitsonderlike drome en visioene in 'n wakker toestand. Dit is 'n aanduiding dat so 'n persoon geroep is om 'n sjamaanse geneser te word. Daar word geglo dat die voorouers so 'n persoon kies en roep. Louw & Edwards (1998:666) noem dat tydens die opleiding van hierdie geroepenes vier

kenmerke na vore kom: Belangrikheid van drome, uitvoer van rituele, binnegaan van veranderde bewussynstoestande en buitesintuiglike waarneming.

Louw & Edwards (1998:667) verduidelik verder dat in gevalle van *intwaso* dit moontlik is om:

“ ‘n veilige plek te skep waar die persoon die ervarings van veranderde bewussynstoestande onder leiding kan deurloop en gesonder en sterker ander kant kan uitkom om wysheid en genesing aan die gemeenskap te bied.”

Louw & Edwards (1998:667) skryf verder dat hierdie proses baie gemeen het met Jung se konsep van individuasie. Dit is ‘n proses waarin persone ‘n transformasie van hulle beperkte persoonlike identiteit ondergaan en mense word wat in twee wêrelde kan lewe. Die persoonlike en geestes die wêreld. Jung self het so proses ondergaan (hierbo beskryf.A.P.B.) wat vir die grootste deel van sy lewe voortgegaan het.

3.5.1.7 Ontrekking van die universiteit

Jung (1977:218-219) noem dat hy te midde van sy betrokkenheid met die ontdekking van die onderbewussyn, ‘n duidelike keuse moes maak. Sy kontak met die onderbewussyn het sy intellektuele vermoëns tot stilstand gebring. Nadat hy “Psychology of the unconscious” geskryf het, het hy dit absoluut onmoontlik gevind om enige wetenskaplike werk te doen. Dit het vir drie jaar voortgeduur. Hy beskryf hierdie stryd om die akademie soos volg:

“It would be unfair to continue teaching young students when my own intellectual situation was nothing but a mass of doubts. I therefore felt that I was confronted with the choice of either continuing my academic career whose road lay smooth before me, or following the laws of my inner personality, of a higher reason, and of forging ahead with this curious task of mine, this experiment in confrontation with the unconscious. But until it was completed I could not appear before the public.

Consciously, deliberately, then I abandoned my academic career. For I felt that something great was happening to me, and I put my trust in the thing which I felt to be more important *sub specie aeternitatis*. I knew it would fill my life, and for the sake of that goal I was ready to take any kind of risk.” (Jung, 1977:219.)

3.5.1.8 Mandalas

Teen die einde van die eerste wêreld oorlog, 1918-1919 skryf Jung: “I gradually emerged from the darkness” (Jung, 1977:220). Twee gebeurtenisse het hiertoe aanleiding gegee. Eerstens sy ontdekking van die Anima (reeds bespreek) en tweedens: “I began to understand the Mandala drawings.” Jung beskryf hierdie mandala tekeninge soos volg:

“... I sketched every morning in a notebook a small circular drawing, a mandala, which seemed to correspond to my inner situation at the time.” En verder: “Only gradually did I discover what the mandala really is: ‘formation, transformation, eternal minds, eternal transformation and that is the self, the wholeness of the personality, which, if all goes well, is harmonious, but which cannot tolerate selfadaptations.’ Jung (1977:220).

3.5.1.9 Die einde

Jung sluit hierdie periode van sy lewe af met ‘n lang verklaring van wat dit vir hom beteken het:

“It has taken me virtually forty five years to distill within the vessel of my scientific work the things I experienced and wrote down at that time. As a young man my goal had been to accomplish something in my science. But then, I hit upon this stream of lava and the heat of the fires reshaped my life, that was the primal stuff which compelled me to work upon it, and my works are more or less successful endeavour to incorporate

this incadescent matter into the contemporary picture of the world. The years when I was pursuing my inner images were the most Important in my life. In them everything essential was decided. It all began then; the later details are only supplement and clarifications of the material that burst forth from the unconscious, and at first swamped me, it was the *prima materia* for a lifetimes work.”

3.5.1.10 Transpersoonlike benadering

Volgens Viljoen (2003:93) word Jung se teorie universeel beskou as uiters kompleks. Dit inkorporeer en ontwikkel sekere van Freud se beginsels omdat beide beïnvloed is deur wetenskaplike en filosofiese verwikkelinge in die 19de eeu insluitend die ewolusieteorie.

Louw (1986:112) beskryf Jung se bydrae – nadat hy met Freud gebreek het omdat hy sterk verskil het met laasgenoemde se beklemtoning van die seksuele drange – veral gefokus is op sy beskouing van die onderbewuste. Hy het ook ‘n siening van die psigiese energie ontwikkel wat tot ‘n invloedryke tipologie gelei het. Hy was ook een van die eerste psigoloë wat die konsep van persoonlike groei en aktualisering ontwikkel het.

Edwards (1998:556) beskryf Jung se bydrae soos volg: “Carl Jung was ‘n vroeë pionier van die transpersoonlike teorie, lank voordat die term transpersoonlik in die sielkunde in gebruik gekom het. Soos Singer (1990:42) dit stel, ‘The really important focus of his energy was the life of spirit.’” Edwards vervolg verder: “Jung het die naam ‘*persona*’ (die Latynse woord vir masker) gegee aan die positiewe sosiaal aanvaarde gesig wat mense gewoonlik aan die wêreld voorhou. Hy het die term ‘*skaduwee*’ gebruik vir pynlike of onaanvaarbare impulse wat deur die verdedigingsmeganismes vir die bewuste verberg word. Jung het geglo dat mense lewenslank voortgaan om sielkundig en geestelik te groei. ‘n Proses wat hy individuasie noem. Later meer oor individuasie.

3.5.1.10.1 Transendente funksie

Jung (1953:108) beskryf die transendente funksie soos volg: "The transcendent function does not proceed without aim and purpose, but leads to the revelation of essential man. Die doel van transendente is dus vir die mens om homself te ontdek. Viljoen noem dat dit vir Jung nie gaan om die ontwikkelingsfases van die persoonlikheid nie, maar meer op die prosesse van individualisering en transendente funksies wat na sy mening die basis vorm van enige ontwikkeling van die argetipe. Meer oor die argetipe later. Viljoen (2003:113) toon aan dat Jung die transendente funksie beskou as "...mans' religious drive, the craving to evolve to a higher level ... towards the hero, the saint or sage."

3.5.1.10.2 Individueasie.

Volgens Viljoen (2003:113) het Jung hierdie individuasie proses onderverdeel in subdivisies naamlik: ego, persona, skadu, anima, animus ens. Jung (1953:108) skryf self die volgende oor individuasie:

"The meaning and purpose of the process is the realization, in all the aspects of the personality originally hidden away in the embryonic germ; the production and unfolding of the original, potential wholeness." En verder. "Individuation means becoming a single, homogenous being, and, in so far as 'individuality' embraces our innermost, last, and, incomparable uniqueness, it also implies becoming one's own self. We could therefore translate individuation as 'becoming to selfhood' or self realization." (Jung, 1953:171.)

3.5.1.10.3 Argetipe

Die argetipe waarna hierbo verwys is, is volgens Edwards (1998:557) patrone van aktiwiteit wat die mens oor die eeue ontwikkel het op grond van "die afsplitsing van impulse en gevoelens wat gevaarlik en onaanvaarbaar is ..." Edwards (1998:557) vervolg verder "Elkeen van ons herhaal 'n oeroue patroon terwyl ons leer om 'n

sosiaal aanvaarbare masker aan ander voor te hou en dit wat onaanvarbaar is, in die skaduwees terug te dryf.”

3.5.1.10.3.1 Twee argetipes: *Animus en anima*

Viljoen (2003:102) toon aan dat volgens Jung elke mens nie net fisiologiese eienskappe het van beide geslagte nie, maar ook psigologiese emosies, houdings en waardes. Die *anima* is die vroulike kant en die *animus* is die manlike kant.

Jung self beskryf dit soos volg:

“Every man carries within himself the eternal image of a woman, not the image of this or that particular woman, but a definite feminine image. This image is ... an imprint or archetype of all the ancestral experiences of the female, a deposit, as it were, of all the impressions ever made by a woman ... the same is true of a woman: she too has her inborn image of man ... since the image is unconscious, it is always unconsciously projected upon the beloved, and is one of the chief reasons for passionate attraction or aversion.” (Jung, 1954:198).

3.5.1.10.4 Kollektiewe onderbewuste

Edwards (1998:557) beskryf Jung se teorie ten opsigte van die kollektiewe onbewuste soos volg:

“Jung het die *kollektiewe onbewuste* beskryf waarin daar impulse, emosies en simbole verberg is wat nie slegs van persoonlike geskiedenis afkomstig is nie. Jung het geglo dat mense gevoelens en perspektiewe kon ervaar wat in ander kulture en tydens vorige periodes in die geskiedenis ontstaan het.”

3.5.1.10.5 Selfargetipe

Viljoen (2003:104) beskryf die *self* argetipe as dit wat die individu motiveer om te streef na volledigheid en heelheid, “completeness and wholeness.” Hierdie strewe word aangevuur deur ‘n “religious instinct and a transcendent function.”

Edwards (1998:558) verduidelik dit soos volg:

“Jung sê dat ons aan die aansporing van die self-argetipe gehoor moet gee, anders sal ons vasgevang voel en die lewe saai en betekenloos wees. Jung het besef dat drome, mites en volksvertellings ons eie verborge argetipes kan laat ontwaak en ons op die weg van die individuasie proses begelei. Om na die roepstem te luister, is om op ‘n avontuur te vertrek wat opwindend en uitdagend is en tot persoonlike en geestelike vervulling sal lei. In die proses sal ons egter te staan kom voor aspekte van onself wat onaangenaam en onbekend is. Ons kan geroep word om veranderinge en waardes en lewenstyl te maak wat moontlik deur vriende en familie teëgestaan kan word. Ons moet dalk dit wat ons voorheen as onself beskou het prysgee ten einde ‘n groter geïndividueerde self te word.”

Volgens Viljoen (2003:104) word hierdie selfargetipe gemanifesteer in verskeie simbole soos die mandala (sanskrit vir sirkel-vgl.3.5.1.6.-A.P.B.)

“The *mandala* is an article comprising four quarters which serves as symbol of unity and completeness in many Eastern religions. For example; it is used as an aid during mediation in Tibetan Buddhism. It also appears in many other cultural and historical contexts.” (Viljoen, 2003:105.)

Jung (1953:176) beskryf die optimale ontdekking van die self soos volg:

“ ... the more we become conscious of ourselves through self knowledge, and act accordingly, the more the layer of the personal unconscious that is superimposed on the collective

unconscious will be diminished. In this way there arises a consciousness which is no longer imprisoned in the petty, oversensitive, personal world of objective interests. This widened consciousness is no longer that touchy, egotistical bundle of personal wishes, fears hopes and ambitions which always has to be compensated or corrected by unconscious countertendencies; instead, it is a function of relationship to the world of objects, bringing the individual into absolute, binding and indissoluble communion with the world at large."

Volgens Jung het die mens twee doelstellings op aarde:

"Man has two aims: the first is the natural aim, the begetting of children and the business of protecting the brood...when this aim has been reached a new phase begins; the acquisition of money and social cultural aim. For the attainment of the former we have the help of nature and, on top of that education; for the attainment of the latter little or nothing helps ... this is what makes the transition from the natural to the cultural phase so terribly difficult."(Jung, 1953:73.)

3.5.1.10.6 Optimale ontwikkeling

Volgens Viljoen (2003:115) is Jung van mening dat slegs enkele persone ooit optimale ontwikkeling bereik. Viljoen beskryf dit soos volg:

"Although as Jung points out, the transition from a natural to a cultural existence is difficult and is only achieved by some individuals, it is a necessary requirement for mental health and optimal development. Jung therefore not only equates psychic health with optimal development, he also views mental health as an ideal condition. Jung states that [a] spiritual goal that points beyond the purely natural man and his worldly existence is an absolute necessity, for the health of the soul. According to Jung, those who reach optimal development through the

attainment of the self are not only ... on one side being of superior wisdom and on the other side a being of superior will. They are also the conveyors of the culture and the augmentors of human civilization. With few exceptions, among them Jesus Christ and Buddha. Jung believes that few people attain the ideal of optimal development, namely the state of complete differentiation (individuation) and synthesis (transcendence).” (Viljoen, 2003:115.)

3.5.1.10.7 Jung en godsdiens

Soos reeds hierbo vermeld, het Jung belydenis afgelê in die Switserse gereformeerde kerk. Hy het egter net eenkeer nagmaal gebruik, dit was vir hom ‘n ritueel wat die dood meebring. Vir Jung was Jesus Christus ‘n feilbare mens wat daarin geslaag het om optimaal te ontwikkel soos Buddha. Hy het as jong seun tot die oortuiging gekom dat God die mens forseer om te sondig sodat hulle God se genade kan smaak.

Volgens Jung (1949:278) is die mens se probleem geleë in die feit dat hy alles rasioneel wil verklaar. Hierdie rasonale denke oor die lewe werk vernietigend in op die natuurlike kragte in die mens. Die natuurlike magte wreek hullself deur op ‘n stadium die bewussyn te oorrumpel. Die mens was van vroeg reeds bewus van hierdie probleem, daarom is godsdiens en toordery ontwikkel. Hy beskryf dit soos volg:

“This is why the medicine man is also the priest; he is the saviour of the body as well as the soul, and religions are systems of healing for psychic illness. This is especially true of the two greatest religions of man, Christianity and Buddhism. Man is never helped in his suffering by what he thinks for himself, but only by revelations of a wisdom greater than his own. It is this which lifts him out of his distress. Today this eruption of destructive forces has already taken place, and man suffers from it in spirit. That is why patients force the

psychotherapist into the role of the priest, and expect and demand of him that he shall free them from their distress. That is why we psychotherapists must occupy ourselves with problems which, strictly speaking, belong to the theologian. But we cannot leave these questions for theologians to answer; the urgent, psychic needs of suffering people confront us with them day after day. Since, as a rule, every concept and viewpoint handed down from the past fails us, we must first tread with the patient the path of his illness – the path of his mistake that sharpens his conflicts and increases his loneliness till it grows unbearable – hoping that from the psychic depths which cast up the powers of destruction the rescuing forces will come also.”

Volgens Jung (1949:238) is die moderne mens se geestelike probleem geleë in die feit dat vergange gelowige handeling nie meer voldoende is nie. Die moderne mens, in teëstelling met sy negentiende eeuse voorouers, stel nie meer belang in uitgediende tradisionele belydenisse nie. Die moderne mens stel sy vertroue in die psige, in die “Gnostic sense of religious experience”. Hy beskryf dit soos volg : (Jung, 1949:11)

“The modern man abhors dogmatic postulates taken on faith and the religions based on them. He holds them valid only as far as their knowledge-content seems to accord with his own experience of the depths of psychic life. He wants to know – to experience for himself.”

Hierdie beheptheid van die moderne mens met die psigiese is volgens Jung (1949:251) die gevolg van die feit dat daar 'n innerlike mag binne die mens is wat hom forseer om van die ou weë af te wyk. Hy beskryf dit soos volg:

“Instinctively the modern man leave the trodden ways to explore the by-paths and lanes, just as the man of the Graeco-Roman world cast off his defunct Olympian gods and turned to the

mystery-cults of Asia. The force within us that impels us to the search, turning outward annexes Eastern Theosophy and magic; but it also turns inward and leads us to give our thoughtful attention to the unconscious psyche. It inspires in us the selfsame scepticism and relentlessness with which a Buddha swept aside his two million gods that might come to the pristine experience which alone is convincing.” (Jung, 1949:238).

3.5.1.10.8 Spirituele inkleding

Verhoef (2000:85) toon aan dat dit hier gaan om ‘n spirituele inkleding van die werklikheid. Psigologie kry ‘n religieuse/godsdienstige dimensie. Geen berading geskied dus waardevry nie. Elke mens definieer sy belewenisse en handeling eklekties. Volgens Verhoef (2000:85) is hierdie benadering se winspunt:

“... dat die verstaan van die mens grootliks buite homself lê. Die verklaring van die absolute outonomie van die mens, wat sterk figureer in die ander psigologiese beradingsmodelle, word hierdeur onderbeklemtoon. Andersyds is dit belangrik om daarop te dui dat die bewustheid van die transendensie mag lei tot ‘n determinisme van buite, met gepaardgaande afgodery.”

Ten slotte beskryf Edwards (1998:562) die status van die transpersoonlike teorie wat deur Jung geformuleer is soos volg:

“Die status van transpersoonlike teorieë is van besondere relevansie in Suid-Afrika. Hoewel dit nuut is in die sielkunde en dus aan baie sielkundiges onbekend is, sou hulle ‘n baie nodige skakel tussen die sielkunde en die perspektiewe van Afrika se tradisionele genesers kon vorm.”

3.6. Opsomming.

In hierdie hoofstuk is 'n kort historiese oorsig gedoen van die moderne sekulêre psigologie. Die eerste erkende introspektiewe psigoloog was ook 'n kerkvader Augustinus. Die geesteswetenskappe op die spoor van die natuurwetenskappe werp die juk van die teologie af. Die ewolusieleer wat 'n groot impak op die natuurwetenskappe gehad het, speel ook by die geesteswetenskappe 'n kardinale rol. Die eerste twee sleutelfigure in die moderne sekulêre psigologie het beide bogemiddelde blootstelling aan die Christelike geloof gehad.

Vervolgens is die leer en lewe van sleutelfigure van geïdentifiseerde paradigmas in die moderne sekulêre psigologie ondersoek.

Die eerste was John Watson. Watson het opgegroeï in 'n Christengelowige huishouding. Hy beskou godsdiens as towery. 'n Skepping van lui mense. Hy hou vas aan die ewolusie leer van Darwin en maak geen onderskeid tussen diere en mense nie. Hy is oortuig dat die mens die vermoë binne homself het om sy volle potensiaal te bereik. Hy het 'n swak verhouding met sy vader gehad. Watson beskou die psigoanalise (die enigste ander skool van sy tyd. A.P.B.) as onwetenskaplik eerder 'n geloofsisteem.

Die tweede persoon was Sigmund Freud. Hy was 'n Jood van geboorte. Hy beskou God as 'n illusie wat geskep word deur mense wat nie hul eie probleme kan hanteer nie. Hy beskryf sy teorie met behulp van Griekse mitologiese verhale. Dit is duidelik aangetoon dat hy vermoedelik op 'n stadium van sy lewe aan dwelmiddels verslaaf was. Sy teorie is aanvaar as plaasvervanger vir die leer van die erfsonde. Sy laaste publikasie ooit is 'n boek wat handel oor die Christelike geloof. Dit toon 'n goeie Skrifkennis wat erg skeefgetrek word vanweë sy eie ongeloof op grond van sy eie teorie. Freud het soos Watson nie 'n goeie verhouding met sy vader gehad nie. Alhoewel minder optimisties as die behavioris, glo Freud tog dat die mens dit binne homself het om sy probleme te hanteer. Freud

was ook oortuig dat sy eie psigoterapeutiese skool die engste ware sielkundige terapie is. Freud het 'n messiaanse obsessie vertoon. Sy teorie is geskoei op sy eie lewenservaring en gevalle studies van neurotiese pasiënte.

Carl Rogers was derde aan die beurt. Hy het in 'n Christelik gelowige huis opgegroeï. Hy het selfs op 'n stadium studeer met die doel om predikant te word. 'n Reis na die Ooste en blootstelling aan ander gelowe het hom van plan laat verander. Later in sy lewe loën hy sy aanvanklike geloof in Jesus Christus as sy Verlosser en Saligmaker. Dit blyk dat sy teorie bewustelik daarop ingestel is om die geloof in Christus onnodig te maak. Die mens het die vermoë binne homself om homself te verwesenlik. Hy moet dit net ontdek en ontwikkel op die spoor van die ewolusieteorie van Darwin. Sy teorie is gebaseer op eie ervaring en gevalle studies van pasiënte. Alhoewel Rogers aanvanklik nie geglo het in lewe na die dood nie, het hy en sy vrou kort voor haar dood 'n medium besoek. Rogers het na haar dood weer so gemaak. Hy het tot die oortuiging begin kom dat daar tog lewe na die dood moontlik is.

Carl Jung groei op in 'n Calvinistiese pastorie. Sy hele teorie is daarop gebou om die Christelike geloof te vervang. Hy glo in die ewolusie teorie van Darwin. Hy het nie 'n goeie verhouding met sy vader gehad nie. Reeds in sy voorgeslagte is daar met mediums gekomunikeer. Hyself sit hierdie gebruik voort en bou sy hele teorie op grond van inligting bekom deur reise binne homself. Die oplossing vir die optimale ontwikkeling is te vinde binne homself met die hulp van Gurus. Enige god of idool is bruikbaar. Die transpersoonlike psigologie vorm die brug tussen die wetenskap en die voorvader aanbidding. Vir Jung is Jesus Christus 'n feilbare mens wat optimaal ontwikkel het.

3.7. Voorlopige gevolgtrekkings.

Die persone wie se lewe en leer nagevors is, het 'n paar dinge in gemeen, naamlik:

- * Die ewolusie leer van Darwin
- * Bogemiddelde blootstelling aan die Skrifte
- * Ongeloof in die Drie enige God.
- * Geloof in die menslike potensiaal.
- * Swak verhouding met hul vaders.
- * Geloof in hul eie teorieë.

HOOFSTUK 4

Vergelyking : gereformeerde pastoraat en moderne sekulêre psigologie

4.1 Inleiding

In hoofstuk twee is die gereformeerde teologie en pastoraat beskryf. Hoofstuk drie het die moderne sekulêre psigologie beskryf. Hierdie hoofstuk sal hierdie paradigmas met mekaar vergelyk.

Dit blyk duidelik dat die vyf solas (vgl.2.1.1.) die hart van die reformatie was. Die reformatie was in wese 'n stryd teen die humanistiese invloede wat die kerk binne- gesypel het. Hierdie begrippe kan dus gebruik word om humanistiese paradigmas te evalueer. Om hierdie vergelyking tegnies moontlik te maak, sal die vyf solas soos volg gedefinieer word.

- Sola Christo – **Godsbeskouing**. Jesus Christus Seun van God en self God.
- Sola Gratia – **Mensbeskouing**. Die totale hulpelose mens kan slegs deur genade gered word.
- Sola Scriptura en Fide – **Metode** Die bediening van die Woord wat die bron is waaruit ons die versoening leer ken wat in die geloof omhels moet word.
- Soli Deo Gloria – **Doel**

4.1.1 Augustinus

Die kerkvader Augustinus (vgl.3.1.1. en 2.1.1.) word deur beide die psigologie en die reformatore as 'n sleutelfiguur erken. Daarom is dit belangrik om ook kennis te neem van sy standpunt ten opsigte van die psigologie en pastoraat. Lamberigts (2003:44) beskryf Augustinus se siening ten opsigte van geloof en wetenskap as binne Augustinus se teokratiese wêreld- en mensbeskouing. Alle mense is totaal afhanklik van hul Skepper. Dit beteken dat ware kennis slegs moontlik is wanneer die wetenskaplike 'n ware kennis van God het. Lamberigts stel dit soos volg:

“Augustine was convinced that there can be no true knowledge, salvation, or welfare outside of faith in Christ. The only criterion of judgement is the Christian faith.”

4.2. Gereformeerde pastoraat

4.2.1. Godsbeskouing

Die gereformeerde pastor glo dat daar 'n enige God is. Ewig, onbegryplik, onsienlik onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en in alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is. (NGB art.1) Die gereformeerde pastor glo dat God 'n enige Wese is waarin drie Persone is; Vader, **Seun** (Jesus Christus) en Heilige Gees. Die Seun is die Woord, die wysheid en die beeld van die Vader (NGB. Art.8).

4.2.2 Mensbeskouing

Die mens is na die beeld van God geskep: goed, regverdig en heilig. Weens die sondeval het die mens in vervloeking verval en raak goddeloos en totaal verdorwe. Sonder enige vermoë om die goeie te doen of die regte keuses te maak. Die hele mensdom is terminaal besmet met erfsonde (Artikel 14 NGB, Sondag 3, HK en DL hoofstuk 3)

4.2.3 Metode

Die gereformeerde pastor weet dat daar twee middele is waardeur God geken kan word. 1) Ons ken God deur middel van die skepping, regering en onderhouding van die hele wêreld. Dit ontnem ons enige verontskuldiging dat ons God nie kon ken nie. 2) In die tweede plek maak God Hom aan ons bekend deur sy Heilige en Goddelike Woord. Alles wat ons nodig het om God te ken is volledig daarin vervat. Die wyse waarop Hy wil dat ons moet lewe is daarin opgeteken. Ook die evangelie van sy Seun wat ons in die geloof moet aanvaar en omhels. Ware geloof is om alles wat God in sy Woord geopenbaar het as waaragtig te hou, dit is 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees in my hart werk dat, nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade (Artikel 7, Sondag 7 en DL hoofstuk 1:6).

4.2.4 Doel

Die gereformeerde pastor glo dat dit God self is wat ons met Homself versoen op grond van die algenoegsame werk van sy Seun Jesus Christus. Die doel van hierdie versoening is dat ons God sal eer omdat Hy die onmoontlike moontlik gemaak het. Die gereformeerde pastor bely: Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge. (Dordtse leerreëls Hoofstuk 3/4:17; Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 128 en Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 23.)

4.3 Behaviorisme – John Watson

4.3.1 Godsbeskouing

Volgens Watson (3.2.2.2.) het godsdiens sy oorsprong by lui mense. Hierdie mense het 'n manier ontdek om die natuur te manipuleer. Hulle het gode uitgedink wat gevrees moet word. Deur die eeue heen, is hierdie mense “medicine men, soothsayers, dream interpreters, prophet-deities” genoem. Hoe meer georganiseerd hierdie mense geword het, hoe meer het gevestigde tradisies ontstaan. Verskillende gelowe het ontstaan. Kerke, tempels, katedrale en soortgelyke geboue is opgerig. Mense is deur die element van vrees beheer eerder as liefde. God is dus die skepping van lui mense.

4.3.2 Mensbeskouing

Onder punt (3.2.2.3.) is aangetoon dat die behavioristiese skool geskoei is op die evolusieteorie van Darwin. Die behavioris het geen probleem om resultate van eksperimente van toepassing te maak op mense nie (3.2.2.1.). “ Die mens en die dier is op dieselfde vlak. Mens se waarneembare gedrag vorm die respons op stimuli. Kortom: dit gaan hier om menslike gedrag wat as blote funksie van omgewingsgebeure geïnterpreteer word.” (Verhoef, 2000:74) Die behavioris glo dat elke mens die vermoë binne homself het om sy probleme te oorkom.

4.3.3 Metode

By punt (3.2.2.4.) is aangetoon dat die behavioristiese terapie doelbewus kort is. Die behandeling is toegespits op die verligting van simptome. Alhoewel die terapeut die persoon betrek by die hantering van probleme, skryf die terapeut doelbewus

verandering van optrede voor aan die persoon. Omdat die behaviorist die mens en die dier op dieselfde vlak beskou, word die onderbewussyn (siel) nie in ag geneem nie.

4.3.4 Doel

Verligting van simptome. Deur die regte keuses te maak wanneer die omgewing sekere probleme oplewer, kan die mens oorleef. 'n Mens kan (op grond van die evolusie-leer wat die grondslag is) dit so beskryf: "Survival of the fittest".

4.4 Psigoanalise – Sigmund Freud

4.4.1 Godsbeskouing

Volgens Freud (3.3.4.) is godsdiens die gevolg van die mens se kinderlike hulpeloosheid. Die godsgedagte is niks anders as " 'n skepping van die mens se eie begeertes nie. Hierdie godsgedagte is niks anders as 'n illusie en sonder objektiewe geldigheid." Op die spoor van Darwin se evolusie teorie, is Freud oortuig dat sy voorouers hierdie idée van 'n god ontwikkel het as gevolg van 'n vader wat doodgemaak is en skuldgevoelens wat toe ontwikkel het. Jesus Christus is nie die seun van God wat vir ons sondes aan die kruis gesterf het nie. Jesus is die seun van 'n god wat in stryd is met sy vader vir die liefde van 'n vrou. Net soos die mitologie van Thor (god) en Hercules (seun gebore uit 'n vader wat 'n god is en 'n aardse moeder).

4.4.2 Mensbeskouing

Deterministies (3.3.5.) Magte waaroor die mens geen of weinig beheer het bepaal persoonlikheid. Die optrede en denke van die mens moet dus intrapsigies (van binne die mens) verklaar word (Verhoef, 2000:72). Die mens het die vermoë om sy probleme te hanteer solank hy net weet wat die oorsaak is en dit hanteer.

4.4.3 Metode

Die wyse waarop psigoterapie bedryf word, is deur vrye assosiasie (3.3.3.). Dit beteken onderdrukte emosies word na die bewussyn gebring deur verbalisering

sodat dit opgelos kan word. Dit is 'n lang proses (3.2.2.6.). Die terapeut en die klient werk saam in die vind van die oplossing.

4.4.4 Doel

Die doel van die psigoterapie is om 'n balans te vind tussen die genotsbeginsel (3.3.3.2.) (hedonisties gedrewe) en die morele reëls van die samelewing.

4.5 Humanistiese Psigologie – Carl Rogers

4.5.1 Godsbeskouing

Rogers het die Christelike geloof in sy totaliteit verwerp (3.6.3.6.). Hy het geglo die mens het die vermoë binne homself om al sy probleme te oorkom. Daar is geen behoefte aan 'n God nie. Rogers was dus 'n agnostikus.

4.5.2 Mensbeskouing

Die mens is inherent goed (3.6.3.7.). Die mens het die vermoë om uit homself oplossings te vind vir sy probleme. Die mens is gebore met die primêre doel van selfaktualisering.

4.5.3 Metode

Aangesien elke mens die vermoë het om homself te aktualiseer (3.6.3.7.), moet die terapeut slegs hierdie proses fasiliteer. Die terapeut help net die kliënt om sy volle potensiaal te bereik. Die kliënt is self vry om keuses te maak.

4.5.4 Doel

Die doel is om die kliënt te help op sy volle potensiaal te bereik deur die vermoëns binne homself te ontwikkel.

4.6 Transpersoonlike psigologie – Carl Jung

4.6.1 Godsbeskouing

Volgens Jung (3.5.1.8.7) is godsdiens soos ook die skepping van mense. Aangesien dit die skepping van mense is, kan hulle dit verwerp wanneer 'n spesifieke godsdiens uitgedien geraak het.

4.6.2 Mensbeskouing

Die mens (3.5.1.8.8) moet hulp kry van buite. Die mens het egter die vermoë om kontak te maak met die geesteswêreld om daar hulp te ontvang (3.5.1.5.2.7).

4.6.3 Metode

Individuasië (3.5.1.5.2.7). Dit is 'n proses wat die persoon in staat stel om in twee wêreldes te leef: 'n persoonlike en 'n geesteswêreld. Die persoon keer gesond terug van die geesteswêreld.

4.6.4 Doel

Optimale ontwikkeling (3.5.1.8.6). Transformasie van 'n natuurlike mens na 'n kulturele wese. Dit is 'n vereiste vir 'n gesonde siel. Mense moet kan funksioneer in twee wêreldes.

4.7 Tabel : Vergelyking tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie

	Gereformeerde Pastoraat	Behaviorisme Ivan Pavlov / John Watson	Psigoanalise Sigmund Freud	Humanisties Carl Rogers	Transpersoonlik Carl Jung
Sola Christo/ God	Drie Enige God, soewereine skepper en onderhouer van hemel en aarde	Geen God (God is skepping van mense)	Geen God (God is Illusie)	Agnosties	Enige God (afgodery)
Sola gratia/ Mens	Vanweë erfsonde totaal onmagtig – skepsel van God, versoen met God deur Seun van God: Jesus Christus.	Selfgenoegsaam -produk van evolusie	Selfgenoegsaam (dier)-produk van evolusie	Selfgenoegsaam -produk van evolusie	Selfgenoegsaam -produk van evolusie
Sola Scriptura +Fide/ Metode	-Bediening van versoening deur die woord van God -Heilige gees maak dit lewend in hart -wedergeboorte	-verligting van simptome deur ingeligte keuses en manipulasie van omge- wing -opgeleide spesialiste -kort proses	-vrye assosiasie -verbalisering van onderdruk- te emosies -opgeleide terapeute -duur lank	-mens het inherente potensiaal, moet dit ontdek en ontwikkel -opgeleide terapeut fasiliteer proses	-individuasie -ontwikkel die vermoë om in twee wêrelde te leef -opgeleide terapeute
Soli Deo Gloria/ Doel	Soli Deo Gloria	Gesonde gemeenskap (mensdom)	Balans tussen eie begeertes en morele reëls van samelewing-gelukkige mense	Dat elke persoon sy/haar volle potensiaal bereik	Optimale ontwikkeling –word soos bv. Jesus of Buddha

Hoofstuk 5

Praktykteoretiese riglyne vir 'n gereformeerde pastorale model

5.1 Inleiding

Soos reeds aangetoon (1.2.3.2.) is berading die bediening van die versoening. Hierdie bediening van die versoening is elke gelowige se verantwoordelikheid. Dit is nie die funksie van slegs “spesialiste” in berading nie. Die Skrif leer duidelik dat ons mekaar se laste moet dra, mekaar moet bemoedig en vertroos. Dit is dus die plig van elke gelowige om 'n “berader” te wees.

In hoofstuk 2 is aangetoon dat die solas van die Reformasie gedien het as grondslag. Daar is verder aangetoon dat die behoeftes ontstaan het om gestruktureerd die belydenis van die Reformatore neer te pen. Hierdie belydenisskrifte, die Drie Formuliere van Eenheid, is opgestel op die grondslag van die Reformasie, dus, die solas.

Daar is ook aangetoon dat die Heidelbergse Kategismus toegespits is op die alledaagse lewe, lewensvrae, lewenskunde en lewenskuns aan die hand van die Woord en wet van God. Heyns en Jonker (1977:200) noem dan ook dat die gereformeerde belydenisskrifte onder andere geskryf is vir pastorale doeleindes.

In hoofstuk drie is die leer en lewe van sleutelfigure in die moderne sekulêre psigologie ondersoek.

Hoofstuk 4 het die gereformeerde pastoraat en moderne sekulêre psigologie vergelyk op grond van die solas van die reformasie. Die bevinding is dat die paradigmas klaarblyklik onversoenlik met die gereformeerde pastoraat is.

In hierdie hoofstuk sal praktykteoretiese riglyne vir 'n gereformeerde pastorale model daargestel word as alternatief vir die moderne sekulêre psigologie.

Venter (1991:47-69) het die hipotese: “ ... dat pastorale motiewe en perspektiewe wel in die Heidelbergse Kategismus aanwesig is” ondersoek en sy bevinding was: “... pastorale perspektiewe en motiewe kom in die Heidelbergse Kategismus na vore veral in die omvattende troosbegrip, in die Trinitariese gefundeerdheid van die troos,

in die antropologiese perspektiewe en motiewe, in die versoeningsperspektiewe en – motiewe.”

Die Heidelbergse Kategismus, wat ooreenstem met die vyf solas, kan dus dien as vertrekpunt vir moontlike riglyne in die gereformeerde pastoraat.

5.2 Heidelbergse Kategismus. Deel 1.

5.2.1 Sondag 1:

Vraag 1

Sondag 1 dien as grondslag vir die voorgestelde riglyne. Voordat die beradene “gekonfronteer” word met die bediening van die versoening, word eers ’n stewige basis daargestel. Geen groter troos kan aan ’n neergeslane beradene gegee word as dat hy verseker word dat hy met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort. Hierdie troos vind ons in die Skrif en word bewerk deur die Heilige Gees. Nadat hierdie troos deeglik gevestig is, kan daar nou op hierdie fondament voortgebou word.

Vraag 2

Die beradene word nou gekonfronteer met sy probleem. Die feit dat hy nou in ’n situasie verkeer waarin hy berading nodig het. Die oorsaak is nie buite homself in ander mense of sy omgewing te wyte nie – die probleem is in homself : erfsonde. Hierdie ellende word ook deur die Skrif aan ons openbaar. Die beradene word verseker dat alle mense hierdie probleem het maar die troos is dat daar ook ’n oplossing van buite onself is.

5.2.2 Deel 2 : Verlossing

Die oplossing is reeds 2000 jaar gelede volbring. Jesus Christus, die Seun van God, het aan die kruis en deur sy opstanding ons verlos van die ellende van die sonde. Die beradene moet dit in die geloof vir homself aanneem. Dit word bewerk deur die Heilige Gees. Dit is die wedergeboorte – ’n gawe van God. Op hierdie wedergeboorte volg die geloof en dan die bekering. Dit beteken dat die beradene ’n totale ommekeer maak van die weg wat hy tot dusver gevolg het. Sy denke word vernuwe. Hierdie (daaglikse-A.P.B.) bekering is ’n proses van heiligmaking wat die res van sy aardse bestaan sal duur. Dit is alles die werk van God die Heilige Gees.

5.2.2.1 Sondag 20. Heilige Leer

Die derde persoon van die Drie-Eenheid, nl. die Heilige Gees, wat die versoening lewend gemaak het in die hart van die beradene, sal hom nou lei op die weg van heiligmaking. Gedurig word die beradene herinner aan sy enigste troos. Die persoon skakel in by die gemeenskap van die heiliges. In dankbaarheid vir dit wat hy in genade ontvang het, volg hy nou die weg van dankbaarheid.

5.2.2.2 Sondag 25. Die sakramente

Die beradene sit aan by die Nagmaalstafel. Hy deel in die genade van Christus deur die geloof, wat die Heilige Gees in hom bewerk het.

5.2.3 Deel 3 : Dankbaarheid

5.2.3.1 Sondag 32

Gedurig word die beradene herinner aan die vorige sondagsgedeeltes : die enigste troos, ellende, verlossing en nou die nuwe lewe! Die ou mens het gesterf.

Hiervandaan streef die beradene om God te dien soos hy in sy wet beveel. Die troos is dat die beradene nie aan homself uitgelewer is nie. Die Heilige Gees werk steeds Jesus Christus se weldade in hom.

5.2.3.2 Gebed

Op hierdie stadium tydens die berading, word gefokus op gebed, alhoewel gebed reeds van die begin af 'n belangrike rol speel. Die Onse Vader dien as riglyn vir hierdie proses. Elke sessie saam met die berader is van dag een af begin en afgesluit met gebed. Die beradene behoort dus reeds vertrouwd te wees met gebed op grond van die voorbeeld deur die berader. Hierdie gedeelte dien die beradene te help om self na die voorbeeld van Jesus Christus te bid.

5.2.4 Slotopmerking

Hierdie model hoef nie slaafs nagevolg te word nie maar gee slegs 'n aanduiding hoe dit kan gebeur. Indien die berader in 'n verhouding met Jesus Christus, deur die krag van die Heilige Gees, staan, is die Kategismus bloot 'n hulpmiddel om die bediening van die versoening gestruktureerd aan te bied vir die beradene.

Hoofstuk 6

Gevolgtrekkings en aanbevelings

6.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n samevatting te gee van al die gevolgtrekkings waartoe gekom is deur die studie en om tot 'n finale gevolgtrekking te kom en daarna enkele aanbevelings te maak.

6.2 Samevatting

Die doelstelling van hierdie studie is om die gereformeerde pastoraat te vergelyk met die moderne sekulêre psigologie met betrekking tot die klaarblyklike onversoenbaarheid en gereformeerde-gebaseerde riglyne daar te stel vir die gereformeerde pastoraat.

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie klaarblyklik onversoenlik is.

Hoofstuk twee het die ontwikkeling van die gereformeerde teologie ondersoek. Die gereformeerde teologie het ontwikkel uit die protestantse reformatie van die 16de eeu. Die reformatie wou die kerk hervorm volgens die voorskrifte van die Skrif. Die rol van die Skrif moes herstel word sodat 'n geldige verstaan van die mens en sy posisie voor God weer gevestig kon word.

Die protestantse lewens- en wêreldsbeskouing is begrond op die sg. Vyf Solas: Sola Scriptura (Woord alleen), Sola Gratia (genade alleen), Sola Fide (geloof alleen) en Sola Christo (Christus alleen) – Soli deo Gloria (tot eer van God alleen). Hierdie solas word geag ononderhandelbaar te wees.

Die renaissance daarteenoor het die humanistiese lewens- en wêreldsbeskouing gehandhaaf. Die mens kan uit homself verstaan en verklaar word. Die mens self is die bepaler van sy eie lot en hoef daarvoor aan niks en niemand verantwoording te doen nie.

Die gereformeerde pastoraat behels die bediening van die versoening (2 Korintiërs 5:19-20). Die onbeholpe sondaar mens moet met God versoen word deur die Middelaar Jesus Christus, die Seun van God.

Hoofstuk drie het die ontwikkeling van die moderne sekulêre psigologie ondersoek. Dit het duidelik geblyk dat die eerste introspektiewe psigoloog ook 'n kerkvader was. Vir hom was die oplossing vir die menslike dilemma by God te vinde. Die tydsgees het meegebring dat hierdie perspektief verander het. Die evolusieleer het 'n aantreklike alternatief vir die skepping geword. Die mens kon nou uit homself verklaar word.

Die geesteswetenskappe het gepoog om soos die natuurwetenskappe te funksioneer. Die sielkunde het hieruit ontwikkel. Verskillende skole (of paradigmas) het ontwikkel wat deurlopend in konflik met mekaar verkeer. Die wetenskaplikheid van die sielkunde of psigologie is verdag. Daar is aangetoon dat lewens- en wêreldsbeskouing bepaal watter skool die gunstigste oorweging by 'n individu sal geniet. Dit blyk meer 'n alternatiewe godsdiens te wees wat in geloof aanvaar moet word omdat geen skool of paradigma beter as die ander bewys is nie.

Sleutelfigure van twee skole, Sigmund Freud en John Watson, beskryf godsdiens as die skepping van mense. 'n Derde (Carl Rogers) ignoreer God eenvoudig. Die vierde (Carl Jung) het 'n plek vir God. Hierdie keer is dit egter werklik 'n god wat deur mense geskep word. Al hierdie persone, op die spoor van die humanisme, is oortuig dat die mens self sy heil kan uitwerk. Dit is ondanks die feit dat almal van hulle die Skrif geken het, maar nie wou buig voor die lewende God nie.

Hoofstuk vier het die moderne sekulêre psigologie en die gereformeerde pastoraat vergelyk op grond van die vyf solas van die reformatie. Die vergelyking het bewys dat daar geen versoenbaarheid moontlik is nie. Die twee strome het verskillende vertrekpunte, Godsbeskouings, mensbeskouings, metodes en doelwitte.

Hoofstuk vyf het 'n alternatief vir die psigologiese benaderings vir berading ondersoek. Die bevinding is dat die Heidelbergse Kategismus 'n alternatief bied en daar is aangetoon hoe dit hanteer kan word deur enkele riglyne daar te stel

6.3 Gevolgtrekking

Oorhoofs word tot die gevolgtrekking gekom dat die gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre psigologie inderdaad onversoenbaar is. Die vyandskap duur al sedert die reformatie. Die moderne psigologie op die spoor van die humanisme verabsoluteer die mens en stel sy vertroue horisontaal op die mens en die mens se vermoëns.

Vir die gereformeerde gelowige is sy enigste troos in lewe en in sterwe dat hy aan sy HERE Jesus Christus behoort en nie aan homself nie. Sy vertroue en ankerpunt is derhalwe buite homself. Die Heidelbergse Kategismus as troosboek kan dien as model/paradigma vir die gereformeerde pastoraat.

6.4 Aanbevelings.

1. Pastorale beraders sal moet besin oor die gebruik van die moderne sekulêre psigologie in hulle berading.
2. Die standpunte van Adams sal opnuut ernstig na gekyk moet word.
3. Die heelhuidse gebruik van die moderne sekulêre psigologie binne reformatoriese teologiese skole behoort in diepte ondersoek en heroorweeg te word met betrekking tot curricula.
4. Die “leer en lewe” van vaders van die moderne sekulêre psigologie soos in die studie aangetoon, behoort ‘n aanduiding te gee van die “valse wortels” van sekere sekulêre teorieë.

6.5 Voorgestelde terreine vir verdere navorsing.

1. ‘n Ondersoek na aspekte van die NGB wat as beradingslyne kan dien.
2. Die Dordtse Leerreëls se gebruik by die pastoraat.
3. Skriftuurlike hermeneuse as volledige plaasvervanger van enige vorm van moderne psigologie.
4. Die *Westminster Confession* as paradigma vir reformatoriese berading.
5. Uitdagings aan die gereformeerde pastoraat binne ‘n postmoderne konteks.

Bibliografie

ADAMS, J.E. 1979. More than redemption : a theology of Christian counseling. Grand Rapids, Michigan. : Baker House. 338p.

ALMAY, G. 2000. How Christian is Christian counselling? Wheaton, Ill. : Crossway books. 352 p.

BABKIN, B.P. 1971. Pavlov, a biography. [Chigaco] : University of Chigaco Press. 365 p.

BALOGH, P. 1971. Freud: a biographical introduction. London : Studio Vista. 144 p.

BOOYENS, M.J. 1980. Ons glo en bely : verklaring van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Potchefstroom : Calvyn-Jubileumboekefonds.

BOSMAN, J. 2002. Pastoraat aan die Afrika-mens. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling Th.M.) 371 p.

BRENNAN, J.F. 1991. History and systems of psychology. Englewood cliffs, NJ : Prentice-Hall. 354 p.

BYBEL. 1953. Die Bybel : dit is die ganse heilige skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CAPPS, D. 2001. Freud and Freudians on religion : a reader. New Haven : Yale University Press. 357 p.

COHEN, D. 1997. Carl Rogers: a critical biography. London : Constable. 253p.

COLLINS, G.R. 1977. The rebuilding of psychology : an integration of psychology and Christianity. Wheaton, Ill. : Tyndale House. 211 p.

COLLINS, G.R. 2000. An Integration view. (In Johnson, E.L. & Jones, S.L.,(eds) Psychology & Christianity: With contributions by Gary R. Collins ... [et al.] Downers Grove, ILL.: Intervarsity Press.p271.)

COLLINS, G.R. 1988. Christian Counseling : a comprehensive guide. Revised edition. Dallas : Word publishing. 711.p.

- COMBRINK, V. 1986. Skrifgebruik in pastoraat : Die standpunt van Jay E. Adams. Potchefstroom : PU vir CHO. (Reeks A, nr.59.) 147 p.
- COON, D. 1989. Introduction to Psychology : exploration and application. 5th ed. New York : West Publishing Company. 490p.
- COSTIGAN, G. 1967. Sigmund Freud: a short biography. London : Robert Hale. 306 p.
- CREELAN, P. 1985. Watson as mythmaker : the millenarian sources of Watsonian behaviorism. *Journal for the scientific study of religion*, 24(2):119-236.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1992 . Gids vir kerkgeskiedenis. Potchefstroom : Marnix. 245 p.
- DE BRUYN, P.J. 1998. Jou enigste troos : die Heidelbergse Kategismus vir die hedendaagse mens. Potchefstroom : PU vir CHO. 409 p.
- DE KLERK, W.J. 1975. Pastorale sensitiwiteit : fragmente uit die pastorale-psigologie . Johannesburg : Perskor. 122 p.
- DEMOREST, A. 2005. Psychology's grand theorists : how personal experiences shaped professional ideas. Mahwah, N.J. : Lawrence Erlbaum. 202 p.
- DOURLEY, J.P. 1987. A strategy for a loss of faith : Jung's proposal. Toronto, Canada : Inner City Books. 143 p.
- DU PLESSIS, J.v.Vuuren. 1980. Die Skriftuurlike grondslae van die kerklike pastoraal vanuit 'n eksegetiese en prinsipiële leerstelling met 'n verwysing na die problematiek van die pastorale psigologie. Bloemfontein : Universiteit van die Oranje Vrystaat. (Proefskrif –D.Phil.) 585 p.
- EDWARDS, D. & LOUW, D. 1998. Die sielkunde as wetenskap en professie. (*In Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., (reds.) Sielkunde : 'n inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg : Heinemann. p. 3-56.*)
- EDWARDS, D. 1998. Persoonlikheid. (*In Louw, D.A. & Edwards, D.J.A.,(reds) Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg: Heinemannp. P. 513-570.*)

- ELLENBERGER, H.F. 1992. Carl Gustav Jung : his historical setting. (*In* Papadopoulos, R.K., *ed.* Carl Gustav Jung : critical assessments. London : Routledge. v.1, p. 143-150.)
- EYSENCK, H.J. 1985. Decline and fall of the Freudian empire. Harmondsworth, Middlesex : Penguin Books. 381 p.
- FANCHER, R.E. 1979. Pioneers of psychology. 1st ed. New York : Norton. 397 p.
- FEENSTRA, J.G. 1950. De Dordtse Leerregelen. 2e veran. dr. Kampen : Kok. 254 p.
- FREUD, S. 1961. Totem and taboo : Some points of agreement between the mental lives of savages and neurotics by Sigmund Freud. Authorised tr. by James Strachey. London : Routledge & Paul. 172 p.
- FREUD, S. 1963. Psycho-analysis and faith : the letters of Sigmund Freud & Oskar Pfister. London : Hogarth Press. 152 p.
- FREUD, S. 1967. Moses and monotheism / translated from the German by Katherine Jones. New York : Vintage. 178 p.
- GANTT, W.H. 1941. Ivan P. Pavlov : a biographical sketch. (*In* Pavlov, I.P. *et al.* Lectures on conditioned reflexes. New York : International Publishers. p.11-32.)
- GLYNN, P. 1999. God, the evidence : the reconciliation of faith and reason in a postsecular world. Roseville, Calif. : Crown Publishing Group. 216 p.
- HAT: Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 2000. Odendaal, F.F & Gouws, R.H. (reds). 4de uitg. Halfwayhouse : Perskor. 1386p.
- HANEKOM, T.N. 1951. Die liberale rigting in Suid-Afrika, 'n kerk-historiese studie. Deel 1. Stellenbosch : Christen studente verenigingmaatskappy in SA. 516 p .
- HEARNshaw, L.S. 1989. The shaping of modern psychology. London : Routledge. 423 p.
- HEITINK, G. 1979. Pastoraat als hulpverlening : inleiding in de pastorale theologie en psychologie. Kampen : J.H. Kok. 412 p.

- HENNING, O.A. 1997. Grondslae vir Christelik gefundeerde onderwys, met verwysing na die vakdidaktiese terrein van die onderwyspraktik. (In Stoker, P.H. & Gerber, J.M. (reds.) Voed hulle op : grondslae vir Bybelgefundeerde primêre en sekondêre volkseie skoolonderwys. VCHO-studiestuk nr. 9. Bloemfontein : VCHO. p. 140-146.)
- HEYNS, J.A. 1969. Sterwende Christendom? : 'n Teologie in die greep van die tydgees. Kaapstad : Tafelberg. 184 p.
- HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1977. Op weg met die teologie. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. 313 p.
- HEYTEK, P.H. 1983. Die verhouding pastoraal en tug: 'n diakonologiese studie. Potchefstroom : Verhandeling (ThM). PU vir CHO. 149p.
- HOEKSEMA, H. 1990. The triple knowledge : an exposition of the Heidelberg Catechism. Vol. 1. Grand Rapids, Michigan : Reformed Free Publishing Association. 698 p.
- HOWARD, A. 2000. Philosophy for counseling and psychotherapy : Pythagoras to postmodernism. Houndmills, Basingstoke : Palgrave. 380 p.
- JOHNSON, E.L. & STANTON, C.J. 2000. Psychology & Christianity : with contributions by Gary R. Collins. Dovers Grove, Ill.: Intervarsity Press. 271p.
- JONES, J.W. 1996. Religion and psychology in transition : psychoanalysis, feminism, and theology. New Haven, Conn. : Yale University Press. 164 p.
- JONKER, W.D. 1994. Bevrydende waarheid : die karakter van die gereformeerde belydenis. Wellington : Hugenote-Uitgewers. 183 p.
- JORDAAN, W.J. & JORDAAN, J.J. 1992. Mens in konteks. 2de uitg. Isando : Lexicon. 886 p.
- JUNG, C.G. 1949. Modern man in search of a soul / translated by W.S. Dell and Cary F. Baynes. London : Routledge & Paul. 282 p.
- JUNG, C.G. 1953. Two essays on analytical psychology / translated by R.F.C. Hull. London : Routledge & Paul. 329 p.

- JUNG, C.G. 1954. The practice of psychotherapy : essays on the psychology of the transference and other subjects. London : Routhledge & Paul. 368 p.
- JUNG, C.G. 1977. Memories, dreams, reflections / recorded and edited by Aniela Jaffe ; translated from the German by Richard and Clara Winston. Flamingo ed. London : Fontana. 448 p.
- KARASU, T. B. 2005. Psychoanalysis and psychoanalytical psychotherapy. (In Kaplan, H.I. & Sadock, B.J., (eds) Comprehensive textbook of psychiatry 8th ed. Philadelphia : Lippincott Williams&Wilkins. Vol.2.p.2472 – 2583.)
- KIRSCHENBAUM, H. 1979. On becoming Carl Rogers. New York. Delacorte press. 444 p.
- KOTZE, G.J. 1971. Die antropologiese onderbou van die gereformeerde pastoraat met spesiale verwysing na die client-centered Amerikaanse pastoraat. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif Ph.D) 315 p.
- KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J. & DE V.PIENAAR, P. 1972. Verklarende Afrikaanse Woordeboek. 4de uitg. Pretoria.J.L.Van Schaik. 1271 p.
- KRUGER, S.F. 1993. Die pastorale bediening aan die selfgesentreerde gelowige. Potchefstroom.: PU vir CHO. (Verhandeling Th.M.) 320 p.
- LABUSCHAGNE, J.P. 1991. Die humanistiese mensbeeld. *Hervormde Teologiese Studies*, 47(2): 400-414, Jun.
- LAMBERIGTS, M. 2003. Augustine. (In Van Huyssteen, W. , ed. Encyclopedia of science and religion. New York : Macmillan Reference USA. p.43-45.)
- LOTTER, G.A. 2001. The “reformation” of counselling. *In die Skriflig*, 35 (2): 317-329.
- MASLOW, A.H. 1973. The farther reaches of human nature. Harmondsworth, Middlesex : Penguin. 144 p.
- MCKIM, D.K. ed. 2004. The Cambridge companion to John Calvin. Cambridge, U.K. ; New York : Cambridge University Press. 352 p.

- MEETER, H.H. 1957. Het Calvinisme : zijn theologiese en staatkundige grondgedachten. Kampen : Kok. 173 p.
- MEYER, W. & MOORE, C. 2002. Behavioral and learning theory approaches. (In Meyer, W.F.; Moore, C. & Viljoen, H.G. (eds.) Personology : from individual to ecosystem. 3rd ed. Sandton, SA : Heinemann. p. 248-320.)
- MEYER, W.F. & VAN EEDE, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. (In Louw, D.A.; Van Eede, D.M. & Louw, A.E. (reds.) Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad : Kagiso Tersiër. P. 43-98.)
- MEYER, W.F. & VILJOEN, H.G. 2002. The psychoanalytical theory of Sigmund Freud (1856 – 1939). (In Meyer, W.F.; Moore, C. & Viljoen, H.G., (eds.) Personology : from individual to ecosystem. 3 rd ed. Sandton, SA : Heinemann.p.49 – 91.)
- MEYER, W.F., MOORE, C. & VILJOEN, H.G. 1988. Persoonlikheidsteorieë : Freud tot Frankl. Johannesburg : Lexicon uitgewers. 492 p.
- MINNIE, F.G. 2001. Pastorale berading aan die stresleier in die S.A.P.D. Potchefstroom.: PU vir CHO. (Verhandeling: M.A. in die Fakulteit Teologie)
- 144 p.
- MOSS, D. 2001. The roots and genealogy of humanistic psychology. (In The handbook of Humanistic Psychology: Leading edges in theory, practise. Schneider, K.J. Bugental, J.F.T. & Pierson, J.F. editors. London. Sage publications. P. 5-20.)
- MULLER, B.A. 1981. Skrifgebruik in die pastoraat. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. 48 p. (Stellenbosse Teologiese Studies, nr.8)
- NYE, R.D. 2000. Three psychologies : perspectives from Freud, Skinner, and Rogers. 6 th ed. Pacific Grove, C.A. : Brooks/Cole. 181 p.
- ODENDAAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2000. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 4de uitg. Midrand : Perskor uitgewers. 1387 p.
- PALMER, M.F. 1997. Freud and Jung on religion. London : Routledge. 238 p.
- PARROT, L. 2003. Counseling and psychotherapy. 2nd ed. Pacific Grove,CA : Thomson/Brooks/Cole. 445 p.

- PAVLOV, I. P. 1928. Preface to the first Russian edition. (*In Pavlov, I.P. et al. Lectures on conditioned reflexes. New York : International Publishers. p.37-43.*)
- PELLISSIER, G.M. 1937. Die godsdiens as illusie volgens Freud. Pretoria : Universiteit van Pretoria. 20 p.
- PLUTCHIK, R. 2003. Emotions and life : perspectives from psychology, biology and evolution. Washington D.C. : American Psychological Association. 381 p.
- PRELLER, 1971. Die geskiedenis van die psigologie. Pretoria : Van Schaik. 60 p.
- PSALMS. 1976. Die berymde psalms in gebruik by die drie Afrikaanse kerke, t.w. die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika, en skrifberyminge in gebruik by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.
- RAAD VOOR DE HERDERLIJKE ZORG. 1974. Pastoraat : Waarvoor? Waartoe? 's-Gravenhage : Boekencentrum. 64 p.
- REYMOND, R.L. 1998. A new systematic theology of the Christian faith. Nashville : T. Nelson. 1210 p.
- ROGERS, C.R. 1961. On becoming a person. Boston. Houghton Mifflin Company. 420 p.
- ROUX, A.S. 1972. Inleiding. (*In Preller, A.C.N. Die geskiedenis van die psigologie. Pretoria : J.L.Van Schaik . p.1-6.*)
- RUSHDOONY, R.J. 1998. The foundations of social order : studies in the creeds and councils of the early church. 3rd ed. Vallecito, California : Ross House Books. 197 p.
- RYCKMAN, R.M. 1993. Theories of personality. 5th ed. Pacific Grove, Calif. : Brooks/Cole. 613 p.

- SAVORY, T.H., JOSELIN, F. & WALTON, J. 1947. Seven biologists : Aristotle, Linnaeus, Lamarck, Cuvier, Mendel, Darwin, Pavlov. London : Oxford University Press. 89 p.
- SCHAEFFER, F.A. 1995. How should we then live? 16th printing. Wheaton.Ill.: Crossway Books. 287 p.
- SCHULTZ, D.P. 1975. A history of modern psychology. New York : Academic Press. 395 p.
- SCHULZE, L.F. 1991. Ons glo met die hart. Orkney : E.F.J.S. 60 p.
- SPANGENBERG, J. 1998. Leer. (*In Louw, D.A. & Edwards, D.J.A., (reds.) Sielkunde : 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika. 2de uitg. Johannesburg ; Heinemann. p.211 -256.*)
- SPOELSTRA, B. 1991. Die sogenaamde kategismuspreek – vanwaar, waarom en hoe? *In die Skriflig*, 25(3) : 63-382.
- STEELE, D.N. , THOMAS, C.C. & QUINN, S.L. 2004. The five points of Calvinism : defined, defended, and documented. 2nd ed. New Jersey : P&R Publishing. 247 p.
- STEPANSKY, P.E. 1992. The empiricist as rebel : Jung, Freud, and the burdens of discipleship. (*In Papadopoulos, R.K., ed. Carl Gustav Jung : critical assessments. London : Routledge. vol. 1, p. 169-199.*)
- STERNBERG, R.J. 2004. Psychology. 4th ed. Belmont, CA : Thomson/Wadsworth. 666 p.
- STOKER, P.H. 1930. Die kriesis in die teenswoordige sielkunde. Pretoria : Van Schaik. 35 p.
- STORR, A. 1973. Jung. London : Fontana. 123 p.
- STRAUSS, H.J. 1953. Christelike wetenskap : roeping en stryd. Bloemfontein : Sacum. 100 p.
- THORNE, B. 1992. Carl Rogers. London. SAGE Publications. 118 p.
- THORNTON, E.M. 1986. The Freudian fallacy : Freud and cocaine. London :

Paladin. 351 p.

VAN DER SCHYFF, S.P. 1998. Herderlike bediening aan die kind uit 'n egskeidingsgesin. (Verhandeling - M.Th.) 134 p.

VAN DER WAAL, C. 1973 . Die Dordse leereëls verdor nie : die vyf artikels teen die Remonstrante. Johannesburg : De Jong. 134 p.

VAN DER WALT, J.J. 1978. God se Woord die moderne antwoord. *In die Skriflig*, 46 : 31-39, Jun.

VAN DER WALT, S.P. 1957. Die wysbegeerte van dr. Herman Bavinck. Potchefstroom : Pro Rege Pers. 196 p. (Tesis (Ph.D.) – Universiteit van Suid Afrika)

VAN DER WALT, T. 1984. Voorwoord van die rektor, PU vir CHO. (*In* Calvyn, J. Institusie van die Christelike godsdiens. Deel 1. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds. p. i –ii.)

VAN GENDEREN, J. & VAN'T SPIJKER, W. 1994. Luisteren en leren : jubileumboek van de Theologische Universiteit van de Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland, 1894-1994. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn. 278 p.

VAN WYK, J.H. 1995. Die relevansie van die gereformeerde teologie vir vandag. *In die Skriflig*, 29(1/2) : 214-268.

VAN WYK, J.H. 2005. Die gereformeerde-wees van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 39(1) : 175-192.

VAN'T ZAND, D. 1985. Die amp van die gelowige in gemeente-opbou. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie –Th.B) 52 p.

VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde : 'n pastorale studie in die lig van die pastorale briewe. Potchefstroom : Pro Rege. 300 p.

VENTER, C.J.H. 1991. "Jou enigste troos": Pastorale perspektiewe en motiewe uit die Heidelbergse Kategismus. *In die Skriflig*, 25(1):47-69.

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handeling in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria:RGN. 145 p.

VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading : enkele snitte uit die Skrif en die praktiese implikasies daarvan. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – MA Praktiese Teologie) 140 p.

VILJOEN, H.G. 2002. Historical overview of psychological thinking. (*In* Meyer, W.F.; Moore, C. & Viljoen, H.G. (eds) *Personology : from individual to ecosystem*. 3rd ed. Santon, SA : Heinemann. P.23-47.)

WATSON, J.B. 1930 . Behaviorism. New York : Norton. 308 p.

WATSON, J.B. & MacDOUGALL, W. 1929. The Battle of behaviorism : an exposition and an exposure. New York, N.Y. : Norton. 96 p.

WEBSTER, R. 1995. Why Freud was wrong : sin, science, and psychoanalysis. New York, NY : Basic Books. 673 p.

WGHB RADIO. 1998. People and discoveries : John Watson 1878-1958. [Web:] <http://www.pbs.org/wgbh/aso/databank/entries/bhwats.html> [Datum van gebruik : 3 Aug. 2005].